

**Die vertaling van die Bybels-Hebreeuse
kommunikasieleidraad *hinneh* in Afrikaanse vertalings:
'n Verkennende studie**

Ydalene Coetsee

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes
vir die graad van Magister Philosophiae in Vertaling
aan die Universiteit Stellenbosch



Studieleier: Prof. C.H.J. van der Merwe

Desember 2009

Verklaring

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum:

Opsomming

Vorige Bybelvertalings het soms in die verlede gely onder onvoldoende vertaalkundige en taalkundige beskrywing wat vertaalkeuses bemoeilik het. Deesdae bring die ontwikkeling van vertaalkunde en die beter beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika egter mee dat meer wetenskaplik begronde vertaalkeuses konsekwent uitgeoefen en gemotiveer kan word.

Hierdie studie neem as uitgangpunt vir toekomstige Bybelvertaling die vertaalmodel van Gutt se direkte en indirekte strategieë binne die paradigma van Nord se funksionalistiese benadering. Volgens Gutt kan eerstegenerasielesers baat vind by 'n indirekte vertaling terwyl ernstige Bybelstudente verkies om self relevante afleidings uit brontekste te maak. Daarvoor moet vertalers alle kommunikasieleidrade moontlik uit die brontekste verskaf om doellesers te help om gepaste interpretasies te maak.

Ná 'n historiese oorsig oor 'n aantal Bybelvertalings word Afrikaanse vertalings onder die loep geneem om te ondersoek of vorige (soms veronderstelde) teoretiese vertaalbenaderings die gewenste wetenskaplike begroning verskaf het om te verseker dat konsekwente vertaalkeuses gemaak is. Aandag word ook gegee aan die invloed van Nida se dinamies-funksionele vertaalstrategie op Afrikaanse Bybelvertalings.

Die hipotese dat die vertaalteorie en die beskrywing van Bybels-Hebreeuse taalkunde nie genoegsame teoretiese begroning verskaf het vir vorige vertalers om konsekwente keuses uit te oefen nie, word voorts getoets deur 'n verkennende studie van die kommunikasieleidraad *hinneh* in drie Afrikaanse Bybelvertalings. Gutt se benadering vereis dat alle kommunikasieleidrade vertaal behoort te word in die geval van direkte vertalings. Daarom is 'n grondige kennis van die mees onlangse vertaalteorie asook voldoende beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika noodsaaklik. Nord se voorstel vir noue samewerking tussen vertaalkundiges en brontaalkundiges vir Bybelvertaling is met hierdie studie proefondervindelik bewys.

Na aanleiding van die bevindings van hierdie studie word voorstelle gemaak waarvolgens *hinneh* as eksemplaries van ander ingewikkelde kommunikasieleidrade hanteer kan word in toekomstige vertalings van die Bybel in Afrikaans.

Abstract

In the past, Bible translations sometimes suffered from inadequate theoretical and grammatical description, which interfered with consistent translation choices. Nowadays, however, development of translation theory and improved description of Biblical Hebrew cause more scientifically motivated translation options to be generated in a more consistent way.

This study has as its point of departure for future Bible translations the translation model of Gutt's direct and indirect strategies within the paradigm of Nord's functionalist approach. According to Gutt first generation Bible readers can make use of indirect translations while serious Bible students prefer to come to their own conclusions about source texts. For that reason translators should provide all possible communicative clues from source texts to enable target readers to reach appropriate interpretations about its underlying message.

Following an overview of a sample of previous Bible translations, three Afrikaans translations are discussed to examine whether previous translation approaches (sometimes assumed) have supplied an adequate theoretical basis for ensuring consistent translation choices. Nida's influential dynamic-functional approach is discussed next.

My hypothesis that past translation theory and the description of Biblical Hebrew grammar were not adequate to provide motivation for consistent translation options, is then tested during a comparative study of the translation of the communicative clue *hinneh* in three previous Afrikaans Bible translations. Gutt's requirement for direct Bible translations, that all communicative clues should be translated, presupposes insight into translation theory and close co-operation between a Biblical-Hebrew and a translation expert. This requirement was tested and proved during this study.

In accordance with the findings of this study recommendations are made to demonstrate some ways in which *hinneh* as example of other complicated communicative clues can be treated in future Afrikaans Bible translations.

Dankbetuigings

Ek wil graag die volgende persone en instansie bedank wat my gehelp het om my studie te voltooi:

- God vir die vermoë en die geleentheid;
- my studieleier, prof. Christo van der Merwe, vir sy leiding en geduld;
- my man, Jaco, en my kinders;
- my vriendin, Thea Brink, vir haar ondersteuning; en
- die Nasionale Navorsingstigting wat 'n beurs aan my toegeken het.

VERKLARING VAN AFKORTINGS

BH “Biblical Hebrew”; Bybelse Hebreeus

BSA Bybelgenootskap van Suid-Afrika

NIV *New International Version*

NJPS *New Jewish Publication Society*

NLV *Nuwe Lewende Vertaling* (2006)

NS naamwoordstuk

NV *Nuwe* (1983-) *vertaling* van die Bybel in Afrikaans

OV *Ou* (1933-) *vertaling* van die Bybel in Afrikaans

VS voorsetselstuk

ww. werkwoord

Inhoud

Hoofstuk 1:.....	1
Inleiding	1
1.1 Navorsingsontwerp.....	1
1.1.1 Rasionaal.....	1
1.1.2 Probleemstelling	3
1.1.3 Hipotese	4
1.1.4 Metodologie	5
1.2 Oorsig oor studie	6
Hoofstuk 2:.....	7
Ontwikkeling van teoretiese begroning vir Bybelvertaling.....	7
2.1 Inleiding	7
2.2 Vroeë vertalings	8
2.2.1 Die Targoems.....	9
2.2.2 Die Septuagint.....	10
2.2.3 Die Vulgaat	10
2.2.4 Luther se Duitse vertaling.....	11
2.2.5 Eerste Engelse vertalings	12
2.2.6 Konkordante vertalings.....	13
2.3 Die Bybel in Afrikaans.....	14
2.4 Die invloed van Eugene Nida.....	16
2.4.1 Evangelisasie as vertaaldoel	17
2.4.2 Die kodemodel van kommunikasie.....	17
2.4.3 Chomsky se Transformele Grammatika	18
2.4.4 Dinamiese ekwivalensie.....	19
2.4.5 Funksionele ekwivalensie	21
2.4.6 Kritiek op Nida	22
2.5 Die invloed van Vermeer en Nord	24
2.5.1 Die handelingsteorie	25
2.5.2 Die <i>skopos</i> -teorie	26
2.5.3 Funksie van die doelteks.....	27
2.5.4 Funksie van die vertaalopdrag	28
2.5.5 Die term "funksionalisme"	28
2.5.6 Dokumentêr en instrumenteel.....	29
2.5.7 Eksotiserende vertalings	30
2.5.8 Die term "lojaliteit"	31
2.5.9 'n Voorbeeld van dokumentêr-eksotiserend	32
2.5.10 Samevatting.....	33
2.6 Die invloed van die Relevansieteorie op Bybelvertaling.....	33
2.6.1 Die invloed van Sperber en Wilson	34
2.6.2 Die invloed van Gutt.....	34
2.6.3 Aspekte van relevansie	36
2.6.4 Hindernisse vir kommunikasie	37
2.6.5 Direkte en indirekte vertaling	38
2.6.6 Kommunikasieleidrade	39
2.6.7 Verskille tussen die <i>skopos</i> -teorie en Gutt se toepassing van die relevansieteorie	41

2.7	Gevolgtrekking van literatuurstudie.....	42
Hoofstuk 3:.....		
	Die funksie van <i>hinneh</i> as kommunikasieleidraad in die bron- en doelt tekste.....	44
3.1	Inleiding	44
3.2	Klassifikasie van <i>hinneh</i> in die verlede.....	46
3.2.1	Vorige studies oor <i>hinneh</i>	46
3.2.2	Is <i>hinneh</i> ’n leksikale, semantiese of strukturele partikel?	47
3.2.3	Is <i>hinneh</i> ’n diskoersmerker of -partikel?	49
3.2.4	<i>hinneh</i> as kommunikasieleidraad.....	54
3.2.5	Polisemiese verhoudings van <i>hinneh</i>	56
3.3	Van der Merwe en Naudé se bevindings.....	57
3.3.1	<i>hinneh</i> (en soms <i>wehinneh</i>) in (meestal) gesproke gedeeltes	58
3.3.2	Waarneming + <i>wehinneh</i> hoofsaaklik in narratiewe + gebeurtenis of stand van sake wat op hande is	66
3.3.3	Vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste	67
3.4	Gevolgtrekking.....	68
Hoofstuk 4:.....		
	Empiriese studie.....	69
4.1	Inleiding	69
4.2	Vertaalopdragte van Afrikaanse Bybelvertalings	72
4.2.1	<i>Ou Vertaling</i> (OV)	73
4.2.2	<i>Die 1953-hersiening</i>	74
4.2.3	<i>Die 1983-vertaling</i> (NV)	75
4.2.4	Ander vertalings.....	78
4.2.5	<i>Nuwe Lewende Vertaling</i> (NLV 2006)	79
4.2.6	<i>Nuwe Afrikaanse Vertaling</i> (Proefvertaling 2008)	80
4.3	Die hantering van <i>hinneh</i> in vorige Afrikaanse vertalings.....	81
4.3.1	<i>hinneh</i> (en soms <i>wehinneh</i>) in (meestal) gesproke gedeeltes	82
4.3.2	Waarneming + <i>wehinneh</i> hoofsaaklik in narratiewe + gebeurtenis of stand van sake wat op hande is	104
4.3.3	Vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste	111
4.4	Opsomming van empiriese studie	113
4.5	Voorstelle vir die vertaling van (<i>we</i>) <i>hinneh</i> in die toekoms	115
4.5.1	<i>hinneh</i> en soms <i>wehinneh</i> in (meestal) gesproke gedeeltes	116
4.5.2	Waarneming + <i>wehinneh</i> in hoofsaaklik narratiewe + gebeurtenis of stand van sake wat op hande is	123
4.5.3	Vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste	124
4.6	Gevolgtrekking van die hoofstuk	124
Hoofstuk 5:.....		
	Samevatting en toekomsvisie.....	127
Bronnelys		
		130

Lys van Tabele

Tabel 4:1 <i>hinneh</i> as antwoord op roep	87
Tabel 4:2 Skenk aandag aan spesifieke entiteit	89
Tabel 4:3 Die vertaling van <i>hinneh</i> Kategorie 4.3.1.2.1	92
Tabel 4:4 <i>hinneh</i> as merker van kognitiewe nabyheid Kategorie 4.3.1.3	98
Tabel 4:5 Die vertaling van <i>hinneh</i> as diskoersfunksie Kategorie 4.3.2.4	102
Tabel 4:6 <i>wehinneh</i> + gevolg van waarneming	107
Tabel 4:7 <i>(we)hinneh</i> na beweging + gevolg van waarneming	110
Tabel 4:8 Die vertaling van <i>(we)hinneh</i> in Genesis, Psalms en Jesaja	113

Hoofstuk 1:

Inleiding

Daar word tans gewerk aan 'n nuwe Bybelvertaling in Afrikaans. Aangesien dit een is wat grootliks uit ontwikkeling op die gebied van vertaalkunde, die beskrywing van die brontekste en die samewerking tussen grammatici en vertalers kan voordeel trek, poog hierdie studie om 'n bydrae te lewer tot die manier waarop kommunikasieleidrade in die antieke brontekste op so 'n manier vertaal kan word dat optimale verstaan daarvan verseker word.

In hierdie eerste hoofstuk word die navorsingsontwerp uiteengesit en 'n kort oorsig gegee van hoofstuk 2 tot 5.

1.1 Navorsingsontwerp

1.1.1 *Rasionaal*

Bybelvertaling regoor die wêreld is die dertig jaar voor die eeuwending oorheers deur die invloed van Eugene Nida, wat die funksioneel-ekwivalente benadering gepropageer het in 'n poging om Bybelvertalings makliker verstaanbaar vir eerstegenerasielezers¹ te maak. Aanvanklik is hierdie benadering dinamiese ekwivalensie genoem. Kritiek daarop word as volg deur Majola en Wendland (2003:9) verwoord: "A number of interpreters and readers understood it as emphasizing the psychological impact of a translation and diminishing the importance of fidelity to the source text". Doellesergerigheid, soos deur Nida voorgestaan, is vir Bybelvertaling problematies omdat die gesag van Bybelvertaling vir baie lesers van brontekstgerigheid afhang.

Aan die basis van Nida se benadering was die kodemodel van kommunikasie wat ten doel het om suksesvolle kommunikasie te verseker deur die herkodering van die

¹ Vir die doel van hierdie studie word onderskei tussen eerstegenerasielezers wat min indien enige voorkennis van Bybels-kulturele gebruike het en tweedegenerasielezers wat opgroei met kennis daarvan en dus nie addisionele verduideliking benodig nie.

betekenis van sinne in die doeltaal. Kritiek teen hierdie benadering het ingesluit dat vertalers soms te ver van die brontekste beweeg het in 'n poging om kommunikasie optimaal verstaanbaar vir lesers sonder enige kennis van die bronkulture te maak. Sodoende is die Bybel as ingewikkelde, antieke teks volgens sommige kritici (Carson 1993:58) te veel vereenvoudig — selfs waar die bronteks onduidelik was.

Ernstige Bybellesers het egter behoefte aan meer brontaalgetroue vertalings, alhoewel dit meer inspanning van hulle vereis om 'n teks wat temporeel en kultureel ver van hulle verwyder is, te verstaan. Die vreemdheid van die Bybelse tyd en kultuur hoef vir hulle dus nie verinheems te word nie, omdat hulle juis 'n behoefte het om die Bybel as andersoortige, antieke teks te bestudeer.

As korrekatief op Nida se funksioneel-ekwivalente benadering kan gesien word die funksionalistiese benadering tot vertaling as uitvloeisel van die *skopos*-teorie, deur Katharina Reiss en Hans Vermeer gepropageer, en deur Christiane Nord verder vir Bybelvertaling ontwikkel. Volgens Nord bepaal die *skopos* (die doel) van die vertaling die vertaalstrategie. Indien die Bybel verskillende funksies vir verskillende soorte doellesers moet vervul, sal dit verskillende vertaalstrategieë vereis. Voorheen het die ekwivalensiebeginsel tussen bron- en doelteks, wat deur verskillende fases gegaan het, onder andere beteken: “The effect the translation has on its readers should be the same as the one the source text has or had on its readers” (Wilt 2003:14). Vir Bybelvertaling is bogenoemde problematies vanweë die onmeetbaarheid van hierdie effek. Nord het egter voorgestel dat pogings aangewend moet word om die kommunikasie-intensies van bronteksskrywers vas te stel deur 'n deeglike analise van die “*intratextual function markers*” (ibid.:16, klem in aanhaling).

Intussen is die kodemodel van kommunikasie deur onder andere die inferensiemodel vervang. Sperber en Wilson het dié kommunikasiemodel pragmaties uitgewerk om die relevansieteorie te ontwikkel. Gutt het hierdie teorie vir Bybelvertaling aangepas deur eerstens te sê dat Bybelvertaling 'n ingewikkelde vorm van sekondêre kommunikasie is. Volgens hom kan 'n mens in hierdie tipe kommunikasie onderskei tussen direkte (of stimulus-gebaseerde) en indirekte (of interpretasie-gebaseerde) vertalings. Die terms “direkte” en “indirekte” vertalings is dus ontleen aan die onderskeiding tussen direkte en indirekte rede. Hy het dit egter nie as sy taak gesien

om praktiese voorstelle te maak om vertalers te help nie. Kommunikasieleidrade wat volgens hom in die brontekste verskuil is, moet vir direkte vertalings (soos vir ernstige Bybelstudente) almal vir die doellesers vertaal word en vir indirekte vertalings (soos vir eerstegenerasieleesers) slegs dié wat vir hulle relevant is. Van 'n direkte vertaling skryf hy soos volg: "... by preserving all the communicative clues of the original, such translation would make it possible for the receptors to arrive at the intended interpretation of the original, provided they used the contextual assumptions envisaged by the original author" (Gutt 1991:128). Alhoewel laasgenoemde vereiste vir Bybelvertaling onmoontlik is, kan die verdiskontering van soveel kommunikasieleidrade moontlik die behoefte aan 'n meer bronteksgerigte vertaling vervul. Volgens die funksionalistiese benadering is dit ook heeltemal moontlik om verskillende soorte Bybelvertalings vir verskillende soorte lesers daar te stel. Die indirekte metode kan byvoorbeeld vir Bybels vir kinders, Bybels vir dowes, asook Bybels vir eerstegenerasieleesers gebruik word, terwyl die direkte vertaalmetode vir ernstige Bybelstudente toegepas kan word.

1.1.2 Probleemstelling

Een van die probleme van brontaalgerigte Bybelvertalings (direk en indirek) is dat die grammatika en woordeboeke van die brontale tydens vorige vertalings nog nie genoegsaam beskryf was nie, sodat vertalers soms nie kommunikasieleidrade kon verstaan of reg interpreteer nie. Die gesag van sommige Bybelvertalings het dus die gevaar geloop om bevraagteken te word bloot omdat Hebreuse of Griekse taalkenners nie 'n groot genoeg rol in die vertaalproses gespeel het nie. In Suid-Afrika is die Bybelgenootskap tans ook nie meer soos in die verlede die enigste instansie wat op versoek van kerke Bybels vertaal nie, en sonder sy kwaliteitskontrole kan vertalings moontlik gepubliseer word waarin kommersiële oorwegings 'n groter rol speel as die akademiese integriteit van die eindproduk.

Die kwaliteitskontrole van vertalings kan op drie maniere aangepak word: bronteksgeoriënteer (met die fokus op ekwivalensie), doelteksgeoriënteer (fokus op teksanalise) of die effek van die doelteks op die opdraggewer of lesers. Nida se benadering sou volgens die derde manier beoordeel kon word. In hierdie studie word

van die standpunt uitgegaan dat 'n direkte vertaling nie slegs doellesergeoriënteer kan wees nie, maar dat dit baie hoë eise stel aan die brontaalkennis van die vertalers, en samewerking tussen vertalers en brontaalkundiges. Alle kommunikasieleidrade in die brontekste moet korrek verstaan en vertaal word om getrouheid aan die brontekste te bewerkstellig en gesag aan die vertaling te verleen.

Selfs al sou brontaalgrammatici die kommunikasieleidrade in die brontale verstaan, is dit egter soms steeds nie duidelik hoe dit vertaal behoort te word nie. Een partikel in die brontaal kan soms ook 'n hele aantal verskillende funksies vervul wat op verskillende maniere in die doeltaal verdiskonteer moet word. Sommige van hierdie probleme word deesdae ondervang deur noue samewerking tussen brontaalkenners en vertaalkundiges. Die beskrywing van funksionele kategorieë word deur die brontaalkenner hanteer en die vertaalkundige verdiskonteer hierdie funksies deur verskillende vertaalopsies op grond van 'n teoretiese benadering.

My probleemstelling lui dus soos volg: Op watter maniere kan die kommunikasieleidraad *hinneh* in Afrikaans op 'n wetenskaplik verantwoordbare manier vertaal word sodat aan die vereistes van 'n direkte Bybelvertaling voldoen word? Bogenoemde vraag kan ook van toepassing gemaak word op ander Bybels-Hebreeuse kommunikasieleidrade wat tevore nie goed beskryf is nie.

1.1.3 Hipotese

Kommunikasieleidrade soos die Bybels-Hebreeuse partikel *hinneh* is in vorige vertalings van die Bybel in Afrikaans inkonsekwent hanteer, soms weens inkonsekwente toepassing van vertaalteoretiese insigte² en soms weens gebrekkige beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika. 'n Voorveronderstelling van hierdie studie is dat 'n vergelykende studie van die vertaling van *hinneh* in drie bestaande Afrikaanse vertalings die erns van die probleem sal illustreer, maar ook moontlike vertaalopsies vir toekomstige vertalings sal bied.

² Die impetus vir hierdie onderafdeling van die hipotese is Van der Merwe (2007a) se resensie van die *Nuwe Lewende Vertaling* (2006).

1.1.4 Metodologie

Om my hipotese te toets dat kommunikasieleidrade soos *hinneh* in vorige Afrikaanse Bybelvertalings inkonsekwent hanteer is weens gebrekkige toepassing van vertaalteorie en gebrekkige beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika, gaan ek die volgende metodes volg: Eerstens, bepaal wat die teoretiese onderbou, indien eksplisiet, van vorige vertalings was (met ander woorde: Is daar konsekwent volgens ’n teoretiese benadering wat vir alle kommunikasieleidrade kan geld, gewerk? — as deel van die literatuuroorsig in hoofstuk 2); tweedens, bepaal op watter maniere Bybels-Hebreeuse grammatici *hinneh* gekategoriseer het om vertaling meer konsekwent toe te pas (Was die beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika genoegsaam om vertalers te help? — in hoofstuk 3); derdens, onderneem ’n vergelykende studie van die vertaalmoontlikhede van *hinneh* in vorige Afrikaanse vertalings (in hoofstuk 4); en vierdens, maak aanbevelings vir die hantering van kommunikasieleidrade soos *hinneh* vir toekomstige vertalings (§ 4.5).

Hierdie studie kan as empiries gesien word aangesien Ou Testamentiese voorbeelde van die gebruik van die kommunikasieleidraad (*we)hinneh*³ in drie vorige Afrikaanse Bybelvertalings vergelyk word. Die navorsing kan verder gesien word as beskrywend aangesien vertaalvoorbeelde uit die afbakening beskryf, getipeer en bespreek word en voorstelle vir toekomstige vertalings daarna aan die hand gedoen en gemotiveer word. Die ondersoek het ’n verteenwoordigende korpus van die voorbeelde van (*we)hinneh* in Genesis, Psalms en Jesaja ingesluit. Soos Nord voorskryf, is dié vertaalstudie in samewerking met ’n Bybels-Hebreeuse grammatikus, prof. C.H.J. van der Merwe, aangepak.

Die werkswyse van die vertaalkundige en die hebraïkus vir die doel van hierdie studie was die bespreking van kategorieë soos deur Van der Merwe en Naudé onderskei, die beskikbaarstelling van rekenaarprogramme om ’n vergelykende studie moontlik te maak, asook ongepubliseerde voordragte en die werksdokument waarin die kategorieë

³ Die beskrywing van *hinneh* in Bybelse Hebreeus sluit die voegwoord “en” + *hinneh* (=wehinneh) in.

van die gebruik van *(we)hinneh* bespreek word. Aangesien die vertaalkundige nie Bybelse Hebreeus magtig is nie, moes 'n hele aantal vrae oor die Engelse glos en Libronix-program (Digital Library System, Van der Merwe & Naudé, CD-ROM) wat gebruik is, voortdurend bespreek word. Hierdie samewerking is tipies van die vereistes van die *skopos*-teorie soos (in § 2.5.9) uitgespel sal word.

1.2 Oorsig oor studie

Die historiese aanloop tot die teoretiese begronding van Bybelvertaling word volgende in die literatuurstudie (hoofstuk 2) onder die loep geneem. Die gesag van vorige vertalings is dikwels deur die term “ekwivalensie” bepaal, maar die ontwikkeling van vertaalteorie maak dit nou moontlik om verskillende vertaalteoreties begronde soorte vertalings vir verskillende doellesergroepe te produseer. Klem in hierdie studie word gelê op Nida, Nord en Gutt se invloed om te ondersoek waarom vorige Afrikaanse vertalings van die Bybel sekere kenmerke geopenbaar het. Die vertaalopdragte (teoreties begronde al dan nie) word ondersoek sodat afleidings oor die vertaling van kommunikasieleidrade gemaak kan word. Die kommunikasieleidraad *hinneh* word in hoofstuk 3 bespreek as eksemplaries van ander kommunikasieleidrade in Bybelse Hebreeus wat soms weens 'n gebrekkige verstaan van brontekste in vertalings geïgnoreer is. Vorige studies oor *hinneh* word dus bestudeer om die rol van Bybels-Hebreeuse grammatici in Bybelvertaling te ondersoek. Na deeglike ondersoek is Van der Merwe se klassifikasie van *hinneh* in semantiese kategorieë aan die einde van hoofstuk 3 opgesom as die mees teoreties begronde beskrywing van *(we)hinneh*. My empiriese, vergelykende studie van die vertaling van *(we)hinneh* in vorige Afrikaanse Bybelvertalings word gevolg deur voorstelle vir die toekomstige vertaling van *hinneh*. Die gevolgtrekking van die studie word in hoofstuk 5 opgesom.

Hoofstuk 2:

Ontwikkeling van teoretiese begroning vir Bybelvertaling

2.1 Inleiding

Die vertaling van antieke, godsdienstige tekste was nog altyd in die geskiedenis om een of ander rede omstrede (Robinson 2000). In die geval van die Bybel het hierdie omstredenheid dikwels gesetel in die vraag of dit gesag gehad het, veral of dit ná genoeg aan die bronteks weergegee is.⁴ De Vries (2007:268) stel die vraagstuk oor die verhouding tussen bron- en doeltekste soos volg: “[The] question about the relation of translation to original forms the core of all theorizing about methods of (Scripture) translation ...”

Indien getrouheid aan die brontekste in Bybelvertaling as ononderhandelbaar beskou word of veronderstel is, is die vraag hoe daar in die 21ste eeu op die mees verantwoordbare manier aan dié vereiste uitdrukking gegee kan word. Hierdie studie neem as uitgangspunt dat huidige kommunikasie- en vertaalmodelle van groot waarde kan wees in die teoretiese begroning van ’n konsekwente vertaalpraktyk.

Aangesien daar deur die eeue heen vertalings van die Bybel was wat groot gesag gehad het — sommige eeue lank (die LXX, die Vulgaat, die *King James*) — en nie noodwendig aan die bronteks getrou was nie, is dit daarom belangrik om te bepaal presies waarin die gesag van hierdie vertalings gesetel was. Om hierdie rede gaan ek in dié literatuurstudie ’n kort historiese oorsig aanbied van ’n paar gesaghebbende vertalings van die Bybel, met die fokus op faktore wat tot die gesag daarvan bygedra het. Uit die oorsig sal dit blyk dat woord-vir-woord-vertaling beskou is as die mees toetsbare manier om getrouheid aan die brontekste te waarborg. Met die vooruitgang in vergelykende taalstudie is daar egter sedert die 19de eeu besef dat ’n woord-vir-woord-weergawe nie noodwendig ’n getroue weergawe van die bronteks is nie.

⁴ En in die geval van die geskrifte van ander godsdienste soos Islam is die kontroversie voorkom deur vertalings te verbied en anderstalige weergawes interpretasies te noem (Noss 2007:14).

Verder, veral toe lesers ná die Wêreldoorloë op meer verstaanbare Bybels begin aandring het, het die maatstaf van getrouheid relatief minder belangrik begin word.

Eugene Nida se vertaalmodel wat aanspraak gemaak het op die realisering van meer verstaanbare vertalings op grond van 'n wetenskaplike model, het hierdie behoefte gevul. Aan die einde van die 20ste eeu het die grondslae van Nida se model egter begin verkrummel. Alhoewel sins- en teksekwivalensie soos deur Nida bepleit, groot vooruitgang verteenwoordig, het vertaalkenners begin besef dat ekwivalensie in terme van twee stelde kodes⁵ byna onhaalbaar is. In die gevolglike paradigmaskuif speel Nord se funksionalistiese model 'n sentrale rol. Om dié rede gaan ek in die tweede deel van die hoofstuk, ná 'n kort oorsig oor Nida se bydrae, bespreek hoe funksionalistiese modelle 'n nuwe era in veral Bybelvertaling ingelui het.

Alhoewel Nord se funksionalistiese model van groot waarde is in die verantwoordbare konseptualisering van enige vertaalprojek, het versoeke vir 'n meer brontaalgerigte Bybelvertaling in Afrikaans sommige tekortkomings in haar model uitgewys. In die laaste gedeelte van hierdie hoofstuk gaan ek dus aandag gee aan hoe sodanige tekortkomings ondervang kan word – spesifiek in terme van die perspektiewe van Gutt en sy konsep “kommunikasieleidraad”.

2.2 Vroeë vertalings

Reeds sedert Schleiermacher (1768-1834) is die behoefte aan 'n teoretiese begroning vir vertaling uitgespreek, maar tot ongeveer die middel van die 20ste eeu het vertaling sonder 'n formele vertaalteorie geskied. Klem op getrouheid aan brontekste het vertaling aangemoedig in die rigting van woord-vir-woord- (letterlike) eerder as betekenis-vir-betekenis-(vryer) vertalings. Schleiermacher se twee uiterstes – om die leser na die skrywer te neem of om die skrywer die heelpad na die leser te neem – het deur die eeue frustrasie by Bybellesers veroorsaak. Aan die een kant het gewone lesers soms nie die Bybelse kultuur genoegsaam verstaan nie, en aan die ander kant

⁵ Die simplistiese idee dat 'n konsep in alle tale in die grondbetekenis dieselfde is en eenvoudig van een kode na 'n ander oorgedra kan word, het die taak van vertalers oorvereenvoudig. Dit was bloot nodig om twee tale te bemeester om vertaling te kan doen.

het die boodskap soms nie die klem gekry wat 'n antieke, godsdienstige teks waardig is nie (Ellingworth 2007:310).

Die andersoortigheid van die Bybel as “heilige” teks is die rede waarom vertalers oorspronklik gereken het hulle moes so letterlik moontlik vertaal — “... seeking to reflect as closely as possible the words, expressions, and even the structures of the text in its original language” (Noss 2007:14). Die vermaning in Openbaring 22:18-19⁶ (op die laaste bladsy van die Bybel) het 'n spesifieke vertaalpraktyk aangemoedig, en in my kort aanmerkings oor vroeë vertalings wil ek aantoon dat vertalers se praktyk om eerder woord-vir-woord te vertaal met hulle verstaan van ekwivalensie tussen bron- en doelteks verband gehou het. Sedertdien het vertalers ingesien dat die eeue-oue tweedeling tussen letterlik en heeltemal vry beter verstaan kan word as 'n kontinuum tussen twee uiterste pole. Bybelvertalings word deesdae selfs so bemark vir verskillende teikenlesers. Soos later aangetoon sal word, is die moeilik definieerbare maatstaf van ekwivalensie ook vervang met meer haalbare alternatiewe.

2.2.1 Die Targoems

Toe die volk Israel ná die Babiloniese Ballingskap na hulle land terugkeer, het die Ryksaramees wat hulle met verloop van tyd in ballingskap aangeleer het Hebreeus as omgangstaal in Juda vervang. Godsdienstige geskifte moes daarom in Aramees vertaal word. Dit is eers slegs mondelings gedoen,⁷ maar mettertyd wel neergeskryf, met die veronderstelling dat beide die Hebreeus en die Aramees (die Targoems genoem) in die sinagoges gelees sou word. Gesag is dus nog nie aan die verskeidenheid vertalings verleen nie, maar was steeds in die oorspronklike brontekste gesetel.

⁶ Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is (*Nuwe Vertaling*).

⁷ “Die liturg het twee tot drie verse in Hebreeus gelees, waarna die meturgeman (vertaler) 'n targum (vertaling) gegee het. Volgens tradisie het hierdie gebruik reeds in die tyd van Nehemia ontstaan.” (Brink 2006)

2.2.2 Die Septuagint

Na die val van Jerusalem in 587 v.C. het groot getalle Jode hulle in ander dele van die wêreld gaan vestig. Grieks het mettertyd hulle taal geword sodat diegene wat nie meer Hebreeus magtig was nie die behoefte aan 'n Griekse vertaling van die Pentateug ontwikkel het. Die Septuagint is ongeveer drie eeue voor Christus deur 72 vertalers vertaal en word vandag met die afkorting LXX⁸ aangedui. Volgens oorlewering het die vertalers elk afsonderlik aan die vertaling gewerk, maar is deur goddelike inspirasie sodanig dieselfde gelei dat die 72 vertalings aan die einde identies was (Delisle & Woodsworth 1995:163).⁹ Hierdie mitiese oorsprong het dus tot die gesag van die Septuagint bygedra. Verder het die metateks, die Brief van Aristeas, wat die oorsprong daarvan verduidelik het, die gesag daarvan versterk. Dit is hierdie vertaling wat die Ou Testament van die vroeë Christene geword en deur hulle in die Nuwe Testament aangehaal is.

Nida wys kritici van vryer Bybelvertaling daarop dat selfs hierdie vroeë vertalings interpretasie en parafrase ingesluit het (1992:513). Hersiening van die Septuagint is egter nie toegelaat nie aangesien dit as amptelike vertaling deur die Jode van Alexandrië aanvaar is.¹⁰

2.2.3 Die Vulgaat

In 395 n.C. verklaar Theodosius die Grote die Christelike godsdiens as die enigste godsdiens van die Romeinse Ryk (*Feitegids. 'n Kernensiklopedie*, 2007:231). Daar was toe reeds pogings om die Septuagint in Latyn te vertaal. Hieronimus, in die klassieke opgelei, was die eerste Bybelvertaler waarvan ons die naam ken (Noss 2007:9). Sy Latynse vertaling van die Bybel, die Vulgaat, was tien eeue lank die

⁸ Volgens Philo was dit slegs 70 vertalers wat die vertaling binne 70 dae voltooi het. Die oorsprong van die getal 72 is 6 verteenwoordigers uit elk van die 12 stamme.

⁹ Bogenoemde aanspraak is deur Ireaneus, Klemens van Alexandrië, Sirillus van Jerusalem en Augustinus gemaak.

¹⁰ Hierdie toegekende gesag is volgens kenners soos De Crom ("The Letter of Aristeas and the Authority of the Septuagint", 2008:141-160) van groot belang in Hebreeuse godsdienstige geskrifte.

enigste Bybel van die Westerse kerk¹¹. Alhoewel Hieronimus beweer het dat hy die Bybel woord-vir-woord vertaal het (want “... there is mystery in the very order of the words”, soos aangehaal deur Pym 2007:198), meen sommige vertalers dat sy vertalings soms woord-vir-woord en soms vry was (Orlinsky & Bratcher 1991:14). Volgens Nida is ’n belangrike aspek van Hieronimus se vertaling dat hy ingesien het dat die betekenis belangriker as die vorm is. Verder het Hieronimus die populêre vorm van Latyn gebruik en daarmee die gewone mens as doeltaalleser as belangrik aangedui, alhoewel dit nog lank sou neem voor die gewone kerklidmaat aangemoedig sou word om die Bybel self te lees.

Daar was egter sterk teenstand teen die aanvaarding van die Vulgaat en dit is eers in die 16de eeu as die amptelike Bybel van die Rooms-Katolieke Kerk erken. De Vries (2007:272) stel hierdie erkenning soos volg: “...it took a long time for his translation to become that monumental, Latin Church text that dominated all Western translation until Humanism, Renaissance, and Reformation created room for a new independence in Bible translation work”. Alhoewel die gesag van sommige ander vertalings in die algemene spreektaal (*in the vernacular*) in twyfel getrek is en dit soms selfs – byvoorbeeld in 1233 – verbrand is (Pym 2007:209), het die Vulgaat as vertaling oorleef en word dit vandag onder andere gesien as ’n voorbeeld van hoe geheg lesers aan ’n spesifieke vertaling kan raak.

2.2.4 Luther se Duitse vertaling

In 1455 (*Feitegids. ’n Kernensiklopedie*, 2007:236) het Gutenberg se gebruik van sy eie drukpers om onder andere Bybels te druk ’n groot invloed op die beskikbaarheid daarvan gehad. Teoretisering in die 16de eeu (byvoorbeeld deur Erasmus van Rotterdam, 1516) was vernaamlik oor die kwessie of dit enigsins moontlik was om klassieke tekste in tale anders as Grieks en Latyn te vertaal sonder om dit skade te berokken.¹²

¹¹ Die Grieks-Ortodokse Kerk het die Septuagint en Griekse Nuwe Testament gebruik, en die Siriessprekende kerke die Peshitta.

¹² Verder is sommige vertalings voor Luther nie gesien as substitute vir die oorspronklike nie, maar as ’n manier om die Latyn beter te verstaan (Ellingworth 2007:311).

Net soos tydens Hieronimus se Latynse vertaling het Luther tydens die Reformasie die alledaagse vorm van Duits gebruik in sy vertaling (1534). Hierdie doelbewuste strategie was deel van sy kritiek teen die Rooms-Katolieke Kerk se magsbewuste gebruik van Latyn, wat nie vir die gewone kerklidmaat toeganklik was nie (Pym 2007:210). Vir Luther was die suksesvolle oordrag van die boodskap van die Bybel van groot belang, groter as die vereiste om so naby moontlik aan die brontekste te bly. Volgens Kittel en Poldermann (1998), sou hy egter “...when essential theological ‘truths’ were concerned, ... sacrifice this principle of intelligibility and revert, for doctrinal reasons, to word-for-word translation”. Hierdie teenstrydigheid in Luther se vertaalbenadering veroorsaak dat dit nie baie konsekwent was nie. Vandag word hy eerder beskou as ’n voorbeeld van die feit dat ’n vertaler nie objektief¹³ kan wees nie – sy/haar ideologie speel ’n belangrike (bewuste of onbewuste) rol in vertaling. Die getrouheid van Luther se vertaling word soms as gevolg daarvan betwyfel. Luther se fokus op die behoeftes van die gewone doeltekslesers kan egter as sy grootste bydrae tot die gebied van Bybelvertaling gesien word.

2.2.5 Eerste Engelse vertalings

Teen 1534 moes William Tyndale (1494-1536) na Duitsland gaan om sy Bybelvertaling in Engels te produseer. Hy het uit die brontale gewerk en ook die Vulgaat, Septuagint, Erasmus se Latynse vertaling en Luther se Duitse vertaling geraadpleeg. Omdat vertaalde Engelse Bybels onwettig in Brittanje was, moes dit ingesmokkel word, en Tyndale is in 1536 tereggestel vir sy aandeel aan die vertaalpoging. Groot dele van sy vertaling (ongeveer die laaste een deur ’n enkele vertaler) is later in die *Authorized Version* (die *King James*-vertaling) van 1611 opgeneem. Die *Authorized Version*¹⁴ was ’n letterlike vertaling, en so gewild dat daar vir 250 jaar geen hersiening daarvan plaasgevind het nie. In teenstelling met die

¹³ Die grootste kritiek teen ’n vertaalkeuse wat deur leerstellings beïnvloed is, was waarskynlik teen die invoeging van die woord “allein” in Romeine 3:28. Luther het sy keuse in die metateks *Sendbrief vom Dolmetschen* (1530) verduidelik.

¹⁴ Op die titelblad van die *King James* word beide die volgende aansprake gemaak: “Newly translated out of the Originall Tongues” asook “... with the former Translations diligently compared and revised”. Volgens Ellingworth (2007:123-124) is daar geen bewys dat Koning Jakobus I by die Hampton Court-konferensie in 1604 sy volmag aan die vertaling verleen het nie. Die titelblad bevat egter die woorde “by his Maiesties speciall commandment”.

Geneefse Bybel (1560) met vele Calvinistiese en anti-Roomse aantekeninge, is daar byna geen kantaantekeninge in die *Authorized Version* nie. Alhoewel die gesag van die vertaling nie deur Koning Jakobus I verleen is nie – soos deur die woord “authorized” geïmpliseer – het die vertalers byvoorbeeld deur die gebruik van skuinsdruk vir woorde wat nie in die brontale voorkom nie, hulle getrouheid aan die brontekste probeer weerspieël.

2.2.6 Konkordante vertalings

Die *Revised Version* (1881-1885) was ’n hersiening van die *Authorized Version* en ’n poging om ’n konkordante vertaling te skep, met ander woorde, elke woord in die brontekste is slegs met een Engelse ekwivalent vertaal. Dié vereiste is gereeld deur die eeue gebruik om meetbare ekwivalensiebeginsels neer te lê, maar dit was gebaseer op die kodemodel van taal wat soos in § 2.4.2 aangedui sal word, later as te simplisties uitgewys is. Dié poging tot ’n konkordante vertaling het die Bybel minder leservriendelik gemaak en dit was nooit so gewild soos die *King James* nie.

In al die bogenoemde vertalings was daar nie regtig sprake van ’n teoreties begronde benadering nie. Alhoewel individuele vertalers oor hulle vertalings nagedink en selfs geskryf het, was die praktyk van hulle vertalings soms inkonsekwent en het die problematiek van die term “ekwivalensie” soms ’n groot rol gespeel. Getrouheid aan die bronteks was vir al die vertalers van die grootste belang, maar strategieë om dit te bereik, was nog nie voldoende ontwikkel nie. Jordaan (2002:22) toon aan dat hermeneutiese belangstelling geleidelik vanaf die sender van ’n teks tot die boodskap tot die ontvanger verskuif het, en verder ook dat die bewuswording dat beide die kulture van die bronteks en dié van die doelteks tydens vertaling in gedagte gehou moet word deel was van dié ontwikkeling.

Verder was dit volgens De Blois (1997:24) heeltemal te simplisties om van die Hebreuse bronteks of ’n letterlike vertaling as die vorm, en ’n vryer vertaling as die betekenis te praat. “The translator must seek to employ a functionally equivalent set of forms which in so far as possible will match the meaning of the original source-language text.” Die kontinuum tussen woord-vir-woord en heeltemal vry was deur die

eeue soms problematies indien lesers vertalings as te ver van die bronteks gesien het, en soms indien vertalings so naby die bronteks was dat lesers dit onverstaanbaar gevind het.

2.3 Die Bybel in Afrikaans

Die eerste Nederlandse setlaars aan die Kaap het die *Statevertaling* van die Bybel (1637) met hulle saamgebring. Die *Statevertaling* het volgens De Vries 'n verwerping van Luther se vertaalmetode geïmpliseer (2007:274):

The Dutch Calvinists saw the Word of God in its Hebrew and Greek form as inspired and this led them to translate the Bible as literally as possible. Luther was much too free for them. (...) They solved the resulting dilemma [that the translation should not be free but neither 'dark and inaccessible'] ... by adding massive quantities of paratext to the translation, marginal notes that explained literal translations that lacked clarity in Dutch.

Teen die 1870's was die Nederlandse *Statevertaling* nie meer vir die gemiddelde Afrikaanssprekende verstaanbaar nie (Naudé 2002), maar dit sou nog tot 1919 neem voor Afrikaans as amptelike taal van die Gereformeerde Kerke erken is. Eerste pogings om die Bybel in Afrikaans te vertaal, het dié deur ds. S.J. du Toit (1889) ingesluit (Nienaber & Heyl [s.a.]). Du Toit het uit die brontale gewerk, maar so na moontlik aan die *Statevertaling* gebly, deels as gevolg van dié vertaling se hoë status. Verder het hy heelwat kantaantekeninge gemaak.

Een persoon wat die Bybelvertaling in Afrikaans sterk gepropageer het, was B.B. Keet. Sy plan was dat die *Statevertaling* verafrikaans word, maar dat die brontekste ook geraadpleeg word. Kritiek teen 'n gedeeltelike proefvertaling wat in 1922 verskyn het, was hoofsaaklik teen die gehalte van die Afrikaans gerig, maar die gevoel was in elk geval dat daar eerder vanuit die brontale gewerk moes word (Weiss 1990:52).

Die ontwikkeling van Afrikaans het langsaam geskied en omdat dit oorspronklik nog nie as kerktaal aanvaar is nie, het die eerste pogings om gedeeltes van die Bybel in Afrikaans te vertaal hewige reaksie uitgelok. Onder andere Langenhoven het kritiek

gehad op die gehalte van die Afrikaans van die eerste pogings. Hy het ook gevoel die Bybel moes uit die brontekste, en nie uit die *Statevertaling* nie, vertaal word. In 1924 is daar op so 'n vertaling besluit maar die 1933-vertaling was steeds redelik na-aan die *Statevertaling*. Volgens Fensham was die rede waarom hierdie vertaling oor die algemeen goed ontvang is, die feit dat die vertaalopdrag aangedui het dat dit Bybellesers met hulle moes meeneem, en nie vervreem nie (1974:62). Die vertaling was dus steeds letterlik, en daarom soms moeilik verstaanbaar, maar die status van Afrikaans het daarmee grootliks toegeneem.¹⁵

In 1953 het 'n hersiening van hierdie vertaling verskyn. Die grootse rede vir die hersiening was die ontwikkeling van die Afrikaanse taal.¹⁶ Daar is ongeveer 5 000 verskille tussen die twee tekste, waarvan die meeste ten opsigte van leestekens, spelling, woordkeuse en sinsbou is (Van Zyl & Swanepoel 1972). Die eerste vertaling in enige taal is dikwels 'n relatief letterlike, woord-vir-woord-vertaling. Aangesien die tweede soort vertaling in heelwat tale dikwels na aanleiding van Eugene Nida se dinamies-ekwivalente benadering geproduseer is, kan sy invloed wêreldwyd ook hierdeur aangetoon word.

Die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans is ook 'n vertaling gebaseer op Nida se benadering. Dit is volgens Naudé en Van der Merwe (2002:2) 'n funksioneel-ekwivalente¹⁷ vertaling en het nog nie by meer onlangse ontwikkeling in vertaalkunde en linguistiek baat gevind nie. Aangesien dié Bybelvertaling deur 'n span vertalers uit die Nederduits-Gereformeerde, Nederduits-Hervormde en Gereformeerde Kerke aangepak is, word dit sedertdien as die amptelike Bybel van sommige van dié kerke beskou. Dit is egter nie deur die meer konserwatiewe kerkgenootskappe of die Rooms-Katolieke Kerk as die amptelike weergawe aanvaar nie (Van der Merwe 2008:1).

Deesdae is alle kerke wat die Bybel in Afrikaans gebruik verteenwoordig op die Kerklike Advieskomitee (Die Bybel in Afrikaans). Die komitee vergader een maal per

¹⁵ Groenewald beskou die publikasie van die 1933-vertaling as die bewys dat Afrikaans finaal as skryftaal gevestig is (1984:12).

¹⁶ Sommige woorde is egter met meer argaïese ekwivalente vervang (bv. "skaapwagter" met "herder") omdat die hersiening wat sodanige woorde betref aanstoot gegee het (Van der Merwe 2001).

¹⁷ Vir 'n verduideliking van die terme "formeel-", "dinamies-" en "funksioneel-ekwivalent", sien § 2.4.4 en 2.4.5.

jaar, en by dié geleentheid doen die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) aan die kerke verslag oor hulle werksaamhede. Die kerke dui dan ook vir die BSA hulle behoeftes ten opsigte van nuwe Bybelvertalings aan. Sedert die vroeë 1990's het die Gereformeerde Kerke die saak van 'n meer brontaalgerigte vertaling op die agenda geplaas. Die uitvloeisel van hierdie versoek was 'n konferensie wat die BSA in 2001 gereël het met die doel om uitvoerig bestek op te neem van alle faktore wat 'n rol kan speel in die beplanning van 'n nuwe vertaling in Afrikaans. (Vir die omvang van die onderwerpe wat bespreek is, sien Naudé en Van der Merwe 2002). Die uitvloeisel van hierdie konferensie was die opdrag aan vier Suid-Afrikaanse universiteite om vier verskillende vertalings volgens verskillende *skopoi* (vir 'n verduideliking van die *skopos*-teorie sien § 2.5.2) te skep. Een daarvan (die derde) het soos volg gelui: “Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling wat bedoel is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategeese, Bybelstudie en privaatgebruik (sic)” (*Proefvertaling Afrikaanse Bybelvertalingsprojek 2008:2*). Hierdie *skopos* word tans gebruik vir die volgende Afrikaanse vertaling, en die vertaalteoretiese insette van Nord en Gutt word daarvoor aangewend. Hulle invloed kan byvoorbeeld reeds in die vertaalopdrag gesien word: “... 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks ... van hoë letterkundige waarde en goed verstaanbaar ...” (*ibid.*).¹⁸

Alhoewel die invloed van Nord en Gutt se vertaalteoretiese insette bepalend is vir die res van hierdie studie, kan dit nie verstaan word sonder die teorie én praktyk van Eugene Nida nie. Daarom bespreek ek nou vervolgens die invloed van Nida voordat ek gaan aandui waarom die *skopos*-teorie en relevansieteorie in toekomstige Bybelvertalings 'n belangrike rol sal speel. Spesifieke aspekte van kritiek teen Nida word bespreek om daarmee aan te dui waarom vertaalteoretiese ontwikkeling in die rigting van die relevansieteorie plaasgevind het.

2.4 Die invloed van Eugene Nida

Sedert 1970 was die grootste enkele invloed op Bybelvertaling wêreldwyd en ook op die 1983-vertaling van die Bybel in Afrikaans Eugene Nida, en selfs vandag word die

¹⁸ Kritiek teen die 1983-vertaling, naamlik dat byvoorbeeld metafore weg vertaal is (Muntingh 1998), word ondervang met die subopdrag dat “...beelde, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word”.

praktyk van die *United Bible Societies* en die *Summer Institute of Linguistics* deur sy geskifte beïnvloed (Pattimore 2007:220). Die eerste Engelse vertaling wat in Suid-Afrika volgens die benadering van Nida verskyn en 'n behoefte aan 'n minder formele weergawe laat posvat het, was die *Good News Bible* (1976).

In die volgende aantal paragrawe bespreek ek kortliks dié aspekte van Nida se vertaalteorie wat gekritiseer is en tot verdere ontwikkeling in spesifiek Bybelvertaalteorie aanleiding gegee het.

2.4.1 *Evangelisasie as vertaaldoel*

Nida se navorsing en denke oor vertaling het in die sendingveld plaasgevind. Sy behoefte aan vertalings wat vir evangelisasiedoeleindes gebruik kon word, het die verstaanbaarheid van die boodskap vir nie-Christene vooropgestel. Oor hierdie beginsel skryf hy soos volg:

Not only is this principle important in making the translation of the Bible effective as an instrument of evangelism, but it is also necessary if the language of the church is to be kept from becoming an esoteric dialect ... (Nida & Taber 1969:31-32).

Nida se siening van kommunikasie het sy definisie van vertaling beïnvloed:

Reproducing in the receptor¹⁹ language the closest natural equivalent of the source-language message, first in terms of meaning and secondly in terms of style (Nida & Taber 1969:12).

2.4.2 *Die kodemodel van kommunikasie*

Die heersende kommunikasiemodel van die sestigerjare, naamlik die kodemodel, het veral twee aannames gemaak: dat alles wat in een taal gesê kan word, ook in 'n ander

¹⁹ Die term "receptor" is deur Nida gebruik om aan te dui dat hy nie saamstem met die passiewe term "doelleser" nie. Volgens die kommunikasiemodel waarmee hy gewerk het, moes die leser alles behalwe passief wees: Die doelleser moes die boodskap dekodeer om dit te verstaan, en hierdie proses is 'n aktiewe een.

taal gesê kan word (Nida & Taber 1969:4), en dat ooreenkomste tussen tale groter is as verskille – die gevolg van die universele mensheid wat alle sprekers van ’n taal deel. In die dieptestruktuur is die strukturele verskille tussen tale baie kleiner as in die oppervlakstruktuur – “... all languages are at least 90 per cent structurally similar” (Nida 1998:24). Verder kan alle woorde in net vier kategorieë ingedeel word: objekte, wat persone insluit, gebeure (*event words*), abstrakte (rofweg adjektiewe en bywoorde) en relasies (*relationals*) – meestal voegwoorde en voorsetsels. Dit is dus maklik om vir elke woord ’n dinamies-ekwivalente term in enige doeltaal te vind, en vertaling behoort teoreties gesproke geen probleme op te lewer nie.²⁰

Hierdie eenvoudige siening van kommunikasie en vertaling is gaandeweg vervang deur onder andere die inferensiemodel van kommunikasie (sien § 2.6.1 vir die manier waarop implisiete inligting deur doellesers uit kommunikasieleidrade afgelei word). Volgens die inferensiemodel is dit byvoorbeeld onmoontlik om alles in die brontekste in ’n moderne Bybelvertaling te vervat (Van der Merwe 1999:296). Die vertaler as taal- en kultuurkundige moet doellesers help om die korrekte afleidings oor die bronkultuur te maak.

2.4.3 Chomsky se Transformele Grammatika

Nida is deur die heersende taalkunde van sy tyd beïnvloed. Noam Chomsky was die eerste taalkundige (in 1957) wat op die sin eerder as die woord as vertrekpunt gefokus het. Nida het ook gevoel dat vertalers eerder op sinne as woorde moes fokus, maar dit is moeilik om aan te dui dat hy hierdie siening van Chomsky afgelei het.²¹ Nida het verder drie fases waarvolgens vertalers te werk moes gaan, voorgeskryf: Eers moes die brontekste in kernsinne afgebreek word (soortgelyk aan Chomsky se dieptestruktuur; Nida noem die proses analise), daarna moes dit oorgedra word na die doeltaal en dan herformuleer word om ’n natuurlike doelteks daar te stel (Nida & Taber 1969:33-35).

²⁰ Die klassifikasie van ’n partikel soos *hinneh* is volgens hierdie indeling problematies, aangesien dit nie maklik ’n “relational” genoem kan word nie.

²¹ Halliday het reeds in 1978 aangedui dat die teks eerder as die sin die basiese taalkundige eenheid is. Nida se teorie word dus ook wat dit betref vandag as verouderd beskou.

Hierdie drie stappe maak Nida se teorie ook preskriptief soos die vorige pogings tot 'n teorie. Volgens Pattemore is dit egter nie waar (soos Hatim en Mason beweer, 1990) dat Nida hierdie stappe van Chomsky afgelei het om die proses van vertaling te verduidelik nie (2007:221).

Nida het verder riglyne neergelê wat vertalers moes volg indien probleme in die vertaalsituasie opduik, byvoorbeeld, dat kontekstuele konsekwentheid voorkeur moes kry bo leksikale konsekwentheid. Die rede vir hierdie soort voorskriftelikheid is na my mening die feit dat Nida oor die hele wêreld heen gereis het om vertalers in ander lande op te lei en van hulp te voorsien. Hierdie vertalers was dikwels nie opgelei in vertaalkunde nie en boonop ver van biblioteke en universiteite. Later is ook van inheemse taalhulpe gebruik gemaak wat saam met brontaalkenners aan vertalings moes werk. Stine sien hierdie fokus van Nida soos volg in sy biografie (2004:28): “...although Nida was determined that his approach be sound theoretically, what really concerned him was finding a *method* that could be taught and used easily in field situations” (oorspronklike klem).

Chomsky se gebruik van die begrippe “... surface representation to underlying kernels, en then further to deep-seated universals” (Pym 2007:214) was verder die rede waarom Nida vermoed het dat dit relatief eenvoudig behoort te wees om die onderliggende universele taalelemente in alle tale deur vertaling met mekaar uit te ruil.²² Dit is egter 'n vraag of Nida Chomsky se generatiewe taalkunde gebruik het om aan te dui dat Bybelvertaling 'n eenvoudige aktiwiteit is.

2.4.4 Dinamiese ekwivalensie

Die term “dinamiese ekwivalensie” (later funksionele ekwivalensie, sien § 2.4.5) is deur Nida gebruik vir sy vereiste dat die reaksie van die doellessers op die doeltteks soortgelyk moet wees aan die reaksie van die brontekstlesers op die bronteks. Dit was volgens Nida een van die basiese vereistes van vertaling en hy het dit soos volg gedefinieer:

²² Chomsky se teorie was egter op sintaksis van toepassing, nie op betekenis nie, soos hy later duidelik gemaak het (Gentzler 1993).

[D]ynamic equivalence [is] the quality of a translation in which the message of the original text has been so transported into the receptor language that the response of the receptor is essentially like that of the original receptors (Nida & Taber 1969:202).

Hierdie aspek van Nida se teorie is veral gekritiseer omdat die reaksie van die oorspronklike gehoor op Bybelse brontekste moeilik is om te bepaal. Verder is selfs die begrip “oorspronklike gehoor” nie maklik om te identifiseer nie en boonop is enige vertaling slegs een moontlike interpretasie van die bronteks. Die ekwivalensiebeginsel op grond van die boodskap en nie die vorm nie, het dus sy eie problematiek. Nida en De Waard het egter in hulle later werk *From One Language to Another* (De Waard & Nida 1986:36) hulle definisie van dinamiese ekwivalensie aangepas²³ om daarmee aan te dui dat hulle bewus is van dié problematiek.

Pym verstaan Nida se verskil tussen formele en dinamiese ekwivalensie soos volg: ’n boodskap kan op twee maniere voorgestel word: “... ‘formal equivalence’ would represent the inscription of the source text, allowing for philological or literalist translations, whereas ‘dynamic equivalence’ would reproduce the function, understood as the dynamic relationship between utterance and situation” (2007:212). Die voorbeeld wat meestal in die literatuur gebruik word om hierdie beginsel te verduidelik is dié van die “Lam van God” vir kulture wat nie met lammers bekend is nie. Om die beeld verstaanbaar vir sodanige doeltekslesers te maak, het Nida eers die gebruik van ’n ander (bekende) beeld voorgestaan, omdat die ander beeld die funksie van die oorspronklike in die doelkultuur verteenwoordig.²⁴

Nida se definisie van dinamiese ekwivalensie was ’n poging om getrouheid aan die brontekste met verstaanbaarheid vir doellesers te versoen. Bybelskrywers het net soos vertalers gekommunikeer om verstaan te word. Barnwell skryf in haar inleidingskursus vir Bybelvertalers dat die noodsaaklike vereistes vir Bybelvertaling volgens die dinamies-ekwivalente metode akkuraatheid, duidelikheid en natuurlikheid is (1992:23). Aangesien akkuraatheid nie op die vertaling van formele elemente berus

²³ Die meer onlangse definisie vervang die term “respons” (onmeetbaar vir Bybelvertaling) met verstaan van die bronteks (Pattimore 2007:225).

²⁴ Later het Nida toegegee dat die beeld van die lam te wesenlik is vir die boodskap en dat dit daarom behou moet word (De Waard & Nida 1986:37).

nie, maar die akkurate heruitdrukking van betekenis beteken, word dit dus nie primêr as getrouheid aan die bronteks gesien nie.²⁵ Nida se gebruik van die term “ekwivalensie” het dit egter veronderstel.

2.4.5 *Funksionele ekwivalensie*

Die invloed van die tekslinguistiese benadering tot vertaling het veroorsaak dat Nida ekwivalensie op tekstuele en kommunikatiewe vlak as vereiste begin verstaan het. Die term “funksionele ekwivalensie” is deur De Waard en Nida in die voorwoord tot hul boek *From one Language to Another* (1986) verduidelik. Die boodskap van ’n teks moet dieselfde betekenis oordra, maar met inagneming van die doelkonteks. Die alternatiewe benadering was steeds formele ekwivalensie,²⁶ waar die vorm van die bronteks die klem kry (sien ook § 2.4.6). Dit is egter volgens Jordaan nie so dat formele ekwivalensie slegs vorm in teenstelling met betekenis beklemtoon nie, maar elke vertaler neem ’n spesifieke posisie op die kontinuum tussen formeel en funksioneel in (Jordaan 2002:20). Wendland (1996:126) het verder aangetoon dat elke vertaling beide formele en funksionele elemente bevat.

Kontekstuele, eerder as leksikale konsekwentheid, soos deur Nida gedefinieer, sal konkordante vertalings minder aanvaarbaar maak. In hierdie studie wil ek juis aandui dat vertalers saam met brontaalkenners funksies van kommunikasieleidrade moet identifiseer om meer konsekwent met die vertaling van Bybels-Hebreeuse leidrade om te gaan. Indien kommunikasieleidrade weergegee kan word op ander maniere as ekwivalente leksikale eenhede (byvoorbeeld deur ’n uitroepteken) kan dit volgens Nida as funksioneel-ekwivalente vertaalopsie geld en hoef konkordante leksikale eenhede nie elke keer vir dieselfde Bybels-Hebreeuse woord gebruik te word nie. Die bepaling van verskillende kontekstuele funksies sal verskillende vertaalmoontlikhede aandui, selfs in die geval van ’n enkele kommunikasieleidraad.

²⁵ Onder andere Larson (1984) het die kenmerk van aanvaarbaarheid vir die doellesers as essensiële kenmerk bygevoeg. Hierdie aanvaarbaarheidsnorme kan bv. gesien word in die vertaalstrategie van die 1933-vertaling nadat vorige pogings deur lesers verwerp is (sien § 4.2.1).

²⁶ Smalley het in sy kritiek op dinamiese ekwivalensie aangedui dat formele en dinamiese ekwivalensie twee uiterstes op ’n kontinuum verteenwoordig, en dat daar tussen dié twee uiterstes vele ander soort vertalings bestaan (1991).

Die rede waarom die vertaalteoretikus Tymoczko (2007) Nida as dalk die mees invloedryke funksionalis wêreldwyd beskou, is sy insig dat “... the method of translation must relate to the purpose of the translation, the goals of the translator, the nature and needs of the audience, and the historical and social context”. In haar kritiek op hom skryf sy egter dat “... a significant limitation in his writing is the subtext adhering to conservative theories of meaning that run counter to the overall tenor of his postpositivist and functionalist arguments”.

2.4.6 Kritiek op Nida

Kritiek op Nida word op veral drie vlakke aangetref: sy kommunikasie-model, sy taalmodel en sy vertaalmodel.²⁷ Wilt stel dit byvoorbeeld soos volg: “... its inadequate communication model, dated view of linguistics, prescriptive approach to translation, and limited attention to literary aspects of translating the Scriptures” (2003:234). Die kodemodel van kommunikasie wat as basis van Nida se teorie gedien het, het veronderstel dat sender en ontvanger van die boodskap dieselfde kode moes ken. Uit die aard van Bybelvertaling is dit onmoontlik. Die groot verskille tussen bron- en doelkulture kon ook nie deurgaans deur “universele menslikheid” verdiskonteer word nie, aangesien die temporele en kulturele gaping tussen die Bybelse konteks en die doeltekskonteks van vandag dikwels net te groot is.

Teoretici soos Reddy (soos aangehaal in Stine 2004:41) en Wilt (2003:7-8) noem die kommunikasie-model wat Nida gebruik ’n geleipyp-model (“conduit model”). Omdat betekenis volgens hierdie metafoor soos deur ’n geleipyp van die sender na die ontvanger gaan, is kommunikasie eenvoudig en betekenis soos ’n voorwerp wat maklik oorgedra word. Moderne kommunikasiekundiges beskou die suksesvolle oordrag van ’n boodskap as ’n aansienlik meer ingewikkelde proses, veral aangesien sommige kontekstuele, kulturele en sosiolinguistiese faktore deur vorige modelle meestal buite rekening gelaat is. Interpretasie van boodskappe word ook nie net gedoen op grond van wat in die teks staan nie, maar (soos die inferensiemodel aandui, sien § 2.6.3) op grond van wat afgelei kan word uit die konteks en kommunikasieleidrade.

²⁷ Die meeste kritici het egter slegs die aanvanklikes van Nida se meer as 40 boeke en 250 artikels gekritiseer (Porter 2005:6) en nie die ontwikkeling van sy teorie in hulle kritiek verdiskonteer nie.

Kritiek op Nida se vertaalteorie sluit in dat sekere aspekte van die brontekste nie deur die funksioneel-ekwivalente benadering agterhaal kan word nie. Deist (1993:13-23) dui as voorbeeld die gebruik van “vader” in die Ou Testament aan. As dit in hedendaagse vertalings soos die *Nuwe Lewende Vertaling* (2006) volgens Nida se benadering met “ouers” vertaal word, sal die vereiste van sommige doellesers dat vertalings geslagsinklusief moet wees dalk bevredig word, maar die patriargale orde van die Ou Testamentiese tyd negeer. Die kompleksiteit van antieke tekste word daarmee nie vir doellesers duidelik gemaak nie. Wat Bascom “... the otherness of the text and its culture” (1991:314-325) noem, word hiermee geïgnoreer.

Venuti (sien verskil tussen verinheemsing (“domestication”) en vervreemding (“foreignization”) § 2.5.7), het gevoel dat funksioneel-ekwivalente Bybelvertalings lei tot “...imposing the English-language valorization of transparent discourse on every foreign culture” (1995:21). Volgens Pattemore (2007:234) is bogenoemde egter nie kritiek op Nida se vertaalteorie nie, maar ’n etiese kwessie by Venuti. “Whether to produce foreignizing or domesticating translations is an ethical choice, as is the decision to produce a translation of the Bible at all.”

Nida se vertaalmodel het ekwivalensie oorspronklik met betrekking tot die reaksie van die lesers (“response of the receptors”) gedefinieer. Soos vroeër in hierdie paragraaf aangetoon, ook deur Gentzler, kan die soortgelyke reaksie van doellesers aan dié van brontekstlesers, waarvan daar by Nida sprake is, nie gebruik word om die sukses van ’n Bybelvertaling te meet nie.²⁸

Die norm van maklike verstaanbaarheid is dalk ook nie meer van toepassing op tweedegerasieleesers van ’n Bybelvertaling wat wel die ingewikkelde andersheid van die antieke teks kan waardeer en oor sekere kulturele inligting uit die Bybelse konteks beskik nie. Sommige lesers van vandag is verder nie meer tevrede met die interpretasie van ’n vertaalspan nie, maar het die behoefte om self die brontekste beter te verstaan en te probeer interpreteer, selfs indien hulle nie die brontekste magtig is nie.

²⁸ Statham (1997:35-36) dui aan dat Gentzler se kritiek op Nida onder andere die gevolg was van ’n verkeerde verstaan van die term “functional” in funksionele ekwivalensie. Gentzler het volgens hom ook nie die ontwikkeling van Nida se teorie in ag geneem ná die verskyning van *Toward a Science of Translating* (1964) nie.

Die feit dat Bybelse Hebreeus, Aramees en Grieks ook nie maklik met hedendaagse vorms van dié tale vergelyk kan word nie, maak die brontekste oop vir verskillende interpretasies.²⁹

Nichols kritiseer Nida verder wat betref sy taalteorie: "... Nida's 'vehicular concept' of meaning does not do justice to the complexity of language and to the significance of form" (1986:52). Prickett (soos aangehaal deur Pattemore 2007:232) het hierby aangesluit: As daar sprake is van "...the supposed accessible meaning [taking] preference over the form ..." is dié soort Bybelvertaling (een volgens Nida se beginsels) eerder 'n parafrase. Volgens Prickett behandel die Bybel nie eenvoudige konsepte nie, en as daar in die voorwoord tot die *Good News Bible* byvoorbeeld sprake is van "...language that is natural, clear, simple, and unambiguous" dui dit op 'n simplistiese en statiese siening van taal en betekenis.

Die kritiek dat Nida se benadering die weg vertaal van metafore aangemoedig het,³⁰ is 'n gevolg van die definisie van dinamiese sowel as funksionele ekwivalensie (sien ook die inferensiemodel, § 2.6.3). Metafore in die brontaal kan gewoonlik nie sommer met ander in die doeltaal vervang word nie as gevolg van implikasies van een metafoor wat nie maklik deur 'n ander vervang kan word nie. Indien die funksie van 'n metafoor dus sonder 'n ingewikkelde kulturele ekwivalent in die doelteks bewerkstellig kan word, omdat 'n verduideliking in die doelteks dieselfde funksie vervul, kan die verduideliking net sowel as vertaalopsie geld.

2.5 Die invloed van Vermeer en Nord

Ontwikkelings in die kommunikasie- en taalkunde het die kodemodel asook funksionele ekwivalensie se beperkings uitgewys. Daar is egter steeds vertalings wat

²⁹ Die feit dat voetnote nie in die meeste vorige Afrikaanse Bybelvertalings gebruik is nie, bemoeilik daarom die taak vir ernstige Bybellesers wat hulle eie interpretasies uit verskillende moontlikhede wil maak.

³⁰ Sien byvoorbeeld Hope (1997:19): "... a very serious weakness in dynamic equivalence theory is its cavalier treatment of metaphors and of poetry, both of which are marked forms of text. ... In fact whenever marked forms in the original text are translated as unmarked forms in the translation there is a loss of meaning, in the form of connotations and inferences".

op grond van hierdie agterhaalde modelle geproduseer word. In die volgende gedeelte gaan ek kortliks die invloed van Vermeer en Nord op die teoretiese begroning van Bybelvertaling bespreek. Verskillende ontwikkelings in onder andere die kommunikasiekunde het hulle teorieë gemotiveer: die handelingsteorie, inferensiemodel en relevansieteorie. My rede vir hierdie bespreking is om daarmee aan te dui waarom die definiëring en toepassing van die term “kommunikasieleidraad” bepalend is vir ’n konsekwente vertaalpraktyk.

2.5.1 Die handelingsteorie

Een van die rigtings waarvolgens ontwikkeling in vertaalteorie plaasgevind het, is die handelingsteorie (“action theory”). Daarvolgens is kommunikasie ’n komplekse, doelbewuste handeling, en vertalers tussengangers tussen verskillende kulture. Vir vertaling word die primêre handeling gesien as die skep van ’n bronteks, maar hierdie primêre handeling (kommunikatiewe interaksie) is aan ’n spesifieke tyd en plek gebonde. Die vertaler se tussengangersrol is eenvoudig as situasies, verwagtings en kennis van die bronlesers en doellesers naastenby dieselfde is. As daar egter gapings bestaan, moet die vertaler hierdie gapings oorbrug op geskikte maniere om te verseker dat suksesvolle kommunikasie plaasvind.

Vertaling as interaksie het verskillende rolspelers wat soos volg deur Holz-Mänttari geïdentifiseer is (1984:109-111):

- Die inisieerder of opdraggewer is die persoon, groep of instansie wat die vertaling benodig vir ’n spesifieke doel.
- Die vertaler is die deskundige op die gebied van die vertaalhandeling asook interkulturele kommunikasie. Hy/sy is daarom verantwoordelik dat die vertaling aan sy doel beantwoord (Nord 1997a:21).
- Die bronteksskrywer is soms, soos in die geval van die Bybel, slegs indirek by die vertaalhandeling betrokke omdat die bronteks meestal geskep word sonder dat daar van vertaling sprake is.

- Die doellesers is die bepalende faktor in die vertaalhandeling. Hulle moet daarom duidelik gedefinieer word veral wat hulle agtergrondkennis en verwagtings van die doeltteks betref.

2.5.2 Die *skopos*-teorie

In die tagtigerjare het Hans Vermeer sy handelingsgebaseerde benadering tot vertaling uitgebrei om die *skopos*-teorie te formuleer. Die woord *skopos* is die Grieks vir “doel”. Volgens Vermeer is alle menslike handeling doelmatig en daarom ook vertaling. Die belangrikste maatstaf vir enige vertaling is of dit aan sy doel beantwoord. Volgens Reiss en Vermeer (1984) is die feit dat die doel met ’n vertaling bereik word belangriker as dat daar volgens ’n spesifieke metode gewerk word. Hulle het verder bepaal dat die *skopos* van die vertaling duidelik gestel moet word sodat die doellesers sal verstaan met watter doel voor oë die doeltteks geproduseer is.³¹

Die *skopos*-teorie het verder sekere reëls daargestel, onder andere die koherensiereël wat die samehang van die doeltteks voorskryf (intratekstueel) en die getrouheidsreël (“fidelity rule”) wat die koherensie met die bronteks voorskryf (intertekstueel). Die verskillende reëls word streng hiërargies toegepas; die getrouheidsreël is byvoorbeeld ondergeskik aan die *skopos*-reël. Die *skopos* kan verder voorskryf dat die funksie van die doeltteks anders as die funksie van die bronteks moet wees. In dié geval word daar nie meer van intertekstuele koherensie gepraat nie, maar van doeltreffendheid en toepaslikheid (“adequacy and appropriateness”, Nord 1997a).

Omdat doeltekste nou volgens hierdie teorie ander funksies kon hê as brontekste en die *skopos* van die doeltteks primêr in die vertaalhandeling is, het kenners die invloed van die *skopos*-teorie as die onttroning van die bronteks beskou.

³¹ Die onsigbaarheid van die vertaler is hiermee beëindig. Metatekste wat Bybelvertalings verduidelik is wel reeds in die verlede vir vertalings soos die Septuagint (*Die Brief van Aristéas*), Luther se Duitse Vertaling (*Die Dolmetschen*) en die Statevertaling gebruik, maar het sedertdien grootliks in onbruik verval tot *Das Neue Testament ...* (1999).

2.5.3 *Funksie van die doelteks*

Kritiek op Vermeer sluit die verwarrende manier in waarop hy die Duitse terme (*das Ziel, der Zweck*) verduidelik om te onderskei tussen die doel, die intensie en die funksie van 'n vertaling (Basson 2002:24). Vertalers moet 'n daadwerklike poging aanwend om die bedoeling van die inisieerder en die funksie van die doelteks te verstaan indien hulle hierdie teorie suksesvol wil toepas.

In 'n poging om hierdie terminologiese verwarring op te los, het Nord aangedui dat die bedoeling van die bronteksskrywer nie altyd suksesvol oorgedra word nie. As die skrywer egter in ideale omstandighede sy/haar doel bereik, was die kommunikasie suksesvol. Hierdie aspek is baie belangrik vir Bybelvertaling aangesien die bedoeling van die oorspronklike Bybelskrywers dikwels baie moeilik of onmoontlik is om te bepaal. Om enige verantwoordbare hipoteses oor die korrekte interpretasie van die bronteksskrywers te maak, moet die doelteksskrywers dus 'n baie goeie kennis van die bronkultuur hê asook die teks self deeglik analiseer.

Verder begin die vertaler die vertaalhandeling nie met die analise van die bronteks se linguistiese strukture nie, maar met die funksie van die doelteks. Schöffner definieer vertaling volgens die aanhangers van die *skopos*-teorie as professionele teksproduksie ten einde interkulturele kommunikasie te bewerkstelling, en tweedens, as 'n sosiale en kognitiewe handeling wat deur kundiges uitgevoer word (2001:4). Die geslaagdheid van die vertaling word dus gemeet aan die mate waartoe die *skopos* as die belangrikste element van die vertaalhandeling bereik is, en die vertaler neem verantwoordelikheid vir dié suksesvolle kommunikasie.

Daar kan ook daarom verskillende geslaagde vertalings van een doelteks wees, afhangende van wat in die vertaalopdrag (“translation brief”) aangedui is. Die grootste teoretiese voordeel van die *skopos*-teorie was dus die feit dat verskillende doeltekste op grond van verskillende *skopoi* geskep kon word. 'n Spesifieke Bybelvertaling kan

met 'n spesifieke doel voor oë gedoen word sonder dat intertekstuele koherensie in gedrang kom.³²

2.5.4 Funksie van die vertaalopdrag

Die beginsel waarvolgens vertaal moet word, word volgens Nord deur die vertaalopdrag voorgeskryf (1997b:56). Die opdrag moet so eksplisiet moontlik inligting soos die volgende bevat: die funksie van die teks, die teikenlesers, en die rede(s) waarom die teks vertaal moet word. Die rede waarom die Bybelgenootskap oorspronklik nie al hierdie besluite oor Afrikaanse Bybelvertalings gepubliseer het nie, was meestal omdat dit as voor die hand liggend gesien is, maar was ook die gevolg van die “onsigbaarheid” van alle vertalers van daardie tyd. Verder was daar voor Nida nie 'n eksplisiete teoretiese begroning beskikbaar waarvolgens konsekwente Bybelvertalings geproduseer kon word nie.

Die term “ekwivalensie” wat voorheen as problematies aangetoon is, word met die formulering van die *skopos*-teorie as een moontlike doel gesien waarna vertalers kan streef. Volgens hierdie teorie behoort daar eerder na doeltreffendheid in die sin of die vertaling aan sy doel beantwoord, gestreef te word (“adequate for a specific purpose”), as na ekwivalensie.

2.5.5 Die term "funksionalisme"

Katherina Reiss was die eerste vertaalkundige om die term “funksionalisme” op die vertaalkunde van toepassing te maak (in 1971 volgens Nord). Nord het naas die drie funksies van taal wat Reiss na aanleiding van Bühler (1934) geïdentifiseer het: die referensiële, ekspressiewe en die appèlatiewe, ook nog die fatiese gevoeg. Die funksionalistiese benadering vereis dat 'n teks eers as teks ontleed word wat hierdie

³² Vermeer lê die beginsel soos volg neer: “What the *skopos* states is that one must translate, consciously and consistently, in accordance with some principle respecting the target text” (Vermeer 2000:228).

funksies betref, voor die onderdele daarvan vertaal word. Dit staan as 'n *top-down* benadering bekend in teenstelling tot die linguistiese benadering wat *bottom-up* is, en die kleinste deeltjie van betekenis, die morfeem, as eenheid van vertaling gesien het. Wat meer is, die teks funksioneer as teks in 'n sekere kultuursituasie en die funksie van die bronteks kan nie sonder meer in die doelkultuur oorgeplaas word nie, want die doelteks funksioneer in 'n ander kultuur as die bronteks (Nord 1997b:49).

2.5.6 Dokumentêre en instrumentele

Nord se poging om tussen twee soorte vertaalprosesse te onderskei, het gelei tot die skep van die konsepte dokumentêre en instrumentele vertaling (1997b:52). In 'n dokumentêre vertaling is daar duidelike aanduidings dat die vertaling 'n vertaling is, terwyl daar in instrumentele vertaling geen nodigheid bestaan om aan te dui dat die leser 'n vertaling lees nie. In 'n instrumentele vertaling word die bronkultuur vir die doellesers geïnterpreteer en na die konteks van die doelkultuur oorgedra.³³ Die problematiese konsep “ekwivalensie” word hiermee onttron aangesien intertekstuele getrouheid ondergeskik aan die *skopos*-reël is.

Nord (1997a:47-50) onderskei tussen vier soorte dokumentêre vertalings: interliniêre (woord-vir-woord vir byvoorbeeld vergelykende taalstudie), letterlik (soos om die direkte woorde van 'n buitelandse politikus aan te haal), filologies (soos by klassieke en Bybelvertalings, soms met voetnote en 'n woordelys) en eksotiserend. Laasgenoemde is die gevolg van vreemdheid of afstand wat tydens die lees van dokumentêre vertalings by die doellesers ontstaan omdat die tyd of plek van die bronkultuur onveranderd gelaat word in die vertaling. Die betekeniswaarde van sekere kultuurgoedere word dan nie in die doelteks verduidelik nie en die leser het soms ekstra inligting nodig om dit te verstaan. Venuti noem hierdie benadering vervreemding (sien § 2.5.7). Gutt se opvatting van direkte vertaling (sien § 2.6.5) kan met hierdie benadering vergelyk word, alhoewel hy die vertaling van alle kommunikasieleidrade voorgestaan het, en nie net sommige nie soos deur Nord voorgeskryf.

³³ Vir 'n advertensie om in die doelkultuur sy appellatiewe funksie suksesvol te vervul, is dit byvoorbeeld soms nodig om 'n heeltemal ander een te produseer.

2.5.7 Eksotiserende vertalings

Nord se term “eksotiserend” kan in verband gebring word met die teoretikus Venuti se onderskeid tussen die twee vertaalstrategieë van verinheemsing en vervreemding (*domestication* en *foreignization*, 1995:19-21). Tydens verinheemsing, aan die een kant van die spektrum, word die vreemdheid van die bronkultuur tot die minimum beperk deur die doeltteks na die bekende vir die doelleser te verander. Dit kan volgens Venuti as geweld teenoor die bronkultuur gesien word, omdat die andersheid van die bronkultuur geïgnoreer word. Met vervreemding, aan die ander kant, word die bronteksskrywer met rus gelaat en die doeltteksleser word na hom/haar toe gebring. Neufeld (2008:6) noem so ’n vertaling “... a deliberate attempt to stage a culturally alien reading experience that avoids the prevalent ethnocentrism common in Western translation”.

Vir Bybelvertaling is Venuti se term “vervreemding” en Nord se term “dokumentêr-eksotiserend” van toepassing aangesien ingeligte (tweedegenerasie-) lesers oor die nodige agtergrondkennis beskik om die bronkultuur te verstaan. Dit is nie vir vertalers nodig om die andersheid van die Bybelkultuur te negeer in hedendaagse vertalings nie, deels omdat doelttekslesers meestal nie meer die Bybel primêr as evangelisasiehulpmiddel wil gebruik nie. Die moontlikheid van ’n dokumentêr-eksotiserende vertaling soos deur Nord voorgestel, met bykomende inligting vir die leser om die andersheid te verduidelik, is ’n haalbare benadering, soos later in hierdie studie aangedui sal word. Nord sien die funksionalistiese benadering as ’n breë raamwerk waarvolgens enige vertaalstrategie ’n spesifieke funksie in die doeltteks kan vervul. Sy stel dit soos volg:

The functional approach offers the possibility of using one and the same theoretical model to account for both documentary and instrumental forms of translation, including, of course, any form of equivalent translation, whatever the specification of equivalence may be (1997a:114).

2.5.8 Die term "lojaliteit"

Omdat die vertaler subjektiewe strategieë gebruik in sy/haar poging om die funksionalistiese benadering toe te pas, het kritiek dat daar nou te ver van die bronteks af beweeg word, veroorsaak dat Nord die term "lojaliteit" in die teorie ingevoer het. Nog 'n rede daarvoor was die beperking van die onbeperkte aantal *skopoi* vir die vertaling van enige spesifieke teks. Anders sou 'n mens kon sê dat alle vertalings ewe geldig is, elk net 'n produk van 'n spesifieke konteks en tydsvak. Die vertaler het egter 'n bepaalde verantwoordelikheid teenoor sy/haar vennote in die vertaalproses, naamlik die bronteksskrywer, die inisieerder van die vertaling en die doeltekslesers. Nord stel die verhouding soos volg: "Loyalty commits the translator bilaterally to the source and the target side" (1997b:48). Die term "lojaliteit" moet nie met 'n soortgelyke een van Nida, *fidelity*, verwar word nie. Nord stel dit duidelik dat dit hier gaan oor interpersoonlike, nie intertekstuele, verhoudings nie. Die lojaliteitsbeginsel vereis onder andere dat die bedoelings van die bronteksskrywer gerespekteer word.³⁴

Die kritiek dat die *skopos*-teorie die bronteks laat vaar en as onbelangrik ag, wat veral vir Bybelvertaling as problematies gesien word, kan verder ook in die vertaalopdrag ondervang word indien aangedui word hoe belangrik die bronteks vir die vertaler moet wees. Nord het die *skopos*-reël as baie algemeen gesien en dit soos volg geparafraseer: "... the translation purpose justifies the translation procedures" (1997a:140).

Die dokumentêre vertaalmetode kan by Bybelvertaling die effek hê dat die appèllatiewe funksie in die bronteks bloot as informatief (referensieel) in die doelteks vertaal word (Nord 1997a:50). Hoe groter die temporele en kulturele gaping tussen bronkultuur en doelkultuur, hoe groter die moontlikheid dat dit kan gebeur. Verder kan belangrike aspekte van byvoorbeeld metafore in die slag bly: die skynbare ekwivalensie van die "Lam van God" in 'n kultuur waar lesers nie met lammers bekend is nie, kan die kenmerke van reinheid en nie-aggressie byvoorbeeld heeltemal mis. Volgens Nord moet vertalers daarom in hul vertaling asook metatekste by

³⁴ In die praktyk beteken dit dikwels dat vertalers en kliënte oor die vertaalopdrag moet onderhandel.

vertalings (byvoorbeeld in die voorwoord) duidelik maak watter funksies die bronteks vervul het en doellesers met bykomende inligting help.

2.5.9 'n Voorbeeld van dokumentêr-eksotiserend

Nord en Berger het in hulle moderne vertaling van die Nuwe Testament in Duits van die dokumentêr-eksotiserende benadering gebruik gemaak. Daarvolgens moes hulle ook die doeltekslesers inlig oor hulle strategieë vir vertaalprobleme, en bykomende inligting invoeg om die kulturele gaping te oorbrug. Verder moet vertalers ook volgens Nord aandui of die funksie van die doelteks dieselfde as dié van die bronteks is. Omdat die Bybel uit 'n groot aantal tekstipes bestaan, moet vertalers ideaalgesproke vir elke Bybelboek hierdie funksie van nuuts af aandui omdat verskillende tekstipes verskillende funksies in die doelkultuur kan vertolk.³⁵

Nord het *Translation Oriented Source Text Analysis* (TOSTA) as noodsaaklik in haar en Berger se vertaaltaak beskou. Wat sy daarmee bedoel, is dat die vertaler eers 'n studie moet maak van die bronteksaspekte wat relevant vir die funksie van die doelteks is en dan strategieë uitwerk waarvolgens die vertaling aan die vereistes van die opdrag kan voldoen. Haar analise sluit intra- sowel as ekstratekstuele faktore in. Vir die ekstratekstuele gebruik sy vrae soos wie? (oor die skrywer of sender), vir wie? (die persone aan wie die teks gerig is) en op watter manier? (die medium waardeur die teks gekommunikeer word); en vir die intratekstuele, vrae oor die agtergrondkennis waaroor die skrywer aanneem die leser sal beskik, die leksikale en sintaktiese eienskappe en die toon van die teks.

Omdat die kultuursituasie van die Bybelse tyd vir sommige Bybellesers heeltemal vreemd is, moet die vertaler 'n deeglike studie daarvan maak om daarmee die bedoeling van die bronteksskrywer so getrou moontlik weer te gee. Volgens Nord en Berger bestaan daar geen kultuurvrye ruimte nie. In hulle inleiding tot die Nuwe Testament in Duits stel hulle dit duidelik dat brontekste en doeltekste in spesifieke

³⁵ In 'n Afrikaanse doelkultuur waar doellesers dalk nie met wysheidsliteratuur as genre bekend is nie, is dit die verantwoordelikheid van die vertaler om hierdie genre vir die lesers toeganklik te maak. Liedere en spreuke word ook byvoorbeeld in hedendaagse vertalings in digvorm gedruk om die leser te help.

kulture ingebed is.³⁶ Die *skopos* van “otherness understood” het in praktyk beteken dat Nord die andersheid van die Bybelse gegewe in die vertaling self bygewerk het om aan die kommunikatiewe intensies van die teks uitdrukking te gee.

2.5.10 Samevatting

Die funksionalistiese vereiste dat ’n vertaling ’n spesifieke kommunikatiewe funksie in die doelkultuur moet vervul, veroorsaak dat die evangelistiese funksie van Nida en die behoeftes van die tweedegenerasie- (ingeligte) Bybelleser nie in een vertaling verdiskonteer kan word nie. Twee verskillende *skopoi* moet vir sodanige vertalings gebruik word omdat verskillende lesers oor ’n verskillende mate van agtergrondkennis beskik. Vermeer en Nord se invloed op Bybelvertaling kan dus gesien word as die teoretiese basis vir verskillende soorte Bybelvertalings vir verskillende doellessergroepe. Waar getrouheid aan brontekste voorheen as maatstaf vir Bybelvertalings gebruik is, is dit nou vervang met getrouheid aan ’n spesifieke *skopos* en lojaliteit aan ’n spesifieke lesersgroep.

2.6 Die invloed van die Relevansieteorie op Bybelvertaling

Alhoewel Nord se toepassing van die *skopos*-teorie dit moontlik gemaak het om verskillende *skopoi* vir verskillende doellessers te identifiseer en daarvolgens vertalings te produseer, word die bedoeling van ’n teksprodusent nie sonder meer in die leksikale en grammatikale elemente van ’n taaluiting vervat nie. Om vertaling as kommunikasie suksesvol te maak, moet die ontvanger van die boodskap (die vertaler) die konteks van die spesifieke situasie verstaan en die gaping tussen die leksikale en grammatikale elemente en die bedoeling van die skrywer oorbrug. Smith (2000:34) het in sy doktorale verhandeling aangedui dat dit juis hier is waar die kodemodel van kommunikasie te kort skiet. Dit is volgens Pym ook glad nie eenvoudig om die bedoeling van die brontekskrywer getrou weer te gee nie: “... language at best gives

³⁶ Hierdie siening is baie anders as dié van byvoorbeeld Newmark wat gevoel het dat kulturele woorde maklik is om te herken “...since they are associated with a particular language and cannot be literally translated” (1988:95). Oordrag volgens hom vind slegs op leksikale vlak plaas.

‘communicative clues’ to authorial intention; it must constantly be interpreted in terms of its relation to situational determinants” (2007:215).³⁷

2.6.1 Die invloed van Sperber en Wilson

Grice het die kodemodel van kommunikasie (onder andere deur Jakobson vir die letterkunde ontwikkel, 1960:350-377) in 1968 verbeter en dit daarmee vir Sperber (’n taalkundige) en Wilson (’n kognitiewe sosioloog) moontlik gemaak om hulle verfyning van die model in *Relevance: communication and cognition* (1986) te publiseer. Die spreker of skrywer slaag in sy/haar kommunikasie as hy/sy bewyse lewer van ’n kommunikatiewe bedoeling. Die leser of hoorder kan hierdie bewyse in die taal ervaar of uit die konteks aflei (Gutt 1991:23-24). Smith noem die relevansieteorie ’n ostensiewe inferensiële verduideliking van kommunikasie. Die spreker is ostensief in die sin dat hy/sy verbale of nieverbale leidrade van sy/haar bedoeling verskaf sodat die hoorder kan aflei (“infer”) wat hy/sy bedoel. Veral as leidrade buite konteks gehoor word, kan dit op meer as een manier geïnterpreteer word. ’n Stimulus word nooit in ’n vakuum geproduseer nie. Dus sal die hoorder, as hy/sy weet wat die konteks is, die regte afleiding oor die spreker se bedoeling kan maak.

2.6.2 Die invloed van Gutt

Nadat Ernst-August Gutt ’n studie van Sperber en Wilson se relevansieteorie gemaak het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat ’n alternatiewe vertaalteorie op Nida nie meer nodig is nie, aangesien die relevansieteorie vir alle aspekte van vertaling voorsiening maak (1990:135). Volgens Gutt, “... the domain of the linguistic theory had shifted from text-based semantics to the pragmatics of inferential communication” (Pattimore 2007:241). Gutt tref ook ’n onderskeid tussen primêre en sekondêre kommunikasie om aan te dui dat die sender en ontvanger van primêre

³⁷ Soos later aangetoon sal word, kan die kommunikasieleidraad *hinneh* in Bybelse Hebreeus daarom nie weggelaat word in vertalings nie. Die funksie daarvan is om die doelleser te help om die bedoeling van die bronteksskrywers reg te verstaan.

kommunikasie dieselfde konteks deel, maar dat in die geval van sekondêre kommunikasie, soos met vertaling, die hoorders verskillende afleidings kan maak omdat hulle nie die oorspronklike konteks deel nie. Hulle aannames kan dus veroorsaak dat hulle die boodskap verkeerd interpreteer. Die rol van die vertaler sluit daarom in dat die oorspronklike konteks vir die doelleser verstaanbaar gemaak moet word. Gutt wou aandui dat verkeerde interpretasies geëlimineer kan word omdat daar binne 'n bepaalde konteks net een relevante interpretasie is.

In sy soeke na 'n “unified account of translation” het Gutt met ander woorde gevind dat vertaling 'n intertalige interpretatiewe gebruik van taal is (1991:161). Die vertaler probeer in die vertaling die gedagtes van die oorspronklike skrywer in die doeltaal weergee. Die leser interpreteer weer die boodskap na aanleiding van sy eie kognitiewe wêreld. Aangesien “...successful communication requires that the utterance be processed in the context envisaged by the communicator” (ibid.:28), het die problematiek van Bybelvertaling volgens Gutt te doen met die feit dat die wêreld van die sender en die wêreld van die ontvanger byna geen raakpunte het nie.

Volgens die relevansieteorie het die sender/spreker nie daarin geslaag om 'n duidelik genoeg stimulus daar te stel as meer as een interpretasie moontlik is nie.³⁸ Senders hoef egter nie heeltemal ondubbelsinnig te kommunikeer nie — net daarin slaag om die konteks van die ontvangers reg te verstaan. Dan sal ontvangers volgens die relevansieteorie die spreker se bedoeling en boodskap reg interpreteer. Sperber en Wilson het die relevansiebeginsel soos volg geformuleer: “Every act of ostensive communication communicates the presumption of its own optimal relevance” (1995:158). In effek beteken dit dat die hoorder/leser wat met 'n moontlik dubbelsinnige boodskap gekonfronteer word, die betekenis wat vir hom/haar die relevantste is as die bedoelde interpretasie sal aanvaar.

³⁸ Hierdie siening is op geen postmoderne teorie van toepassing nie. Dit word in die postmodernisme as vanselfsprekend gesien dat individuele interpretasies byvoorbeeld die letterkunde verruim.

2.6.3 Aspekte van relevansie

Waarom sekere aspekte van die werklikheid vir sekere persone relevant is, word deur twee beginsels bepaal. Volgens Sperber en Wilson is inligting vir iemand relevant indien daar 'n verband tussen daardie inligting en die persoon se bestaande aannames oor die wêreld bestaan. Nuwe inligting kan jou bestaande aannames versterk, verswak of daarop voortbou. Indien dit gebeur, het die inligting kontekstuele implikasies ("effects", Gutt 1991:27). Vir nuwe inligting werk dit soos volg: hoe meer kontekstuele implikasies dit het, hoe meer relevant is dit (Blass 1990:45).

Die ander faktor waarvolgens relevansie vir 'n individu gemeet kan word, is die mate waartoe die persoon bereid is om tyd en energie daaraan af te staan. Omdat mense geneig is om so min moontlik energie te bestee, dui die mate waartoe iemand bereid is om moeite te doen met 'n bepaalde saak aan hoe relevant die saak vir hom/haar is. Hierdie faktor word die prosesseringsfaktor genoem.

Sperber en Wilson se definisie vir relevansie word van die wisselwerking van bogenoemde twee faktore afgelei:

- Other things being equal, the greater the contextual effects, the greater the relevance.
- Other things being equal, the smaller the processing effort, the greater the relevance (1995:13).

Gutt sien dié wisselwerking soos volg: "... the principle of relevance establishes a cost-benefit correlation between the effort needed to process a stimulus and the contextual effects to be expected as reward" (1991:140). Vir Bybelvertaling beteken dit dat lesers gewoonlik nie 'n vertaling sal lees indien hulle dit as te moeilik beskou nie, tensy hulle ingelig is oor die andersheid van antieke, godsdienstige tekste en verkies om self uit gegewe moontlikhede vir hulle relevante interpretasies te maak.

2.6.4 Hindernisse vir kommunikasie

Dit was vir Gutt duidelik dat taalverskille nie die enigste hindernis vir suksesvolle kommunikasie is nie. Hy skryf dat 'n "... sometimes more formidable barrier ...[is] that of differences in contextual background knowledge" (2000:238). Indien 'n mens Nida met Gutt sou vergelyk wat verdiskontering van agtergrondkennis betref, sou jy kon aantoon dat Nida aanpassings ten opsigte van die doelkultuur maak (wat betref byvoorbeeld die veelgebruikte metafoor "Lam van God" dit dan vir Groenlanders met die "Rob van God" vervang) terwyl Gutt die doellesers na die bronkultuur sou neem (en die doellesers oor lammers inlig).

In Bybelvertaling is dit verder nie net die konteks wat interpretasieprobleme kan skep nie. Volgens Van der Merwe is daar nie 'n verteenwoordigende monster van Bybelse Hebreeus beskikbaar nie, wat beteken dat baie uitdrukkings of kommunikasieleidrade nie maklik verstaanbaar is nie (2001:4). Die aard van die Bybelse brontekste is met ander woorde op sigself 'n hindernis. Long (2005:13) stel hierdie hindernis as volg in sy inleiding tot *Translation and Religion. Holy Untranslatable?*:

Holy texts tend to be multifaceted, and function as literature, history, poetry, genealogy or philosophy as well as revelation. Their interpretation has a different perspective over time and varies according to the needs and cultural context of the interpreters. The function or *skopos* of their translation also varies according to the motive for translating.

Die mindere of meerdere mate waartoe doellesers gehelp moet word om die teks beter te verstaan, is ook lank reeds kontroversieel. In 1981 het Peacock dit soos volg gestel: "The day is gone when the bare text can be put in the hands of the reader if he (sic) is expected to understand the message. He needs help in bridging the temporal and cultural gap between the biblical period and today" (soos aangehaal in Pattemore 2007:237). Die beweging in die rigting van Studiebybels en ander hulpmiddels, ook elektronies, is dus pogings om wel die volle betekenis van die brontekste vir die lesers te ontsluit.³⁹

³⁹ Die vraag of sodanige bykomende hulp in die doeltteks self vervat moet word, of as voetnote of glossaria aan die einde van die teks, bly vandag nog kontroversieel (sien Nord en Berger, § 2.5.9).

2.6.5 Direkte en indirekte vertaling

Gutt het verder geïdentifiseer dat die relevansieteorie op vertaling as “intertalige interpretatiewe gebruik van taal” toegepas kan word. Vir Bybelvertaling het hy ’n onderskeid gemaak tussen direkte en indirekte vertalings. Net soos direkte rede probeer om iemand se woorde presies aan te haal, probeer ’n direkte vertaling om al die aannames van die bronteks na die doelteks oor te dra. Die doeltekslesers moet bewus wees van die konteks van die bronteks en direkte vertaling behou dan die afstand wat die kultuur en plek van die bronteks betref. Die vorm van die bronteks word ook behou, omdat daarmee belangrike kommunikasieleidrade aan die leser oorgedra word. Soos ek later sal aantoon, was Gutt van mening dat kommunikasieleidrade doeltekslesers in staat stel om die korrekte interpretasie volgens die intensie van die bronteksskrywers te maak (Gutt 1991:127). ’n Direkte vertaling wat al die kommunikasieleidrade van die oorspronklike kan reproduseer en gelees word met die oorspronklike konteks in gedagte, behoort tot dieselfde interpretasie te lei. Oor die verhouding tussen die funksionalistiese benadering en Gutt se siening skryf Pattemore soos volg (2007:259):

Gutt’s approach is not really a retreat into ‘literal’ translation, but ... in fact, it requires an essentially functional-equivalent approach to the translated text, since the requirement of ‘direct translation’ is not that the chosen stimulus should resemble the course stimulus in its linguistic properties, but ... it should have complete interpretive resemblance; it should produce the same cognitive effects when interpreted within the same context.

Een van die vernaamste kritici teen die gebruik van die relevansieteorie vir Bybelvertalingsdoeleindes, Van Grootheest, noem in sy ongepubliseerde doktrale verhandeling “Relevance Theory and Bible Translation” (1996), eerstens, dat slegs ’n klein gedeelte van die Bybel uit “tokens of ostensive communication” bestaan en daarom binne die domein van die relevansieteorie val, en tweedens, dat direkte vertaling dalk in die praktyk nie moontlik kan wees op die manier waarop Gutt dit definieer nie (soos aangehaal deur Pattemore 2007:259-260). Soos aangetoon sal word, was die praktiese uitvoering van laasgenoemde nie op Gutt van toepassing nie,

aangesien hy, anders as Nida, nie gepoog het om preskriptief vir die vertaalpraktyk op te tree nie, maar slegs indien moontlik, 'n omvattende teorie daar te stel. In die geval van eersgenoemde punt van kritiek, voel Pattemore dat Van Grootheest se definisie van ostensiewe kommunikasie dalk in hierdie geval die probleem kan wees.

2.6.6 Kommunikasieleidrade

Ten spyte van die kritiek teen Nida, het hy reeds die oordrag van alle moontlike betekenis uit die brontekste voorgestaan. In *From One Language to Another* (1986:65) skryf hy en De Waard: “Decoding devices ... should attempt to obtain from the text all the meaning that resides in it.” Nida het wel geïdentifiseer dat bogenoemde soms 'n onnatuurlike vertaling wat moeilik lees tot gevolg het en sy vereiste van “... closest natural equivalent ...” (sien § 2.4.5) het hierdie definisie daarom beperk. Volgens Smith (2000:60) is idiomatiese taalgebruik egter deel van die bronteks se kommunikasieleidrade. Wanneer die vertaler dit dus onmoontlik vind om beide die kommunikasieleidraad en die vorm te behou, kan hy/sy kies om die doelteks eerder verstaanbaar aan te bied. Dan word die linguistiese eienskappe funksioneel hanteer (ibid.:59). Strukture wat kommunikasieleidrade in die bronteks bevat, maar niks in die doeltaal beteken nie, word vervang met kommunikasieleidrade wat dieselfde rol in die doeltaal speel. Sommige leksikale eenhede word selfs in die doelteks behou (voorbeelde: *sela*, *amen*, *halleluja*).

Die merk van leidrade in 'n bronteks maak dit volgens die inferensiemodel van kommunikasie vir brontekslesers makliker om relevante afleidings te maak. Op dieselfde manier moet die vertaler die doelteks merk om doeltekslesers te help om die regte interpretasie van die boodskap van die doelteks te maak. Volgens Hope (1997:8): “A text would be treated as a semiotic process in which marked signs within the text are seen as conveying greater significance than unmarked signs”.⁴⁰

Direkte vertaling is gebaseer op die funksionele oordrag van linguistiese eienskappe sodat die kommunikasieleidrade wat in hulle vervat is op 'n natuurlike wyse in die

⁴⁰ Die merk van die funksies van die kommunikasieleidraad *hinneh* is dus belangrik en moet tydens vertaling as sodanig hanteer word.

doelteks oorgedra kan word. Omdat die vind van hierdie leidrade 'n interpretatiewe proses is, moet die vertaler 'n deeglike kennis van die brontaal en –kultuur hê, of soos hedendaags die gebruik is, met 'n brontaaldeskundige saamwerk.

'n Direkte vertaling volgens Gutt se vereiste vir die oordrag van alle kommunikasieleidrade bestaan uit 'n balans tussen dit wat formeel en dit wat funksioneel vertaal moet word. Die vertaler vertaal die eksplisiete inhoud van die teks op 'n formele wyse, maar pas die linguistiese strukture funksioneel aan om idiomaties in die doelteks te lees. Implisiete inligting moet nie eksplisiet gemaak word nie, omdat die leser beskik oor die vaardighede om dit self uit die bronkultuur af te lei. Smith stel die verhouding tussen funksionalisme en die relevansieteoretiese siening soos volg (2002:110-111): “[A] translation must retain all the communicative clues of the original ... Their value lies not in their intrinsic form, but in their communicative function. ... This approach is inherently similar to that of functional equivalence, which also treats the linguistic components of the source text from a functional perspective”.

Die praktiese implikasies van Gutt se benadering vir 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling sluit die volgende in (Van der Merwe 2008:4): om alle relevante kommunikasieleidrade te identifiseer, en tweedens “... (to) determine the information (and the format) needed to bring the cognitive world(s) of the layers of possible first audiences in line with that of the agreed readership(s) of the target text.” Die onhaalbaarheid van “alle kommunikasieleidrade” word deur Van der Merwe gekwalifiseer deur die adjektief “relevante”. Uiteraard is hierdie kwalifikasie ook problematies aangesien vertalers daarvoor sal verskil. Volgens Van der Merwe het onlangse navorsing in Bybelse Hebreeus egter lig gewerp op duidelike kommunikasieleidrade (“overt communicative clues”), veral woordorde en die gebruik van partikels.

Gutt se onderskeid tussen direkte en indirekte vertaling is deur sommige kritici beskou as net 'n nuwe formulering van die ou letterlike en vrye vertalings (sien byvoorbeeld Wendland 1996:129). Diegene wat direkte vertaling as nog 'n toepassing van formele ekwivalensie gesien het, het daarmee die groot verskil misgekyk, naamlik die agtergrondkennis van die doelleser. In geval van 'n formeel-ekwivalente vertaling

moet die leser oor kennis van die bronkultuur asook die struktuur van die brontaal beskik aangesien linguistiese strukture formeel vertaal word. Omdat die strukture egter funksioneel vertaal word in 'n direkte vertaling, hoef die doelleser slegs kennis oor die bronkonteks te hê om die teks te verstaan. Sodanige kennis is by vele tweedegerasielesers teenwoordig. Indien nie, kan dit in hulpmiddels soos voetnote of woordelyste verkry word.

'n Indirekte vertaling, aan die ander kant, probeer net sommige van die kommunikasieleidrade van die oorspronklike bronteks oordra, naamlik dit wat vir doeltekslesers as relevant gesien word. Tydens indirekte vertaling is die korrekte verstaan van die konteks van die bronteks vir die vertaler van kardinale belang, aangesien hy/sy eksplisiete sowel as implisiete inligting in die doelteks moet oordra. Omdat hierdie vereiste in Bybelvertaling soms moeilik haalbaar is weens die ingewikkeldheid van die bronteks, kies die vertaler dan sekere interpretasies. Soos reeds aangetoon, verwag die meeste Bybellesers 'n hoë graad van ooreenstemming met die bronteks, omdat die Bybel 'n religieuse teks is. Dit veroorsaak dat tweedegerasielesers nie altyd tevrede is met die interpretasie van indirekte vertalings nie, aangesien hulle bewus kan wees van teenstrydige sienings.

2.6.7 Verskille tussen die skopos-teorie en Gutt se toepassing van die relevansieteorie

Nord en Berger se vertaling van die Duitse Nuwe Testament was volgens hulle 'n dokumentêr-eksotiserende vertaling (*Das Neue Testament und frühchristliche Schriften*, voorwoord, 1999), maar dit het in 'n groot mate aan Gutt se vereistes vir 'n direkte vertaling voldoen. Die vertaling is vanuit die funksionalistiese benadering aangepak en die *skopos* was om nie die Bybelse gegewe vir die doelleser te verinheems nie, maar die leser te help om die bronkultuur reg te verstaan. Die kulturele vreemdheid is met ander woorde behou en die leser is van bykomende inligting voorsien om dié vreemdheid te verstaan en te respekteer. Hierdie betekenis word as referensieel aangedui – die vertaling verwys na 'n teks uit 'n vreemde kultuur en dui dit as sodanig aan. Waar Gutt aanbeveel het dat ekstra kulturele inligting in

voetnote verskaf word, het Nord en Berger egter besluit om dit in die vertaling self te vervat.

Gutt se siening van die toepassing van die relevansieteorie in direkte en indirekte vertalings is nie onversoenbaar met die funksionalistiese benadering nie. Hy beskou ook die bedoeling van die bronteks en suksesvolle kommunikasie met doeltekslesers as van groot belang, net soos die *skopos*-teoretici. Gutt beskou vertaling egter as sekondêre (maar ingewikkelde) kommunikasie binne die relevansieteoretiese siening, en hierdie aspek is nie te versoen met die funksionalistiese benadering nie (Basson 2002:52). “Wanneer daar gefokus word op die rol wat die funksie van ’n spesifieke teks in ’n spesifieke situasie het, kan die aard van die kommunikasie nie anders as primêr wees nie.” Dit is een van die redes waarom Gutt nie die *skopos*-teorie as omvattende benadering beskou het wat ook sy direkte vertaalmetode kon insluit nie (Gutt 2000:218).⁴¹

Die referensiële betekenis van Bybelvertaling moet verder deur die appellatiewe funksie daarvan ondersteun word (Basson 2002:64). Volgens Van der Merwe is dié funksie waarskynlik die rede waarom Nord bykomende inligting in die vertaling self, en nie in voetnote invoeg nie (2008:4). Die ekstra inspanning wat dit van doellesers verg om voetnote op te spoor en te ontsyfer, doen afbreuk aan die appèl van die boodskap.⁴²

2.7 Gevolgtrekking van literatuurstudie

Voor vertaalstudie ’n aparte dissipline was, is daar met reg gesê dat vertaling dikwels op ’n lukraak wyse aangepak is — soms vryer, soms meer letterlik. Nida het in sy poging om ’n vertaalteorie daar te stel oorspronklik van die kodemodel en sommige van Chomsky se taalkundige konsepte gebruik gemaak. Soos aangedui (in § 2.4.2), is daar egter met verloop van tyd bevind dat die kodemodel nie meer bevredigend funksioneer as teoretiese basis vir vertaalaktiwiteit nie. Ontwikkeling in die

⁴¹ Nord beskou Gutt se direkte vertaling waarskynlik as ’n filologiese vertaling (Van der Merwe 2008:3, voetnoot).

⁴² Smith stel hierdie vereiste soos volg (2002:110-111): “The emphasis relevance theory places on keeping processing effort to a minimum means that the reformulated communicative clues must be natural to the idiom of the receptor language”.

vertaalkunde, onder andere Nord se aanpassing van die funksionalistiese benadering en Gutt se toepassing van die relevansieteorie op Bybelvertaling, skeep 'n meer verantwoordbare raamwerk waarbinne 'n wetenskaplik begronde vertaalteorie geformuleer kan word.

Bogenoemde ontwikkelings in vertaalkunde het die volgende belangrike implikasies vir 'n volgende Bybelvertaling in Afrikaans: die direkte vertaalmetode soos deur Gutt gepropageer, beteken dat die profeet Daniël byvoorbeeld Afrikaans sou praat, maar aangesien die leser na die teks geneem word en nie andersom nie, die konteks van Daniël nie na die konteks van 21ste-eeuse Suid-Afrika verander sal word nie. Verduidelikende notas sal dus nodig wees om kulturele gebruike, ensovoorts, vir die moderne leser toeganklik te maak. Wat kommunikasieleidrade betref, sal alle moontlike leidrade in die bronteks op 'n konsekwente manier verdiskonteer moet word. Soos later aangedui sal word, is hiervoor 'n beter beskrywing van kommunikasieleidrade in Bybelse Hebreeus nodig as wat tot dusver beskikbaar was. Vertalers is egter deesdae meer bewus van die praktiese onhaalbaarheid van die term “alle kommunikasieleidrade”, asook van die vertaler se lojaliteit teenoor sy/haar doellesers en ander rolspelers in die vertaalproses.

Indien die gesag van moderne direkte Bybelvertalings en hulle getrouheid aan brontekste volgens hierdie studie afhanklik is van die funksionalistiese toepassing van die begrip “alle kommunikasieleidrade”, is die strewe na die konsekwente verdiskontering van Bybels-Hebreeuse leidrade in Bybelvertalings 'n primêre taak van vertaal- en brontaalkundiges. Daarom sal ek in die volgende hoofstuk die kommunikasieleidraad *hinneh* as eksemplaries van sodanige leidrade bespreek.

Hoofstuk 3:

Die funksie van *hinneh* as kommunikasieleidraad in die bron- en doelt tekste

3.1 Inleiding

Die Bybels-Hebreeuse leksikale eenheid *hinneh*⁴³ kom 1060 maal in 1004 verse in die Ou Testament voor.⁴⁴ Andersen noem dit 'n "... protean lexeme with a wide range of meanings and grammatical functions" (2003:30). Indien die *skopos* van Bybelvertaling gesaghebbendheid vereis, en gesaghebbendheid getrouheid aan die bronteks beteken (soos in hoofstuk 2 aangedui), kan leksikale eenhede soos *hinneh* nie in vertalings geïgnoreer word nie. Die keuse vir direkte vertalings beteken getrouheid aan die brontekste asook die verdiskontering van alle kommunikasieleidrade moontlik. Dat sodanige leidrade 'n beduidende rol speel om sommige fyner nuanses van die brontekste beter te belig, is in die verlede nie altyd genoegsaam na waarde geag nie. In onlangse taalkunde het 'n groter aksent op die pragmatiese dimensie van taal egter daartoe bygedra dat hierdie situasie ten goede verander het.

In hoofstuk 2 het dit verder geblyk dat die konsepte "lojaliteit teenoor die teks" binne die funksionalistiese model van Nord, en "kommunikasieleidrade" binne Gutt se model van Bybelvertaling as ingewikkelde vorm van sekondêre kommunikasie, 'n sleutelrol speel in die vertaling van die Bybel in die 21ste eeu.

In die onlangse verlede het die kerke in Suid-Afrika die Bybelgenootskap versoek om 'n nuwe brontaalgerigte vertaling van die Bybel te produseer. In terme van Gutt se model impliseer dit 'n vertaling wat al die kommunikasieleidrade in die brontekste van die Bybel sal verreken en in idiomatiese Afrikaans sal weergee.

⁴³ Die Bybels-Hebreeuse alfabet asook die gebruik om nie vokale in Hebreeus neer te skryf nie word nie vir hierdie studie gebruik nie. Sommige bronne dui egter *hinneh* as *hnh* of *hinnēh* aan.

⁴⁴ Telling volgens Bible Speed Search. Andersen (2003:27) gebruik die telling van die *NIV Exhaustive Concordance*, maar reken die partikel *hēn* ook by sy telling in (1160). Vir hierdie studie word die voegwoord (en) + *hinneh* (*wehinneh*) wel ingereken.

Gutt spel ongelukkig nie eksplisiet uit wat hy alles as “kommunikasieleidrade” beskou nie. Volgens Van der Merwe (2008) sou met redelike sekerheid aanvaar kon word dat die meeste sogenaamde diskoerspartikels inderdaad as overte (eksplisiet gemerkte) kommunikasieleidrade verstaan kon word. Een sodanige overte kommunikasieleidraad, volgens Van der Merwe juis een van die uitdagings wat bogenoemde vertaalopdrag bied, is die partikel *hinneh*.

Die probleem is dat die interpretasie en vertaling van *hinneh* ’n uitdaging op sigself is. Volgens Van der Merwe setel hierdie problematiek in die feit dat *hinneh* nog nie uitvoerig deur Bybels-Hebreeuse taalkundiges beskryf is nie.⁴⁵ In 2006 gebruik hy insigte van die Kognitiewe Taalkunde om *hinneh* te beskryf en in 2007 bied hy ’n uitgebreide geskiedenis van ander pogings tot die beskrywing van *hinneh* aan. As Bybels-Hebreeuse taalkundige is hy egter versigtig om die laaste woord te spreek oor die vertaling van *hinneh*. Hierdie studie is ’n poging om lig te werp op die vertaalmoontlikhede van *hinneh*.

In hoofstuk 4 gaan ek ondersoek hoe drie vorige Afrikaanse vertalings *hinneh* vertaal het. Aan die hand van die kategorieë wat Van der Merwe in Naudé onderskei, gaan ek dan (in § 4.5) meer verantwoordbare vertaaloplossings vir *hinneh* voorstel. Om laasgenoemde aansprake die nodige geloofwaardigheid te gee, gaan ek nou in hoofstuk 3 eers stilstaan by die empiriese status van *hinneh*.

In aansluiting by meer onlangse sienings dat woordsoortetikette vir lekseme soos *hinneh* nie gelykgestel kan word met die verstaan daarvan nie, argumenteer ek dat dit vir die doel van hierdie studie genoegsaam is om *hinneh* as ’n overte kommunikasieleidraad te beskou. Ter illustrasie bespreek ek dan die bevindings van Andersen (2003) in verband met die woordsoortkategorisering van *hinneh*. Ek

⁴⁵ Die gebrekkige beskrywing van leksikale eenhede soos *hinneh* het tot veral drie vertaalstrategieë aanleiding gegee (soms in dieselfde vertaling):

- dit is as te ingewikkeld gesien en daarom geïgnoreer;
- dit is konkordant hanteer (en in die geval van *hinneh* ongeveer deurgaans met “behold/kyk” vertaal); en
- omdat dit moeilik was om die voorkoms daarvan op grond van sintaktiese of semantiese kategorieë te klassifiseer, is dit ongelukkig op inkonsekwente wyse vertaal.

bespreek ook kortliks die status van die term “diskoersmerker”. Vir die doel gebruik ek die werk van Fischer (2006) as vertrekpunt. Aangesien Van der Merwe en Naudé (Werksdokument:422-451) die problematiek rondom die interpretasie en vertaling van *hinneh* aanspreek, stel ek hulle studie daarna aan die orde.

3.2 Klassifikasie van *hinneh* in die verlede

3.2.1 Vorige studies oor *hinneh*

Die studie van die Bybels-Hebreeuse leksikale eenheid *hinneh* is niks nuuts nie. Volgens Kogut (1986:133): “The biblical word [*hinneh*] has constituted a focus of study for lexicographers, grammarians and scholars since the Middle Ages”. Kogut het self probeer om een allesinsluitende sintaktiese kategorie van die gebruike van *hinneh* te beskryf, maar sy poging was volgens Van der Merwe (2007b:103) nie so geslaagd soos *A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament*, wat reeds in 1907 verskyn het nie (Brown, Driver & Briggs).

’n Bepalende moderne studie is egter die een deur Andersen (2003). Hier volg ’n kort opsomming van sy bevindings oor die hantering van *hinneh* in ’n aantal Engelse Bybelvertalings. Die woord “behold” (wat vandag as argaïes beskou word) is in 685 gevalle in die *King James*-vertaling ⁴⁶vir *hinneh* gebruik; ’n verdere argaïese woord “lo” in nog 115 gevalle (Andersen 2003:31) en verder ook “look” en “see” minder dikwels. Voorafgaande behoort duidelik te maak waarom ’n jong taal soos Afrikaans dit moeilik vind om moderne ekwivalente vir *hinneh* te vind. Volgens Andersen behandel moderne Engelse vertalings *hinneh* egter gewoonlik “... as a nullity that does not need to be translated at all” (ibid.). In die *New International Version* (1978) word “behold” slegs een maal aangetref (Jes 65:17). In die res van die *NIV* is meer as die helfte van die gevalle (588) van *hinneh* bloot weggelaat, maar die res word op 75 verskillende maniere vertaal, met ander woorde *hinneh* word as heelwat verskillende woordsoorte verreken. Vertaalkundiges wat konsekwentheid as voorwaarde vir goeie

⁴⁶ Ook die *Authorized Version* (1611, sien ook § 2.2.5) genoem, omdat Koning Jakobus van Engeland (James I) aan bewind was toe die besluit geneem is vir ’n vertaling wat vir al die partye in die kerk aanvaarbaar sou wees. Ongeveer 50 geleerdes het aan dié vertaling gewerk en streng kontrole is oor hulle werk uitgeoefen.

vertaling sien, sou kon vra wat die verband tussen woordsoortkategorieë en die verskillende funksies van *hinneh* is.

Andersen het die vertaling van *hinneh* in die *New International Version* (NIV) met dié in die *New Jewish Publication Society*-vertaling (die NJPS, 1999) vergelyk, waarin hy bevind het dat daar in 300 gevalle geen ooreenkoms tussen die hantering van hierdie twee vertalings ten opsigte van *hinneh* voorkom nie. Die NJPS vertaal *hinneh* verder op 120 verskillende maniere (Andersen 2003:25-26). Andersen het uiteindelik in sy ondersoek na die woordsoortkategorisering van *hinneh* bevind dat die meerderheid Hebreuse kenners volstaan met die vae term “partikel” in hulle klassifikasie, maar hy het self drie dimensies van *hinneh* probeer saamvoeg deur dit ’n “perspectival presentative predicator” te noem (ibid.:52-53).

Die grootste probleem met die kategorisering van ’n leksikale eenheid soos *hinneh* is terminologiese inkonsekwentheid. Slegs gedeeltelike oplossings word deur die meeste definisies verskaf. Selfs die term “partikel” word deur sommige taalkundiges gedefinieer op so ’n wyse dat *hinneh* en al sy funksies nie onder sodanige definisie kan tuis hoort nie. Verder is sommige kategorieë sintakties gefundeerd, ander semanties en ander pragmaties, wat bydra tot die verwarring.⁴⁷

3.2.2 Is *hinneh* ’n leksikale, semantiese of strukturele partikel?⁴⁸

Indien *hinneh* slegs ’n leksikale partikel is, behoort dit relatief eenvoudig te wees om in Afrikaans of enige ander taal ’n ekwivalent daarvoor aan te dui. Selfs ’n paar verskillende ekwivalente vir verskillende funksies in die Bybelse Hebreeus behoort aangedui te kan word. Dit is egter nie eenvoudig om sulke ekwivalente verhoudings tussen Bybelse Hebreeus en Afrikaans aan te dui nie, veral nie vir partikels nie.

⁴⁷ *hinneh* kan ook byvoorbeeld deikties, presentatief (’n semantiese kategorie) én ’n kommunikasieleidraad wees, aangesien hierdie kategorieë mekaar nie uitsluit nie.

⁴⁸ Die definisie van partikels wat hier ter sprake is, is die algemene een vir leksikale eenhede wat nie maklik as ander woordsoorte geklassifiseer kan word nie.

In die Ou Vertaling is *hinneh* meestal met “[k]yk” vertaal. Visuele aktiwiteit is egter nie altyd ter sprake nie, aangesien daar in die meeste gevalle niks te sien is nie (Andersen, 2003:26). *hinneh* het eerder soms ’n deiktiese, soms ’n presentatiewe, en soms ’n miratoriese funksie, met ander woorde dit probeer die aandag van die hoorder vestig op daaropvolgende (soms verrassende) inligting (van Italiaans, *mire* = kyk). As *mire* in Italiaans gebruik word, volgens Pons Borderia, “... [it] minimizes a dispreferred answer” (2006:87). As *hinneh*/kyk dus as kommunikasieleidraad gebruik word, sou kon aangedui word dat dit die relevansie van inligting verhoog en irrelevante interpretasies verminder. Om *hinneh* egter bloot as werkwoord te vertaal (“Kyk na die ...”), mis die werklike funksie wat nie dié van ’n werkwoord van persepsie is nie.

Soos “kyk” soms ’n werkwoord is en soms as ’n partikel gesien kan word, verteenwoordig ander partikels in ander kontekste ook ander woordsoorte, en dit is een van die redes waarom partikels moeilik kategoriseerbaar is. Volgens Blakemore (2002) het ongeveer alle studies oor partikels by kategorisering vasgeval. Die vraag kan gevra word of ’n studie soos hierdie dan die baie wye term “leksikale eenheid” moet gebruik bloot omdat ’n meer akkurate definisie nie beskikbaar is nie. Elke taalkundige se lys partikels sluit ook sekere in en ander uit om redes wat idiosinkrasies en moeilik verstaanbaar is. In die taalkunde is die skeiding tussen woordsoorte verder nie meer so rigied soos in die verlede nie, sodat meer “uitsonderings” geakkommodeer kan word.

Sommige studies het ook suksesvol (volgens Van der Merwe 2007b:121) aangedui waarom *hinneh* anders of meer as “... a predicator of existence, demonstrative particle, attention-getting particle, or an interjection” is (Follingstad 1995:3-4).

Daar kan dus gesê word dat *hinneh* nie maklik as leksikale, semantiese of strukturele partikel geklassifiseer kan word nie om die volgende moontlike redes (wat vervolgens bespreek sal word): *hinneh* dra geen betekenis op sigself oor nie; *hinneh* kan soms weggelaat word sonder verskraling van betekenis; *hinneh* het verskillende funksies in verskillende kontekste; *hinneh* merk nie bloot verskillende onderafdelings van diskoers om die leser te help nie.

3.2.3 Is *hinneh* 'n diskoersmerker of -partikel?

Die konsepte diskoers en diskoerspartikel word deur taalkundiges sodanig verskillend gedefinieer dat daar bykans geen konsekwente afleiding daarvoor gemaak kan word nie.

Indien daar egter aangedui kan word dat die invloed van *hinneh* meer as net dié van 'n partikel of leksikale eenheid is, funksioneer dit op die vlak van diskoers. Volgens Van der Merwe (2007b:122) is 'n ondersoek na hierdie aspek onder andere die belang van 'n studie deur Follingstad.⁴⁹ Andersen (2003:55) het Follingstad egter vir sy beperkte korpus gekritiseer en beweer dat veralgemenings nie uit Follingstad se meestal narratiewe voorbeelde gemaak kan word nie. Die deiktiese aard van *hinneh* hou egter volgens dié studie nie net met persone, voorwerpe of imminente gebeure verband nie, maar ook met diskoers.

Wat is diskoers? As tekseenhede van klein na groot gerangskik word, word diskoers gesien as die volgende grootste eenheid van taalgebruik ná morfeem, frase of bysin, sin, paragraaf en (soms selfs) teks. Binne tekste word diskoers dikwels met koherensie (“topic continuity”) in verband gebring en daarom word die merk van diskoers om dit meer samehang te gee as 'n essensiële kenmerk van tekseenheid gesien. Diskoersmerkers dui dus aan watter onderlinge verhoudings tussen teksdele bestaan en help die leser om die regte afleidings oor die teks te maak.⁵⁰

Die algemeen gebruiklike definisie van diskoersmerkers in die literatuur is dié van Schiffrin: “... members of a functional class of verbal (and non-verbal) devices which provide contextual coordinates for ongoing talk” (1987:41). Die betekenis van funksioneel in hierdie definisie veronderstel dat diskoersmerkers 'n belangrike funksie in die verstaan van diskoers speel. Indien dit met die volgende definisie van diskoerspartikels vergelyk word, kan gesien word dat partikels nie so funksioneel gesien word nie. Fischer (as redakteur van die belangrike boek *Approaches to*

⁴⁹ Follingstad het partikels egter as “complementizers” geklassifiseer (Van der Merwe 2001:54).

⁵⁰ 'n Meer algemene definisie van diskoers is die een wat dit met gesprek oor 'n sekere kwessie gelykstel. Deist (1993:21) gee as rede vir die voortdurende behoefte aan nuwe Bybelvertalings, byvoorbeeld, die feit dat “...our discourses keep on changing as a result of our shifting contexts ...”

Discourse Particles (2006:4) definieer diskoerspartikels soos volg: "...small, uninflected words that are only loosely integrated into the sentence structure, if at all".

Een rede vir die term "diskoerspartikel" is die feit dat sekere taaleenhede wat volgens taalkenners onder die term "diskoersmerkers" tuishoort, nie verhoudings tussen teksdele merk of aandui nie. Dit is egter nie haalbaar om hulle onder enige ander woordsoort te kategoriseer nie. Hierdie praktyk is die rede waarom sulke uiteenlopende partikels soos voegwoorde, fatiese geluide en organisasiemerkers (soos eerstens) volgens sommige definisies onder die hofie partikels teregkom.

Indien *hinneh* as diskoersmerker geld, sal die effek daarvan soos volg aangedui kan word: diskoers + *hinneh* = veranderde diskoers, na aanleiding van die funksie van *hinneh* in die spesifieke sin. Daarom moet die verskillende funksies wat *hinneh* in Bybelse Hebreeus vervul, ondersoek word, om die effek daarvan op daaropvolgende diskoers aan te dui.

In die Hebreeuse bronteks sou *hinneh* as diskoersmerker die brontekshoorder help om die funksie van die diskoers⁵¹ reg te interpreteer. Die doeltteksskrywer (vertaler) sal die diskoers sodanig moet merk dat die doeltteksleser die diskoers reg interpreteer. Hierdie vereiste van funksionalisme is soos reeds aangetoon (sien § 2.5.5) bepalend vir Bybelvertaling indien die getrouheid daarvan aan die bronteks as ononderhandelbaar beskou word en die interpretasie van die doeltteks daarom soortgelyk aan dié van die bronteks moet wees.

Die term diskoersmerker word volgens Weydt (soos aangehaal in Van der Merwe 2007a:205-206) as sambreelterm vir onder andere "pragmatic markers, ... argumentative markers, presentative particles, ...modal particles, adverbial connectives, connectives, modal discourse particles, ..." gebruik. Alhoewel dié definisie na my mening so wyd is dat bruikbare afleidings nie daarvan gemaak kan word nie, gee ek vervolgens 'n verdere kort motivering waarom ek *hinneh* nie primêr as diskoersmerker sal bespreek nie.⁵²

⁵¹ Volgens Bühler (1934) kan diskoersfunksies narratief, appellatief, ekspressief of deskriptief wees.

⁵² Fischer et al. se omvattende werk oor diskoersmerkers (red. 2006) dien as agtergrond vir die volgende bespreking.

Die term “diskoersmerker” is nie ’n woordsoort of leksikale klas nie (Van der Merwe & Naudé Werksdokument:424). Dit word slegs as die mees inklusiewe term vir sodanige partikels beskou (Fischer 2006:5), en funksies wat deur diskoersmerkers vervul word, kan ook deur ander leksikale eenhede vervul word. As dit byvoorbeeld ’n deiktiese funksie⁵³ vervul, vestig dit die aandag op inligting wat daarop volg.

Van der Merwe en Naudé klassifiseer *hinneh* as diskoersmerker⁵⁴ in hulle beskrywende grammatika (Werksdokument:422), omdat dit volgens hulle in die meerderheid gevalle die skrywer se evaluering van die nuuswaardigheid van ’n imminente aksie aandui, alhoewel hulle toegee dat dit soms ook die funksie van ’n presentatiewe partikel aanneem. By verbasende (miratoriese) gebeure noem hulle die sintaktiese gedrag van *hinneh* soortgelyk aan dié van komplimenteerdere (ibid.). Vroeër het Van der Merwe *hinneh* ook al as deiktiese partikel beskryf (2007b:101):

Its most generic function is to point to an entity or entities x in the immediate proximity of an observing entity or entities y. The entities x can be persons or thing (sic). The entities, however, may also be an action, event(s), or state(s) of affairs, or the propositional content of one of more clauses.⁵⁵

Van der Merwe onderskei *hinneh* as diskoerspartikel alleenlik in gevalle waar “...its scope can be the propositional content of one or more sentences” (ibid.:131), en hierdie kategorisering hou dus verband met sy definisie van diskoers. As uitgangspunt vir sy studie neem Van der Merwe Bazzanella (2006:456) se definisie van diskoersmerkers:

Discourse markers are items external to propositional content which are useful in locating the utterance in an interpersonal and interactive dimension, in connecting and structuring phrasal, inter-phrasal and extra-phrasal elements in discourse, and in marking some on-going cognitive processes and attitudes.

Volgens Van der Merwe verbind diskoerspartikels of –merkers dus eerder diskoersinhoud- as diskoerssegmente, selfs inhoud wat nie eksplisiet genoem word

⁵³ Fischer beweer dat alle diskoerspartikels sekere deiktiese elemente bevat (2006:12).

⁵⁴ “Since most instances of the particle in the Hebrew Bible reflect speakers’ evaluation of the newsworthiness of an imminent action, event or a proposition or set of propositions it is classified in this grammar under the heading ‘discourse marker’.”

⁵⁵ sien § 3.3.

nie. Fischer noem dit “... actual, virtual (attributed), or presupposed utterances, as well as aspects of discourse memory” (2006:6). In die geval van *hinneh* is hierdie kenmerk van die kategorisering bruikbaar omdat aandag van die hoorder/leser soms gevestig word op inligting wat nie noodwendig eksplisiet uitgespreek word nie. Die feit of die aangesprokene van die inligting bewus is, is ook soms belangrik by die gebruik van *hinneh*.

Fischer gebruik die terme “diskoersmerkers” en “diskoerspartikels” min of meer as sinonieme omdat taalkundiges volgens haar nie duidelike verskille tussen dié terme kan aandui nie. Volgens haar dui die keuse tussen die terms “diskoerspartikel” en “diskoersmerker” aan “... in how far the decisions regarding the formal aspects of the items under discussion are made explicit” (2006:5).

Een van die opvallendste kenmerke van diskoersmerkers/-partikels is (soos later aangetoon sal word, sien § 3.2.5) hul polifunksionaliteit (Fischer 2006:12). Hierdie kenmerk sou van *hinneh* ’n tipiese voorbeeld kon maak. *Approaches to Discourse Particles* (Fischer (red.) 2006) probeer nie verklaar waarom een ortografiese vorm op soveel verskillende maniere vertaal kan word nie, maar Rossari (in Fischer 2006) bied byvoorbeeld “...different discourse configurations...” as rede vir polifunksionaliteit aan.

Oorspronklik was die vernaamste rede waarom ek *hinneh* nie as diskoersmerker geklassifiseer het nie, die feit dat dit in sekere gevalle wel weggelaat kan word, sonder enige skynbare verskil in die betekenis van die bronteks. Schiffirin definieer sulke diskoerspartikels as “syntactically detachable” (2006:8). Hierdie weglating is egter nie werklik problematies vir die meer algemene definisie van diskoersmerker indien die funksie van diskoersmerkers gesien word as slegs ’n metode om die leser te help om meer korrekte interpretasies te maak nie.

Daar kan ook aangetoon word dat die partikel *hinneh* nie op sigself betekenis oordra nie.⁵⁶ Om ’n funksie in ’n sin te vervul, is dit nodig dat dit in die sin geïntegreer sal wees. In *Approaches to Discourse Particles* staan hierdie aspek bekend as dimensies

⁵⁶ Dit is die rede waarom Andersen (2003:49) *hinneh* nie as uitroep (“interjection”) beskou nie. (“[U]nlike true exclamations, *hnh* never constitutes a complete utterance.”)

van geïntegreerdheid en funksie (2006:9). In gesproke taal hoef items minder geïntegreerd te wees omdat die hoorder uit die lyftaal en konteks betekenis kan aflei, maar in geskrewe taal veroorsaak meer integrasie beter begrip. *hinneh* kan egter wel soms uitgelaat word sonder ernstige verskraling van betekenis.⁵⁷

Diskoerskonnektiewe word ook soms -partikels genoem. Blakemore (2002) stel voor dat dit die funksie van diskoerskonnektiewe is “... (to) encode an instruction which constrains how the piece of text to which they attach is to be processed for comprehension” (in Sim 2008:13). Sodanige partikels kan dus ’n nuwe implikatuur inlui, of ’n bestaande een kanselleer of versterk. Pons Borderia (2006:77) beskou konnektiewe as ’n hiponiem (of onderafdeling) van diskoersmerkers. Volgens hom kan diskoersmerkers drie verskillende funksies vervul, naamlik interaktief, modaal of konnektief (ibid.:15). In die mate waartoe ’n konnektief eenhede met mekaar verbind (ibid.:82), kan *hinneh* dus ook as ’n konnektief beskou word (byvoorbeeld deur bekende met verrassende inligting te verbind), maar na my mening is hierdie definisie van ’n konnektief te wyd om van nut te wees.⁵⁸

In aansluiting by Blakemore (2002), sien Sim die funksie van sommige partikels as “... encoding an instruction to constrain the comprehension process, rather than conveying either lexical or semantic information”. Volgens die relevansieteorie kan partikels as kommunikasieleidrade gesien word indien dit implikature (die bedoelde afleidings wat gemaak kan word) begrens. Die moontlike betekenis wat die teikenleser uit die doelteks aflei, word dus verminder deur die gebruik van partikels. Daarom kan gesê word dat partikels nie leksikale betekenis soos naamwoorde of werkwoorde het nie, en hulle bydrae moet op ’n ander vlak as die leksikale gesien word. Dit is ook nie gewone diskoersmerkers in die sin dat dit logiese verbande tussen taalkundige eenhede aandui nie. Sommige taalkundiges wat aanvoer dat diskoersmerkers ’n prosedure-betekenis het, gebruik wel die term “diskoersmerker” “... because they [discourse markers] indeed do no more than guide the interpretation

⁵⁷ Verder is dit deesdae na my mening nie meer ’n voorveronderstelling dat die brontekste as perfek beskou moet word nie. *hinneh* kon dus ook in die brontekste as slegs bykomend gegeld het. Maar die vereiste van direkte vertalings dat alle kommunikasieleidrade verdiskonteer moet word, veroorsaak dat *hinneh* nie geïgnoreer kan word nie.

⁵⁸ Pons Borderia sal *hinneh* waarskynlik as “peripheral connective” beskou.

of the ‘real’ signs” (Fischer 2006:6). *hinneh* se funksie sou dalk ook gesien kon word as dat dit slegs die leser help om die ware tekens te interpreteer.

In voorafgaande het ek probeer aandui waarom *hinneh* in hierdie studie nie uitsluitlik as diskoerspartikel of -merker bespreek sal word nie. Die literatuur bevat te veel uiteenlopende definisies wat in alle gevalle sommige funksies van *hinneh* in die brontekste uitsluit. Vervolgens sal ek die term “kommunikasieleidraad” as moontlike oplossing vir dié probleem bespreek.

3.2.4 hinneh as kommunikasieleidraad

Indien *hinneh* as kommunikasieleidraad beskou word, kan dit nie sonder meer geïgnoreer word sonder ernstige verskraling van betekenis nie, aangesien dit tot die sukses van kommunikasie bydra. In die praktyk van Bybelvertaling word *hinneh* egter dikwels geïgnoreer. Andersens beweer dit word dan as “inconsequential exclamation” hanteer (2003:27). Omdat die meeste woordsoorte nie opsioneel is nie, moet die feit dat *hinneh* soms uitgelaat kan word ook in ag geneem word by die bespreking daarvan.⁵⁹

Wat merk *hinneh*? Volgens Follingstad (1995) merk *hinneh* “... a description of a state of affairs which is perceptible to the senses at time of utterance”. Volgens my is ook hierdie beskrywing te wyd en dui dit maar een van die baie semantiese moontlikhede aan van wat *hinneh* merk. Soos reeds aangedui, word die vertaling “kyk” of in oud-Engels “behold” net so dikwels figuurlik as letterlik gebruik, met ander woorde, die miratoriese funksie om te let op nuuswaardige inligting beteken nie noodwendig sigbare gebeure nie. Voorbeeld: As God van plan was om op te tree en deur die profeet die volk waarsku, is daar geen sigbare teken van wat gaan kom nie behalwe die uitspraak van *hinneh*.

⁵⁹ Indien dit in sommige funksies van *hinneh* nie noodsaaklik is vir verstaan van die doeltteks nie, kan dit byvoorbeeld nie ’n voegwoord of bywoord wees nie.

Slager (1989:50-79) noem *hinneh* weer "...a prominence marker [that may be used to] highlight off-the-event-line material ... to call special attention to a statement that is contrary to expectation ... to call special attention to a goal that leads to an exhortation ... to call special attention to the ground that leads to a conclusion". Weereens is hierdie beskrywing slegs deel van die moontlike funksies van *hinneh*, waaronder die miratoriese (om aandag te vestig op iets of iemand verrassends) wel as baie belangrik aangedui kan word. Indien hierdie kommunikasieleidraad, ("...[raising] the relative prominence of the information after it, so that the information has an impact on the reader/listener", Slager *ibid.*) egter in die vertaling geïgnoreer word, mis die leser belangrike inligting wat hom/haar in staat sou stel om die bedoelde interpretasie van die bronteks te maak.

Wat is die effek van *hinneh* in 'n sin? *hinneh* verhoog die relevansie van die inligting wat dit inlui. Die vertaalopsie "Let Op!" beklemtoon in die meeste gevalle die inligting wat die spreker/skrywer wil oordra deur die hoorder/leser se aandag daarop te vestig.

hinneh staan meestal in die posisie direk voor die sinsdeel waarop dit betrekking het (Van der Merwe & Naudé Werksdokument:427). Dit vestig met ander woorde die aandag van die hoorder op wat daarop volg en die funksie daarvan kan daarom gesien word as merker wat kognitiewe nabyheid aandui. Soos later aangetoon sal word, is nabyheid ("proximity") ter sprake in byna alle gevalle van *hinneh* in die brontekste. Temporele nabyheid (wat tyd betref) kan soms met "nou" vertaal word, en ruimtelike nabyheid met "hier". In gevalle waar nabyheid slegs op kognitiewe funksies van toepassing is, is "Let op!" 'n vertaalopsie.

Alhoewel Gutt nie in detail uitspel wat hy alles as overte kommunikasieleidrade beskou nie, kan ek deur *hinneh* 'n kommunikasieleidraad te noem, aantoon waarom sodanige leidrade nie in moderne direkte vertalings van die Bybel (sien § 2.6.5) geïgnoreer behoort te word nie. Doeltekstlesers word daardeur van belangrike leidrade om die doeltekst reg te interpreteer ontnem. Dit laat ook nie noodwendig reg geskied aan die kommunikatiewe bedoelings van die bronskrywers nie (alhoewel dit moeilik is om te bepaal), en die vertaler kan dus as dislojaal volgens die funksionalistiese benadering gesien word.

3.2.5 *Polisemiese verhoudings van hinneh*

Indien die verskillende kommunikatiewe funksies van *hinneh* as polisemies aangedui kan word, kan dit daartoe bydra dat vertaalopsies makliker afgelei word. Die term “polisemie” word deur Fischer (2006:13) as volg gedefinieer: “A single phonological/orthographic form may be used with a number of different recognisable interpretations that are assumed to be related”. *hinneh* is dus soms ’n diskoerspartikel aangesien aangetoon kan word dat die verskillende polisemiese verhoudings daarvan aan mekaar verwant is (byvoorbeeld deur almal deikties of miratories op te tree).

Een metode om polisemiese verhoudings aan te dui, is deur middel van die ontwikkeling van partikels in taal.⁶⁰ Volgens die Kognitiewe Taalkunde vind historiese ontwikkeling van die betekenis van taalkundige eenhede plaas van konkreet na abstrak (Van der Merwe 2007b). ’n Partikel soos *hinneh* sou byvoorbeeld eers gebruik word om fisiese nabyheid (“proximity”) van persone of objekte aan te dui⁶¹ (byvoorbeeld “Hier is Elia”); daarna om temporele nabyheid aan te dui, met ander woorde imminente gebeure; en laastens ook om kognitiewe nabyheid aan te dui – dat sekere inligting in gedagte gehou moet word. Die feit dat *hinneh* vir al hierdie aspekte van die werklikheid gebruik word in Bybelse Hebreeus, is in Afrikaans verwarrend aangesien dit ingewikkeld is om konsekwent dié verwantskappe in Afrikaanse vertalings aan te dui sonder ’n duidelike beskrywing daarvan in kategorieë wat vertaalopsies sal vergemaklik. Hierdie studie probeer dus ’n bydrae maak tot die vertaling van die funksionele kategorieë, terwyl die klassifisering van *hinneh* die taak van die Bybels-Hebreeuse taalkundige is.

⁶⁰ Van der Merwe noem hierdie konsep in die geval van *hinneh* die diachroniese dimensies van *hinneh*. Volgens Labuschagne (in Andersen 2003:48, voetnoot) ontwikkel sommige partikels uiteindelik tot voegwoorde.

⁶¹ Volgens Kawashima, aangehaal in Van der Merwe (2007b:122, voetnoot), is hierdie gebruik die een wat ’n naamwoordfrase inlui, *hinneh* se mees “primitiewe” gebruik, wat waarskynlik oorspronklik met ’n fisiese gebaar gepaardgegaan het.

3.3 Van der Merwe en Naudé se bevindings

Alhoewel vorige studies van *hinneh* al bogenoemde inligting ondersoek het, is daar volgens Van der Merwe (2008:9) twee belangrike onderafdelings van sodanige studie wat nog nie gedoen is nie: (1) daar is nog nie aangedui wanneer om watter kategorie van *hinneh* te identifiseer nie, en (2) die polisemiese verhoudings tussen sodanige kategorieë is nog nie genoegsaam verduidelik nie.

Die funksionele kategorie van *hinneh* wat die eenvoudigste is om aan te dui, is dié van deiktiese partikel (Van der Merwe 2007b:101), met ander woorde, generies wys dit na persone of voorwerpe in die ruimtelike, temporele of kognitiewe nabyheid van die spreker. *hinneh* het wel verskillende funksies, maar die subkategorieë wat onderskei word, is aan mekaar verwant (ibid.:105). Vir die meeste gevalle kan daar dus 'n polisemiese verhouding tussen die verskillende funksies van *hinneh* aangedui word.

Soos in § 3.2.5 aangetoon, vind ontwikkeling van taalkundige eenhede volgens die Kognitiewe Taalkunde van konkreet na abstrak plaas. Die deiktiese konnotasie word oorgedra vanaf presentatiewe partikels met 'n beperkte invloed in 'n daaropvolgende sin tot diskoersmerkers met invloed oor 'n hele aantal sinne. *hinneh* vervul in Bybelse-Hebreeus al hierdie funksies. Volgens hierdie konsep sou die eerste kategorieë van *hinneh* op die volgende manier ingedeel kon word (Van der Merwe 2008:5-9): ruimtelike nabyheid, temporele nabyheid en kognitiewe nabyheid. *hinneh* word dikwels gevolg deur inligting wat die hoorder/leser aanspoor tot aksie. Dit is hierdie kenmerk wat lei tot kognitiewe nabyheid en in gesproke taal dikwels gevolg word deur 'n opdrag. Meer abstrakte funksies van *hinneh* kan ingedeel word onder die kategorie waar dit ander diskoersaktiewe inligting kwalifiseer. In sodanige geval oefen *hinneh* 'n invloed oor veel meer as 'n leksikale item uit en word dit gewoonlik deur middel van 'n diskoersmerker vertaal. So word die vertaler genoodsaak om die diskoersfunksie te interpreteer om ook die doellesers in staat te stel om *hinneh* se bedoelde funksie af te lei.

Van der Merwe en Naudé se kategorisering gaan van die standpunt uit dat die aard van die sinskonstruksie waarin *hinneh* of *wehinneh* voorkom, gebruik moet word as uitgangspunt vir die semanties-pragmatiese kategorie waartoe die bepaalde geval van *(we)hinneh* behoort (Werksdokument:432). In terme van die model wat ons gebruik, hoef die vertaalkundige nie die sintaksis van die sin waarin *(we)hinneh* voorkom te verreken nie. Die taalkundige het dit bloot as uitgangspunt vir sy kategorieë gebruik en sodoende vir die vertaalkundige semanties-pragmatiese kategorieë gegee om mee te werk.

Die indeling van kategorieë (volgens Van der Merwe & Naudé Werksdokument:432-449, par. 40.21.4.1.) word nou aan die hand van voorbeelde verduidelik. Om die leser in staat te stel om die klassifikasie te begryp, word die glos van die Bybelse Hebreeus elke keer eerste gegee, daarna die toepaslike versgedeeltes uit die *Ou Vertaling*. Die glos wat gebruik word, is die *Lexham Hebrew-English Interlinear Bible*.⁶² Slegs die dele van voorbeelde wat direk op hierdie studie van toepassing is, word aangehaal om oortollige kommunikasieleidrade tot die minimum te beperk.

3.3.1 *hinneh* (en soms *wehinneh*) in hoofsaaklik gesproke gedeeltes⁶³

Volgens Van der Merwe se hipotese oor die etimologie van *hinneh*, kan die partikel eerstens bloot konkreet geïnterpreteer word. Indien 'n konkrete persoon of voorwerp in die ruimtelike omgewing van die spreker uitgewys word, kan dit as presentatief geklassifiseer word. Hy stel dit soos volg (Van der Merwe & Naudé Werksdokument:432): “Presentation by a speaker of a discourse active or identifiable entity in the immediate spatial proximity of the speaker and/or addressee.”

⁶² Die rede waarom ek nie die glos vertaal nie, is om interpretasie op hierdie vlak tot die minimum te beperk.

⁶³ Die onderskeiding tussen vertelde wêreld (narratief) en bespreekte wêreld (direkte en indirekte rede) is waardevol vir hierdie bespreking.

3.3.1.1 *hinneh* + entiteit (+ uitbreiding) in ruimtelike nabyheid (110/1060, i.e. 11,6%).

3.3.1.1.1 *hinneh* + NS (= naamwoordstuk)⁶⁴

In sy mees basiese vorm kan *hinneh* 'n presentatiewe deiktiese partikel genoem word. 'n Spreker vestig 'n aangesprokene se aandag op 'n persoon in hulle ruimtelike nabyheid.

Voorbeeld (i) 'n Spreker kondig die aankoms of teenwoordigheid van 'n persoon aan.

- 1 Konings 1:23⁶⁵
Glos: they told to the king saying *hinneh* Nathan the prophet
OV: En hulle het dit die koning te kenne gegee en gesê: Daar is Natan, die profeet.
- Jes 40:9
Glos: say to the cities of Judah *hinneh* your God
OV: Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!

Voorbeeld (ii) 'n Spreker(s) bied 'n entiteit (soms hulleself) aan 'n aangesprokene aan. Die presentatief verskaf soms die motivering vir 'n daaropvolgende opdrag.

- Gen 12:19
Glos: so then *hinneh* your wife take her and go
OV: Daar is jou vrou dan nou; neem *haar*⁶⁶ en gaan weg.

⁶⁴ Müller soos aangehaal in Van der Merwe (2007b:107) "In its most primitive stages, [*hinneh*] was used mainly in one word clauses to call attention to observed objects by naming them".

⁶⁵ Hierdie voorbeeld kom nie in my afbakening voor nie. Ander voorbeelde is gekies uit prototipiese voorbeelde van Van der Merwe en Naudé.

⁶⁶ Hierdie skuinsdruk is die gebruik in die OV om aan te dui dat die woord "haar" nie in die brontekste voorkom nie.

- Gen 30:3
Glos: and she said *hinneh* my slave woman Bilhah to her go and she may bear for me
OV: En sy antwoord: Daar is my slavin Bilha; gaan by haar in, dat sy ...

Voorbeeld (iii) 'n Spreker(s) bied hulle/'n entiteit aan die aangesprokene aan as beskikbaar om aan 'n gebeurtenis deel te neem of 'n rol te vervul.

- Gen 44:16
Glos: *hinneh* slaves for my lord also we also he the one it was found the cup in his hand
OV: Kyk, ons is my heer se slawe, ons sowel as hy by wie die beker gevind is.
- Jes 6:8
Glos: and I said *hinneh* send me
OV: Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.
- Gen 37:13
Glos: he said to him *hinneh*
OV: En hy antwoord hom: Hier is ek!

Voorbeeld (iv) 'n Spreker bied hom-/haar aan ná 'n oproep deur 'n ander spreker.

- Gen 22:1
Glos: he said to him Abraham and he said *hinneh*
OV: en aan hom gesê: Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!
- Jes 58:9
Glos: Yahweh he will answer you shall cry for help and he will say *hinneh*
OV: en die Here sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek!

Voorbeeld (v) 'n Spreker dui aan dat die aangesprokene aandag moet skenk aan 'n spesifieke entiteit. Van der Merwe beskou dit as nie primêr presentatief nie, aangesien die spreker slegs die aandag van die aangesprokene op 'n reeds aanwesige entiteit vestig.

- Gen 31:51
Glos: and said Laban to Jacob *hinneh* the pile of rocks the this *wehinneh* the stone
OV: Verder sê Laban vir Jakob: Daar is dié hoop klippe, en daar is dié gedenksteen

3.3.1.1.2 *hinneh (+NS) + (Deelwoord) VS (= voorsetselstuk).*⁶⁷

- Gen 18:9 (op die vraag waar Sara is)
Glos: and he said *hinneh* in the tent
OV: En hy antwoord: Daar in die tent.
- Gen 16:14 (waar die Lagai-Roï-fontein is)
Glos: *hinneh* between Kadesh and between Bered
OV: Dit lê daar tussen Kades en Bered.

3.3.1.2 *hinneh* + handeling of gebeurtenis in temporele nabyheid (290/1060, i.e. 27,3%).

hinneh kan ook gebruik word om na 'n gebeurtenis in die temporele nabyheid van die spreker te verwys. Hierdie gebruik is minder konkreet en maak 27,3% van gevalle uit. Die hoë frekwensie is toe te skryf aan die gebruik om imminente bedreigings in profetiese literatuur met *hinneh* aan te dui. Die imminente aard van die aksie word ook deur die werkwoordsvorm in Bybelse Hebreeus aangedui.

3.3.1.2.1 *hinneh + klous wat imminente of gelyktydige handeling, gebeurtenis of stand van sake aandui.*

- Gen 25:32
Glos: and he said Esau *hinneh* I am going to die and what use is to me a birthright
OV: En Esau sê: “Kyk, ek gaan sterwe, en wat baat die eersgeboortereg my dan?”

⁶⁷ Alhoewel hierdie voorbeelde onder die semantiese klas van (v) val, verskil die sintaksis in Hebreeus tussen 3.3.1.1.1 en 3.3.1.1.2. *hinneh* word nie altyd deur 'n naamwoord gevolg nie, maar dikwels deur 'n naamwoord + deelwoord + voorsetselstuk. In sommige gevalle ontbreek die deelwoord.

- Gen 6:17
Glos: *hinneh* I am about to bring the flood waters over the earth to destroy all of flesh
OV: Want kyk, Ék bring 'n watervloed oor die aarde, om van onder die hemel
- Gen 20:3
Glos: in the dream the night and he said to him *hinneh* you about to die because of
OV: in 'n droom en vir hom gesê: Kyk, jy sal sterwe ter wille van die vrou wat jy laat
- Ps 40:8
Glos: then I said *hinneh* I come in the scroll is written concerning me
OV: Toe het ek gesê: Kyk, ek kom; in die boekrol is dit my voorgeskrywe.
- Jes 22:17
Glos: *hinneh* Yahweh is about to hurl you a hurling my fellow and is about to grasp
OV: Kyk, die HERE sal jou wegslinger, soos 'n man iets wegslinger, en jou
- Jes 17:1
Glos: an oracle of Damascus *hinneh* Damascus will cease to be from a city and it will
OV: Godspraak oor Damaskus. Kyk, Damaskus word weggeneem, sodat dit geen stad

3.3.1.2.2 *hinneh + klous wat pas afgelope of huidige gebeurtenisse aandui.*

- Gen 48:2
Glos: and he told to Jacob it was said *hinneh* you son Joseph he had come to you
OV: En hulle het aan Josef berig gebring en gesê: Kyk, u seun Josef kom na u toe.

3.3.1.2.3 *hinneh + klous wat performatiewe aksie aandui.*

- Gen 1:29
Glos: and he said God *hinneh* I am giving to you all of vegetation give seed which on
OV: Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die

3.3.1.3 *hinneh* + inligting in kognitiewe nabyheid (141/1060, i.e. 13,3%).

In hierdie geval moet die aangesprokene die inligting in gedagte hou (kognitief naby) aangesien dit die motivering verskaf vir 'n opdrag of voorskrif wat daarop volg (Van der Merwe 2007b:130). Dit kom in 13,3% van gevalle voor, meestal in die direkte rede.

- Gen 42:2
Glos: and he said *hinneh* I have heard that there is grain in Egypt go down there and
OV: En hy sê: Kyk, ek het gehoor dat daar koring in Egipte is; trek daarheen af en koop
- Gen 16:2
Glos: *hinneh* please he has prevented me Yahweh from bearing children go please to
OV: Jy weet, die HERE het my nie toegelaat om moeder te word nie. Gaan tog in by
- Gen 19:8
Glos: *hinneh* please for me are two of daughters who not ... do to them as you please
OV: Kyk tog, ek het twee dogters wat geen man beken het nie; ... en doen met hulle
- Gen 19:19
Glos: *hinneh* please he has found your servant favor in your eyes and you have made
OV: Kyk tog, u kneg het genade in u oë gevind, en U het u guns groot gemaak wat U
- Ps 83:3
Glos: for *hinneh* your enemies they are disturbed and haters of you they lift up heads
OV: Want kyk, u vyande maak rumoer, en u haters steek die hoof op.

3.3.1.4 *hinneh* + inligting wat ander diskoersaktiewe inligting kwalifiseer (105/1060, i.e. 9,9%).

In hierdie kategorie dien *hinneh* as leidraad om inligting wat die spreker as nuuswaardig beskou duideliker te maak. Van der Merwe stel dit soos volg: “The function of the modification serves to enhance the illocutionary force of preceding statements” (2007b:131) en later (Van der Merwe & Naudé Werksdokument:441):

“The information presented modifies the content or implicatures of statements in the preceding co-text. This modification may be the confirmation, elaboration, outcome of, or retreat from possible implications of preceding utterances. The retreat may be a denial of an expectation or a contradiction thereof”.⁶⁸ Die funksie van *hinneh* in die sin kan dus wees om vorige inligting te bevestig; uit te brei, te weerlê of nuwe inligting kan teen die verwagting in verskaf word. Die nuuswaardigheid van inligting kan dus lê in die bewustheid van ’n toestand of gebeurtenis wat geskep word, of inligting wat bevestig word, of wat anders as die verwagting gewysig word (Van der Merwe 2007b:122).

Alhoewel hierdie kategorie nie op die kontinuum van ruimtelike tot temporele tot kognitiewe nabyheid aangedui kan word nie, het dit tog ’n polisemiese verhouding met die ander funksies van *hinneh*. Volgens Fischer (2006) se indeling van diskoersmerkers is hierdie kategorie ’n tipiese voorbeeld van hoe diskoersmerkers histories ontwikkel. Die rede waarom *hinneh* in hierdie kategorie meestal as diskoersmerker beskou word en ook met ’n diskoersmerker vertaal word, is sy invloed op die betekenisinhoud van een of meer sinne (Van der Merwe 2007b:131). Hierdie kategorie is egter meer abstrak as die voriges en dit is daarom moeiliker om voorbeelde te kategoriseer as leidraad na ’n spesifieke funksie.

Andersen het aangedui dat diskoersmerkers wat gebruik word om hierdie kategorie van *hinneh* te vertaal soms interpretasie insluit (2003:33). Hy noem dit “interpretive additions”. Na my mening is die interpretasie van die diskoersfunksie van *hinneh* in sekere gevalle onafwendbaar indien die vertaler die doelleser wil help tot optimale verstaan van die teks.

Voorbeelde:

- Jes 12:2
Glos: *hinneh* God is my salvation I wil (sic) trust and not I will be startled for my
OV: Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die HERE HERE is my

⁶⁸ Van der Merwe en Naudé (Werksdokument) gebruik Lewis se studie oor diskoersmerkers in Engels wat die volgende drie retoriese verhoudings onderskei: bewering + regverdiging, bewering + uitbreiding en bewering + terugtrekking (“retreat”).

- Gen 17:20
Glos: and as for Ishmael I have heard you *hinneh* I will bless him and I will make
OV: Ook wat Ismael aangaan, het Ek jou verhoor. Kyk, Ek seën hom en maak hom
- Gen 48:11
Glos: to see your face not I expected *wehinneh* he has shown me God even your
OV: Ek het geen gedagte gehad om jou aangesig te sien nie, en kyk, God het my ook
- Jes 5:7
Glos: he waited for justice and *hinneh* bloodshed for righteousness and *hinneh* a cry of
OV: gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, ...!
- Ps 59:8
Glos: *hinneh* they bellow with their mouths swords on their lips for who hears
OV: Kyk, hulle smaal met hul mond; swaarde is op hulle lippe, want—wie sou
- Gen 15:3
Glos: and he said Abram *hinneh* for me not you have given an off-spring *wehinneh*
OV: Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan

3.3.1.5 *hinneh* + Ekspressiewe funksie (5/1060, i.e. 0,05%).

Vir hierdie funksie word aangesprokenes opgeroep om aandag te skenk aan die verhouding tussen “... his/her feelings and the propositional content of his/her utterance” (Van der Merwe & Naudé Werksdokument:443).

- Ps 133:1
Glos: *hinneh* how good and how pleasant the dwelling of brothers also together
OV: Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!
- Ps 134:1
Glos: *hinneh* bless Yahweh all of the servants of Yahweh the standing in the
OV: Kom, loof die HERE, o alle knegte van die HERE wat snags in die huis ...!

3.3.2 *Waarneming + wehinneh hoofsaaklik in narratief + gebeurtenis of stand van sake wat op hande is (238/1060, i.e. 22,4%).*

Die funksie van (*we*)*hinneh* wat meestal (22,4% van gevalle) aangedui word, is die een wat vir die spreker/skrywer verrassende gebeure merk.⁶⁹ In narratief volg *wehinneh* dikwels op werkwoorde van persepsie (61 gevalle volgens Andersen, 2003:34, voetnoot) of ontdekking.⁷⁰

Omdat vertalers in die verlede soms nie *wehinneh* in hierdie funksie met 'n sinsnede soos “tot my/sy verbasing” wou aandui nie, is daar dikwels (veral in die OV) van uitroepetekens of m-koppels [—] gebruik gemaak. Waar vertalings egter dié funksie geïgnoreer het, is die verbasende van sommige Bybelse gebeure afgeplat en het doellesers nie die feit dat dit verrassend was reg geïnterpreteer nie.⁷¹ Hierdie effek van *hinneh* ná werkwoorde van ontdekking word reeds in 1907 soos volg beskryf (*A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament*): “... making the narrative graphic and vivid, and enabling the reader to enter into the surprise or satisfaction of the speaker or actor concerned”. Die kenmerk “miratories” kan problematies wees indien dit te eng geïnterpreteer word aangesien nuwe inligting wat onder die leser se aandag gebring word ná beweging van die verteller (skielik, meteens) of 'n persoon wat te voorskyn kom (verskyn) soms nie vir die hedendaagse leser as verrassend voorkom nie. *wehinneh* merk egter die verrassing van die spreker, nie van die aangesprokene nie.

⁶⁹ In sommige tale word inligting leksikaal gemerk as nuut of onverwags vir die spreker (met ander woorde vir miratiwiteit) (Van der Merwe & Naudé Werksdokument:444, voetnoot 413).

⁷⁰ “The ... experience is typical of a close observation of a physical entity or state of affairs or an implied observation after an act of movement. The observer may arrive on a scene, or entities arrive on a scene where the observer is” (Van der Merwe 2007b:9).

⁷¹ Andersen gebruik die voorbeeld hoe Ruben by die put kom en Josef nie daar vind nie (2003:33): “Speakers, reporting such experiences, recount their astonishment by beginning their account with *hnh*. ... By leaving half or more of the *hnh*s out, modern translators rob the story of its excitement”.

Voorbeeld 3.3.2.(i) (Noukeurige) waarneming of ondersoek deur spreker + *wehinneh* + kognitiewe gevolg van die waarneming of ondersoek.

- Gen 6:12
Glos: and he considered God the earth *wehinneh* it was corrupt for he corrupted all
OV: Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel
- Gen 18:2
Glos: and he lifted his eyes and he saw *wehinneh* three men were standing near him and
OV: Toe hy sy oë opslaan en kyk, staan daar drie manne voor hom.
- Gen 24:63
Glos: and he looked up and he saw *wehinneh* camels coming
OV: En toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens kamele aankom.

Voorbeeld 3.3.2.(ii) Veronderstelde waarneming by spreker na beweging wat 'n veranderde toneel tot gevolg gehad het naby die spreker wat waarneem + *wehinneh* + kognitiewe gevolge van waarneming (byna altyd verrassing).

- Gen 43:21
Glos: and we opened our sacks *wehinneh* the money of each in the mouth of his sack
OV: in die herberg kom en ons sakke oopmaak, was elkeen se geld bo in sy sak—

3.3.3 Vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste

Alhoewel **droomverslae** slegs 20 gevalle (0,18%, volgens Van der Merwe & Naudé Werksdokument:448) van die gebruik van (*we*)*hinneh* uitmaak, is 'n kenmerk van hierdie genre die frekwensie van die partikel. Dit is egter nie eenvoudig om (*we*)*hinneh* as formule vir droomverslae aan te dui nie, aangesien droomaankondigings en die gewaarwording dat 'n ervaring 'n droom was nie noodwendig daarmee gepaardgaan nie.

Voorbeelde:

- Gen 28:12 (kan ook as presentatief geklassifiseer word)
Glos: and he dreamed *wehinneh* a stairway resting earth and his top touching
OV: En hy het gedroom—daar is 'n leer op die aarde opgerig waarvan die spits

 - Gen 37:9
Glos: and he said *hinneh* I dreamed a dream again *wehinneh* the sun and the moon and
OV: en dit aan sy broers vertel en gesê: Kyk, ek het nog 'n droom gehad—die son
- Gen 41:7 (kan ook as miratories geklassifiseer word)
Glos: he woke up Pharaoh *wehinneh* a dream
OV: Toe het Farao wakker geword en kyk, dit was 'n droom!

3.4 Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk het ek gepoog om aan te toon dat huidige definisies van partikels, diskoersmerkers en –konnektiewe nie noodwendig bydra tot 'n beter verstaan van leksikale eenhede soos *hinneh* in Bybelse Hebreeus nie. Die teenstrydighede in sodanige definisies skep verder verwarring indien vertalers preskriptiewe voorstelle vir die praktyk van Bybelvertaling wil maak.

Gutt se term “kommunikasieleidraad” en sy voorskrifte vir die hantering van sodanige leidrade vul egter dié vakuüm. Deur *hinneh* as kommunikasieleidraad te klassifiseer, kan aangetoon word dat direkte vertalings in die toekoms erns sal moet maak met kategorisering van verskillende funksies van *hinneh* en soortgelyke partikels in die brontekste, sodat doellesers gehelp kan word om die korrekte interpretasie van Bybelse brontekste te maak.

Van der Merwe en Naudé se studie van *hinneh* bied 'n deeglik begronde kategorisering van die verskillende funksies van *hinneh* en dui verder die polisemiese verhoudings tussen die kategorieë aan. Vervolgens sal ek dit as uitgangpunt gebruik om my hipotese oor die inkonsekwentheid van vorige Afrikaanse vertalings empiries te ondersoek.

Hoofstuk 4:

Empiriese studie

4.1 Inleiding

In hoofstuk 2 het ek aangetoon dat een van die kenmerke van 'n direkte vertaling is dat dit poog om al die kommunikasieleidrade in die bronteks in die doeltteks weer te gee. Dit is egter nie eenvoudig om te bepaal wat alles as kommunikasieleidrade in die bronteks geld nie. In hoofstuk 3 het ek probeer aantoon dat partikels soos *hinneh* inderdaad as eksplisiete kommunikasieleidrade verstaan kan word. Aangesien die verskillende funksies van *hinneh* nie met een woord of begrip in Afrikaans vertaal kan word nie, is een van die grootste uitdagings die vraag wanneer watter vertaalopsie van *hinneh* moet geld in 'n direkte vertaling. Die doel van hierdie studie is om 'n bydrae in dié verband te maak.

Vir dié doel gaan ek eerstens van die veronderstelling uit dat deel van die problematiek rondom die vertaling van *hinneh* gesetel is in tekortkominge in die beskrywing daarvan in bestaande Bybels-Hebreeuse grammatikas en woordeboeke (sien Andersen 2003). Tweedens, dat 'n meer verantwoordbare taalkundige beskrywing die weg kan baan vir 'n beter en meer konsekwente vertaling van *hinneh*. Derdens gaan ek van die veronderstelling uit dat vertalings van *hinneh* in Afrikaanse Bybelvertalings net so inkonsekwent is as dié van Engelse vertalings soos ondersoek deur Andersen. 'n Verdere veronderstelling van my analise van die Afrikaanse vertalings is dat dit moontlik lig sal werp op beter vertaaloplossings vir *hinneh* vir die toekoms.

Alhoewel talle studies oor *hinneh* al gepubliseer is, is Van der Merwe en Naudé se studie (as deel van hulle werksdokument), soos aangetoon in hoofstuk 3, die eerste omvattende beskrywing van *hinneh*. Nie alleen probeer hulle al die gevalle van *hinneh* klassifiseer nie; hulle poog ook om die polisemiese verhoudings tussen die kategorieë wat hulle onderskei, aan te toon. My ondersoek het daarom eerstens 'n deeglike studie van Van der Merwe en Naudé se kategorieë genoodsaak (sien § 3.3).

Ek herhaal hiermee hulle hoofkategorieë van die gebruik van *we(hinne)* wat hulle ná insigte uit die Kognitiewe Taalkunde uit al 1060 gevalle onderskei het (Werksdokument:432-449):

1. *hinneh* in gesproke taal (ook soms *wehinneh*):
 - 1.1 Ruimtelike nabyheid (11,6% van gevalle⁷²)
 - 1.2 Temporele nabyheid (27,3%)
 - 1.3 Kognitiewe nabyheid (13,3%)
 - 1.4 *hinneh* wat ander diskoersaktiewe inligting kwalifiseer (9,9%)
 - 1.5 Ekspressiewe funksie (0,05%).
2. *wehinneh* in narratiewe (tipies ná eksplisiete of implisiete waarneming (22,4%))
3. Vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste (die res).

Aangesien onlangse modelle vir Bybelvertaling (sien § 2.5.9) noue samewerking tussen brontaalkenners en vertaalkundiges verg, is hierdie studie eksemplaries van sodanige samewerking, maar in 'n ander fase as wat normaalweg die geval is. Die studie is die uitvloeisel van die navorsing van 'n Bybels-Hebreeuse taalkundige wat 'n problematiese term grondig beskryf, maar hom nie bevoeg ag om vertaaloplossings te bied nie.

As vertaalkundige steun ek volledig op die kundigheid van Van der Merwe as Bybels-Hebreeuse taalkundige. Die aard van ons samewerking lê in gesprekke oor problematiese korpusvoorbeelde, die eiesoortigheid van die grammatika van “'n dooie taal” en die vergelykende potensiaal van die Libronix-rekenaarprogram.

Omdat ek onder andere in hierdie studie hoop om aan te dui dat gebrek aan die nodige kriteria om sistematiese keuses te maak die inkonsekwente vertaling van *hinneh* tot gevolg gehad het, gaan ek met Van der Merwe en Naudé se kategorieë as uitgangspunt 'n analise maak van die oplossings wat in 'n relatief verteenwoordigende korpus⁷³ van die Ou Testament aangebied is in drie vertalings

⁷² Persentasies uit my beperkte korpus verskil van dié van Van der Merwe en Naudé.

⁷³ My afbakening van hierdie studie (wat 213 gevalle insluit) is beperk tot Genesis, Psalms en Jesaja, alhoewel formulaïese gebruik van *hinneh* in die historiese boeke Konings en Kronieke voorkom (Van

van die Bybel in Afrikaans. Andersen (soos aangedui in § 3.2.1) het reeds bewys dat vorige Engelse vertalings kommunikasieleidrade geïgnoreer of inkonsekwent hanteer het, en met hierdie studie poog ek dus om te bevestig dat dieselfde problematiek ook vir Afrikaanse vertalings geld. Verder sal 'n analise van die vertalings my help om moontlike vertaaloplossings te identifiseer, sodat ek (in § 4.5) Van der Merwe en Naudé se beskrywing as 'n gegewe kan aanvaar en poog om vertaalopsies voor te stel vir die kategorieë wat hulle onderskei.

Onlangse ontwikkeling in die Kognitiewe Taalkunde het 'n groot bydrae gelewer daartoe dat teoretici op 'n nuwe wyse begin kyk het na die identifisering en beskrywing van taalkundige kategorieë (Taylor 2004). So word aanvaar dat kategorieë nie streng in terme van óf slegs formele sintaktiese oorwegings óf slegs semantiese oorwegings onderskei hoef te word nie. Die grense tussen kategorieë kan ook soms vaag wees. Van der Merwe en Naudé identifiseer 'n aantal konstruksies wat op grond van sintaktiese en semantiese oorwegings, asook of dit deel van 'n vertelling is of nie, onderskei word. Aan hierdie konstruksies met hulle onderlinge polisemiese verhoudings verleen Van der Merwe en Naudé kategoriale status. Sommige voorbeelde van die gebruik van *(we)hinneh* kan egter in meer as een funksionele kategorie ingedeel word en dit word nie as problematies vir die doel van hierdie studie of vertaalopsies vir die toekoms gesien nie. Die doel van die studie is verder ook nie om voorskriftelik op te tree ten opsigte van vertaalkeuses van *hinneh* nie, maar algemene riglyne te gee waarvolgens vertalers in die toekoms meer konsekwente keuses kan maak op grond van teoreties begonde motiverings.

Die afbakening van hierdie studie maak dit duidelik dat *(we)hinneh* verskillende funksies in verskillende genres⁷⁴ vervul. Dit is ook waarom Van der Merwe en Naudé tussen gesproke taal en narratief onderskei wat hulle kategorieë betref. Hulle ondersoek het verder aangedui dat *hinneh* meer dikwels in gesproke taal voorkom terwyl *wehinneh* nuuswaardige inligting in narratiewe merk (in my afbakening meestal in Genesis).

der Merwe en Naudé Werksdokument:425). Vaste uitdrukings waarin *hinneh* voorkom, word ook in Jeremia, Esegïel en Nahum aangetref.

⁷⁴ Ek gebruik die term "genre" hier in 'n wye betekenis om nie slegs op sintaktiese vlak tussen *hinneh* en *wehinneh* te onderskei nie.

Soos in hoofstuk 2 aangetoon (sien § 2.5), kan die status of sukses van vertalings nie meer gemeet word aan die maatstaf van ekwivalensie aan die brontekste nie. Volgens Nord (1997b) se interpretasie van die *skopos*-teorie moet 'n vertaling daaraan gemeet word of dit getrou was aan die vertaalopdrag wat tussen die opdraggewer en vertaler(s) onderhandel is. Nord se funksionalistiese benadering skryf verder voor dat die vertaling aan sy funksie in die doelkultuur moet beantwoord. Om dié rede gaan ek vervolgens eers die vertaalopdragte van vorige Afrikaanse Bybelvertalings bespreek voor die vergelykende studie van (*we*)*hinneh* aan die bod kom. Die eksplisiete of veronderstelde vertaalopdragte van sodanige vertalings dien nie slegs as agtergrond vir hierdie studie nie, maar moet gebruik word as noodsaaklike inligting om my hipotese te ondersoek. Daarom moet eers gekyk word of vorige Bybelvertalings teoreties begronde keuses in ooreenstemming met vertaalopdragte gemaak het. Indien 'n opdrag byvoorbeeld nie die verdiskontering van kommunikasieleidrade soos *hinneh* as vereiste gestel het nie, kan 'n empiriese ondersoek nie die weglating daarvan as problematies aantoon nie. Wel problematies vir die doel van hierdie studie is egter inkonsekwente toepassing van vertaalteoretiese insigte, of aansprake waaraan nie voldoen word nie.

4.2 Vertaalopdragte van Afrikaanse Bybelvertalings

Soos hierbo genoem, kan 'n vergelykende studie van die vertaalopsies van (*we*)*hinneh* nie geskied sonder om die vertaalopdragte van die verskillende vertalings te bestudeer ten einde te ondersoek of dié opdragte (eksplisiet of andersins) uitgevoer is nie. Vertaalopdragte is egter in die verlede dikwels nie in besonderhede uitgespel nie, aangesien die teoretiese begroning van Bybelvertaling nie genoegsaam ontwikkel was nie. Daarom gaan ek vervolgens relatief gedetailleerd die (veronderstelde) teorie agter vorige Afrikaanse Bybelvertalings bespreek. Alhoewel die term “kommunikasieleidraad” as sodanig nie in die vertaalopdragte voorkom nie, kan afleidings gemaak word oor moontlike vereistes wat vorige Bybelvertalings gestel het wat betref sodanige leidrade.

4.2.1 *Ou Vertaling (OV)*

Soos reeds aangetoon (in § 2.3), het daar in Suid-Afrika 'n tyd aangebreek toe die Nederlandse *Statevertaling* (1637) nie meer vir sommige Afrikaanssprekendes verstaanbaar was nie (Naudé 2002). Onder die eerste pogings⁷⁵ in Afrikaans was dié van ds. SJ du Toit (1889) wat uit die brontale gewerk het, maar so na moontlik aan die *Statevertaling* gebly het. Heelwat kantaantekeninge is gebruik. Kritiek teen 'n gedeeltelike proefvertaling wat in 1922 verskyn het, en uit die Nederlands vertaal is, was hoofsaaklik teen die gehalte van die Afrikaans gerig, maar die gevoel was in elk geval dat daar eerder vanuit die brontale gewerk moes word (Weiss 1990:52).

Die status van die OV, wat in 1933 verskyn het, het meestal saamgehang met die feit dat dit die eerste amptelike vertaling in Afrikaans was. Vertalers was bewus van die kritiek wat hulle sou ontlok deur keuses weg van die geliefde *Statevertaling* te maak, en het daarom strategieë gebruik om na aan die *Statevertaling* te bly, deur byvoorbeeld dieselfde brontekste te gebruik, die sogenaamde Ben Chayyim en Textus Receptus (Hermanson 2002). Die voorskrif dat vertalers nie Bybellesers moes vervreem nie (Fensham 1974:62) en dat dit 'n konkordante vertaling moes wees (elke woord in die brontaal moes net een Afrikaanse vertaalekwivalent hê) was verdere invloede. Die vertaling het egter heelwat formele en argaïese Neerlandismes bevat (Ponelis 2002).

Die letterlike vertaalstyl van die 1933-vertaling is geskoei op dié van die *Statevertaling*. Geen teoretiese vertaalbenadering is nog gebruik nie (Basson 2002), maar die opdrag dat uit die brontale met inagneming van die *Statevertaling* gewerk moes word, het 'n groot invloed uitgeoefen. In agternaperspektief kan gesê word die 1933-vertaling was gerig op lesers wat behoefte gehad het aan 'n formele Bybelvertaling vir liturgiese doeleindes. Die siening van die status van Afrikaans as formele kerktal het waarskynlik hierin 'n rol gespeel.

Hierdie vertaling is oor die algemeen goed ontvang — “deurgaans positief” (Van Zyl & Swanepoel 1972). Met verloop van tyd is daar egter kritiek ingebring teen die

⁷⁵ Ander gedeeltelike vertalings het ook in 1878 en 1893 verskyn (Hermanson 2002:9).

verouderde taalgebruik as gevolg van die feit dat Afrikaans sodanig ontwikkel het dat die letterlike vertaling van byvoorbeeld idiome as onverstaanbaar gesien is (ibid.).

Uit die perspektief van hierdie studie is die grootste kritiek teen die 1933-vertaling die konkordante aard daarvan. Indien 'n leksikale eenheid soos *hinneh* konkordant vertaal word, gaan die belangrikheid van die verskillende funksies daarvan in Bybelse Hebreeus verlore. Om van die veronderstelling uit te gaan dat *hinneh* net op een of twee maniere vertaal kan word, kan daartoe lei dat sommige van die nuanses wat dit uitdruk, misgekyk word.

hinneh is in die OV meestal met “[k]yk, ...” vertaal. Omdat “[k]yk ...” in sommige gevalle niks met die visuele te make het nie, is dit moontlik dat dié kommunikasieleidraad (wat meer as duisend keer voorkom) in 'n konkordante vertaling as 'n minder goeie vertaalopsie gesien kan word. Die miratoriese funksie, wat, soos reeds aangetoon (sien § 3.3.2), 'n belangrike een is vir *hinneh*, kan byvoorbeeld as “Let op!” of “... tot sy verbasing ...” vertaal word, maar dan kan ander funksies van *hinneh* nie ook op dieselfde wyse vertaal word (soos 'n konkordante vertaling vereis) nie. Die voordurende herhaling⁷⁶ van “kyk”, veral na 'n voegwoord, of in die middel van 'n sin – nie gebruiklik in gewone of geskrewe Afrikaans nie – moet daarom vandag met groot omsigtigheid hanteer word. Konkordansie is egter nie meer 'n vereiste vir hedendaagse vertalings nie, deels as gevolg van ontwikkeling in die beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika, en deels as gevolg van ontwikkeling op vertaalteoretiese gebied.

4.2.2 Die 1953-hersiening

Daar is reeds dadelik na die publikasie van die 1933-vertaling met hierdie hersiening onder redaksie van vyf hersieners begin. Die leesbaarheid van die vertaling is byvoorbeeld verbeter wat sinsbou en woordkeuse betref. Van Zyl en Swanepoel (1972:23-28) vergelyk die volgende teks as voorbeeld:

⁷⁶ Herhaling as stylvoorkeur is na my mening meer gebruiklik in Bybelse Hebreeus as in Afrikaans, waar dit as vervelig, en nie retories nie, gesien kan word.

1933: En Jesus was genooi, en sy dissipels, na die bruilof ...

1953: En Jesus en sy dissipels was genooi na die bruilof ... (Johannes 2:2).

Omdat die 1933-vertaling as 'n woord-vir-woord-vertaling gesien kan word, was dit met die hersiening maklik om die leksikale item as eenheid van vertaling te beskou en bloot woorde met ander woorde te vervang, byvoorbeeld “skaapwagter” met “herder” (Van der Merwe 2001). Sommige meer argaïese keuses is gemaak in die gevalle waar geoordeel is dat die vorige vertaling aanstoot gee het. Die bestek van hierdie studie verhoed egter dat ek dié hersiening in meer detail bespreek.⁷⁷

4.2.3 1983-vertaling (NV)

Reeds in 1970 het die sinodes van die Afrikaanse kerke opdrag gegee vir 'n nuwe Bybelvertaling. Voor die Bybelgenootskap se vertaalseminaar in Turfloop (1976), was daar sprake van 'n hersiening van 'n hersiening. Ná 'n proefvertaling van 'n aantal Bybelboeke in 1971 is egter besluit dat die vertaalprobleme wat sedert die vorige hersiening geïdentifiseer is, nie met die ou benadering ondervang kon word nie. Ds. Van Arkel het daarom die rede vir die nuwe benadering soos volg uiteengesit: “Daar was in die geskiedenis nog nooit 'n hersiening van die Bybel wat werklik 'n sukses was nie” (soos aangehaal in Van Zyl & Swanepoel 1972).

By Turfloop het Eugene Nida (sien ook § 2.4) die seminaar gelei en vertalers oor die nuutste vertaalbenaderings ingelig. As handboek het Nida sy werk in samewerking met Taber, *The Theory and Practice of Translation* (1969), gebruik. Nida se onderskeiding van verskillende soorte ekwivalensie het 'n groot invloed op die praktyk van Bybelvertaling gehad. Die effek van formeel-ekwivalente vertalings, soos voor Nida algemeen gebruik, was dat sinstruktuur en woordkeuse só na aan die brontale gebly het dat doellesers dele daarvan onverstaanbaar gevind het. Met dinamiese ekwivalensie (en later funksionele ekwivalensie, 1986) het Nida bedoel dat die effek van die doelteks dieselfde as dié van die bronteks op die bronlesers moes

⁷⁷ Tussen 1953 en 1983 het ook *Die Blye Boodschap* (1975) verskyn. Die belangrikheid van dié vertaling lê daarin dat dit die eerste vertaling in Afrikaans was wat in sy voorwoord die vertaalstrategie gemotiveer het: “Die uitgangspunt van die Bybelvertaler is eerbied vir die gesag van die Woord van God. Daarom ...”

wees. Soos reeds aangetoon (in § 2.4.6), is sodanige effek in Bybelvertaling problematies vanweë temporele en ruimtelike verskille. Nida se fokus was egter eerder die daarstelling van 'n wyse waarop dinamies-ekwivalente vertalings in die praktyk uitgevoer moes word.

Volgens Nida en Taber (1982) is dit nie die taak van die vertaler om die Bybel te moderniseer nie, ook nie om die taak van die prediker oor te neem deur kulturele inligting te verskaf nie, en ook nie om sake wat slegs implisiet in die brontekste is, eksplisiet in die doeltteks aan te bied nie. Nida het wel suksesvolle kommunikasie van die boodskap as ononderhandelbaar gesien. Jordaan stel die vertaler se rol volgens Nida soos volg (2002:24): “The Bible cannot communicate to the contemporary reader, unless the translator enables it to communicate”. In aansluiting daarby skryf Jordaan dat die interpretasie van die teks nie die vertaler se taak nie, maar die prediker s'n is. Nida se benadering beteken egter nie dat hy verstaanbaarheid aan interpretasie gelykgestel het nie. Soos sommige ander teoretici voel Joubert (2002) dat die vertaler wel die minimum kulturele inligting om die teks te verstaan moet verskaf. Die bepaling van minimum kulturele inligting bly egter 'n subjektiewe begrip, veral aangesien Nida se siening van doellesers dalk verander het as gevolg van die verskille tussen eerste- en tweedegenerasieleesers en kulturele insigte by vele Bybellesers.

Die kodemodel van kommunikasie wat aan die basis van Nida se teorie was, is later gekritiseer onder andere aangesien dit nie kon verduidelik hoe die gaping tussen geënkodeerde inligting en die idee daaragter oorbrug word nie. Daarom het daar 'n behoefte begin ontstaan aan meer bevredigende kommunikasiemodelle, waarvan een die inferensiemodel (Sperber en Wilson) was. Soos voorheen aangedui (sien § 2.6.2), is Gutt⁷⁸ die persoon wat die implikasies van die relevansieteorie (gebaseer op die inferensiemodel) vir Bybelvertaling probeer uitwerk het. Kritiek dat hy nie prakties gedemonstreer het hoe om direkte en indirekte vertalings te bewerkstellig nie, is egter ongegrond aangesien hy dit nie as sy rol gesien het nie.

⁷⁸ Kritiek teen Gutt sluit byvoorbeeld in dat korrekte afleidings (“inferences”) nie noodwendig tydens kommunikasie gemaak word nie, aangesien ekstra betekenis dikwels deur die doelleser bygevoeg word.

Een van die grootste punte van kritiek teen die funksioneel-ekwivalente benadering vir Bybelvertaling (die benadering wat ten grondslag van die 1983-vertaling gelê het) was die feit dat die vreemdheid van die Bybelse kultuur genegeer word (De Blois & Mewe 2002). Nida se fokus op eerstegerasielezers en die gebruik van die Bybel vir evangelisasie-doeleindes het egter nie hierdie aspek as problematies gesien nie aangesien die oordrag van die boodskap vir hom primêr in die vertaalhandeling was (sien § 2.4.5). Die appellatiewe funksie het dus die ander funksies van die doelteks oorheers. Soos in hoofstuk 2 aangetoon is, het Nida ook wel met ontwikkelings in vertaalteorie tred gehou deur sy teorieë voortdurend aan te pas.⁷⁹

Volgens Van Zyl en Swanepoel (1972:48), was die verskyning van die *Good News for Modern Man* (1966) een van die bydraende faktore tot die behoefte aan 'n informeler vertaling van die Bybel in Afrikaans. Die 1983-vertaling het, soos die *Good News for Modern Man*, hedendaagse omgangstaal gebruik om onder andere die Bybel vir jongmense meer toeganklik te maak (Weiss 1990:10).

Die opdrag vir die 1983-vertaling (reeds in 1968 in Pretoria aanvaar) was dat dit moes "...rekening hou met die ontwikkeling van Afrikaans in die afgelope tydvak en die resultate van wetenskaplike ondersoek, so getrou as moontlik aan die grondteks" (Van Zyl & Swanepoel 1972:48). Die grondteks van die Ou Testament wat vir hierdie vertaling gebruik is, was die Biblia Hebraica Stuttgartensia. Al die lede van die redaksionele komitee kon óf Grieks óf Hebreeus lees en het dus uit die brontale gewerk. Anders as die vorige Afrikaanse vertalings is die Nuwe Testament uit die Nestlé-bronteks vertaal, en nie uit die Textus Receptus nie (Van Zyl & Swanepoel 1972).

Ook anders as die vorige vertalings, was hierdie een nie konkordant nie; met ander woorde een lemma in die bronteks is soms met 'n verskeidenheid vertaalopsies vertaal. Dit is een van die redes waarom sommige lesers dié vertaling as 'n *Good News*-tipe vertaling beskou het. Die ander redes het verband gehou met die informele taalgebruik en interpretasies deur vertalers.

⁷⁹ In 1996 het hy byvoorbeeld ook toegegee dat voetnote wel noodsaaklik vir Bybelvertaling is.

Die steeds woord-vir-woord-benadering van die 1953-hersiening is volgens Van Zyl (ibid.), die sekretaris van die vertaalkommissie, tydens hierdie vertaling met die dinamies-ekwivalente metode van Nida vervang, en die betekenis van sinne was nou die fokus. Metafore is volgens Muntingh (1998) meestal weg vertaal omdat ekwivalente metafore nie nodig was om funksionele ekwivalensie te verkry nie – die funksie van die metafoor is in die doelteks verkry sonder die gebruik daarvan. Ander kommunikasieleidrade is waarskynlik om dieselfde rede uit dié vertaling weggelaat.⁸⁰

Die grootste kritiek op die 1983-vertaling sluit volgens Van der Merwe (2001) die inkonsekwente toepassing van die dinamies-funksionele benadering in. Muntingh (1998) se grootste kritiek was weer op die feit dat die beeldrykheid van die Bybelse Hebreeus veral by die poëtiese dele volgens hom verlore gegaan het. Basson (2002), onder andere, voel dat die status van die bronteks ernstig aangetas is en die poging tot ekwivalensie van betekenis die karakter van die Bybel as kultuurvreemde dokument geïgnoreer het.

Alhoewel die konsekwente gebruik van “kyk” vir *hinneh* (soos meestal in die OV) nie die kultuurvreemdheid van die doelteks gewaarborg of veroorsaak het nie, sou ’n mens kon verwag dat die vereiste van getrouheid aan die bronteks en die ontwikkeling van vertaalkunde ’n meer konsekwente vertaling hiervan sou voortbring. Die feit dat *hinneh* soms in die 1983-vertaling inkonsekwent vertaal word (sien § 4.3), sou wel teoreties as dinamies-funksioneel gesien kon word (die vertaler het byvoorbeeld besluit dat sekere funksies geïgnoreer kan word), maar sommige kenners (waaronder Van der Merwe 2001) het geoordeel dat gebrek aan gehaltebeheer veroorsaak het dat die vertaling nie wetenskaplik begrond en weldeurdag aangepak is nie.

4.2.4 Ander vertalings

In 1982 het *Die Lewende Bybel* as die eerste nie-amptelike Bybelvertaling (nie deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aangepak op versoek van die kerke nie) in

⁸⁰ Aan die ander kant, bied die 1983-vertaling die lesers wel meer as wat in die bronteks staan: opsommings aan die begin van Bybelboeke, opskrifte by perikope, voetnote, ’n woordelys en landkaarte. Sommige ekwivalentlose kommunikasieleidrade soos die woord *sela* (wat 71 maal in die Psalms voorkom) is behou, maar in die woordelys verduidelik.

Afrikaans verskyn. Volgens die voorwoord was die hoofdoel daarvan om 'n lesersvriendelike vertaling daar te stel. Alhoewel dit uit die brontale vertaal is, word *Die Lewende Bybel* as 'n parafrase beskou. Soos met *Die Boodskap* (1997), het die persepsie van wie die teikengehoor is 'n bepalende rol gespeel in die keuse om vryer eerder as formeler te vertaal. Die inleiding tot *Die Boodskap* (eers net die Nuwe Testament 1996:8) maak dit ook duidelik dat die taal wat gebruik word dié is wat ons praat “as ons by die etenstafel sit”. Die vertaalopdrag is dus gerig op tweedegerasieslesers wat 'n vertaling vir persoonlike gebruik wou hê in teenstelling met die *Ou Vertaling* wat (sien § 2.3) primêr vir liturgiese gebruik bedoel was.

4.2.5 Nuwe Lewende Vertaling (2006)

Toe die *Nuwe Lewende Vertaling* (NLV) in 2006 verskyn het, is dit deur 'n groot publisiteitsveldtog vergesel. Die aansprake op grond waarvan die NLV geadverteer is, kan egter vanuit vertaalteoretiese oogpunt ernstig gekritiseer word. Die eerste, naamlik, dat die jongste Bybelvertaaltegnieke gebruik is, word reeds in 'n resensie deur Van der Merwe (2007a) bevraagteken. Hy beweer dat Nida se dinamies-ekwivalente benadering steeds gebruik is, en dat vertaalteoretiese ontwikkeling sedert Nida met ander woorde nog nie verdiskonteer is nie. Nog punte van kritiek op die vertaling is dat voetnote nie voldoende aangewend is nie, en dat die doelleser soms gehelp word en soms op soortgelyke plekke nie. Dié resensent wys verder talle ander inkonsekwenthede⁸¹ (en selfs foute) in die vertaling uit wat volgens hom daarop dui dat gehaltebeheer nie streng genoeg toegepas is nie.

Aangesien grammatikale funksies van kommunikasieleidrade soos *hinneh* nie genoegsaam gekategoriseer was nie, was dit ook nie eenvoudig om konsekwent gehaltebeheer toe te pas nie. Konkordansie vereenvoudig gehaltebeheer, maar 'n hele aantal verskillende funksies bemoeilik dit.

⁸¹ Inkonsekwenthede wat die vertaling van *hinneh* betref, sal in § 4.3 bespreek word.

4.2.6 Nuwe Afrikaanse Vertaling (Proefvertaling 2008)

In die “Begeleidende Inligting by die Proefvertaling” (2008:2) word die vertaalopdrag daarvan soos volg verduidelik: “In Afrikaanssprekende kerke is daar die behoefte vir ’n Bybelvertaling wat sterker aansluit by die bronteks ... as die bestaande vertalings”. Wat die vertaling van kommunikasieleidrade soos *hinneh* betref, kan dus verwag word dat dit nie geïgnoreer sal word soos met sommige vorige vertalings nie, maar dat ’n groter poging aangewend sal word om die doelleser te help om die gepaste interpretasie van die brontekste te maak. Een van die verskille met vorige vertalings word verder duidelik uitgespel (2008:3): “Anders as in die 1933/53- en die 1983-vertaling van die Bybelgenootskap sal **voetnote gebruik word** om kort verduidelikings aan die leser te gee ten opsigte van sake soos byvoorbeeld probleme in die bronteks of verskillende geldige vertalingsmoontlikhede” (klem in oorspronklike).

In ’n vlugtige ondersoek na die eerste aantal kere waar *hinneh* in die proefvertaling voorkom (Gen 1:29 en Gen 1:31), kan reeds gesien word dat verskeie funksies van *hinneh* in Bybelse Hebreeus verdiskonteer word:

	Proefvertaling	1953
Gen 1:29	Kyk , Ek gee julle hiermee ...	Ek gee nou aan julle ...
Gen 1:31	... en werklik , dit was baie goed.	... en—dit was baie goed ⁸² .

In sy ongepubliseerde voordrag by Misano, stel Van der Merwe (2008:1) dit duidelik dat een van die uitgangpunte van ’n nuwe Afrikaanse vertaling “... a more adequate description of the overt communicative clues of BH” [Biblical Hebrew] sal moet wees. As *hinneh* dus as overte kommunikasieleidraad in Bybelse Hebreeus beskou kan word (soos in hoofstuk 3 aangetoon), sal ’n verantwoordbare beskrywing van sodanige kommunikasieleidrade lei tot ’n beter Afrikaanse doelteks. Die ondersoek

⁸² Alhoewel die 1953-vertaling ook verskillende vertaalopsies vir *hinneh* gebruik, sal ek in § 4.5 aandui waarom ek die m-koppel [—] nie meer as geldige vertaalopsie beskou nie. Die verstek-opsie vir die 1953-vertaling, soos vir die OV, was egter “[k]yk” en vir hierdie twee voorbeelde is dié opsie nie in die 1953-vertaling gebruik nie.

wat in hierdie studie gedoen word, probeer daarom 'n bydrae lewer tot voorstelle vir die konsekwente vertaling van *hinneh* in toekomstige Afrikaanse vertalings.

Daar kan aanvaar word dat alle Bybelvertalings die vereiste van brontekstrouheid voorop sal stel. Dit is egter moontlik dat dié vereiste nie noodwendig tot die konsekwente vertaling van kommunikasieleidrade sal lei nie. Aangesien die verskillende grammatikale funksies van *hinneh* nie in die verlede genoegsaam beskryf was nie, het vorige vertalings sommige belangrike leidrade geïgnoreer en daarmee nie optimale begrip van die bronteks verseker nie.

4.3 Die hantering van *hinneh* in vorige Afrikaanse vertalings

Ek gaan vervolgens die 213 voorbeelde van die gebruik van *(we)hinneh* in my korpus na aanleiding van Van der Merwe en Naudé se kategorieë bestudeer om te ondersoek hoe vorige Afrikaanse Bybelvertalings dit hanteer het. Ek gebruik hierdie kategorieë dus eerstens slegs as heuristiese instrument om die vertalings van *(we)hinneh* te analiseer. Volgens my hipotese is *(we)hinneh* inkonsekwent hanteer as gevolg van onvoldoende beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika, asook onvoldoende verdiskontering van vertaalteoretiese insigte. My gevolgtrekking oor vorige vertalings (in § 4.4) sal gevolg word deur voorstelle vir toekomstige vertalings (§ 4.5). Die formaat van my bespreking sal soos volg wees: Van der Merwe en Naudé se (sub-)kategorie, voorbeelde daarvan uit my korpus onder die volgende opskrifte: Glos,⁸³ OV, NV, NLV, en bespreking om my bevinding op te som. Waar 'n beperkte aantal voorbeelde van 'n kategorie in my afbakening voorkom, bespreek ek almal; maar andersins, slegs prototipiese gevalle in die volgorde waarin afleidings gemaak word.

⁸³ Die rol van die glos is slegs om die sintaktiese konteks van *hinneh* saam met die ongeïnterpreteerde vertaling uit Bybelse Hebreeus te verskaf.

4.3.1 *hinneh* (en soms *wehinneh*⁸⁴) in hoofsaaklik gesproke gedeeltes.

4.3.1.1 *hinneh* + entiteit (+ uitbreiding) in ruimtelike nabyheid.

4.3.1.1.1 *hinneh* + NS (naamwoordstuk).

In sy mees basiese vorm kan *hinneh* hier as presentatiewe deiktiese partikel gesien word. Die spreker bied iemand of iets aan in die ruimtelike nabyheid van die aangesprokene.

Voorbeeld (i) 'n Spreker kondig die aankoms of teenwoordigheid van 'n persoon aan.

- Jes 40:9
Glos: say to the cities of Judah *hinneh* your God
OV: Sê aan die stede van Juda: Hier is julle God!
NV: Sê vir die stede van Juda: “Julle God is hier!”
NLV: Sê vir die stede van Juda: “Hier is jou God!”

Bespreking: Alhoewel daar net een voorbeeld van hierdie funksie in my korpus voorkom, is die vertaalkeuse “Hier is x” (OV en NLV) om die presentatief aan te dui, reeds eksemplaries van die OV en NLV (soos later aangetoon sal word) in vergelyking met die ongemotiveerde vooropstelling van die onderwerp God in “Julle God is hier” (NV). Die presentatiewe funksie van *hinneh* word egter deur al die vertalings aangedui. Die uitroepteken in al drie vertalings is 'n verdere poging om *hinneh* te verreken.

Voorbeeld (ii) 'n Spreker(s) bied 'n entiteit (soms hulleself) aan 'n aangesprokene aan. Die presentatief verskaf soms die motivering vir 'n daaropvolgende opdrag.

⁸⁴ Van der Merwe en Naudé se kategorisering van *wehinneh* (die voegwoord “en” + *hinneh*) het aangetoon dat daar 'n duidelike semantiese afbakening vir *wehinneh* in Bybelse Hebreeus bestaan. Uitsonderings kom wel voor.

- Gen 22:7 (gevolg deur 'n vraag)
Glos: and he said *hinneh* the fire and the wood and where the sheep for burnt offering
OV: En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?
NV: Toe vra Isak: “Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?”
NLV: “Ons het nou wel die hout en die vuur,” sê die seun, “maar waar is die lam vir
- Gen 30:3
Glos: and she said *hinneh* my slave woman Bilhah go to her and she may bear for me
OV: En sy antwoord: Daar is my slavin Bilha; gaan by haar in, dat sy op my knieë kan
NV: Ragel het vir hom gesê: “Hier is my slavin Bilha. Hou gemeenskap met haar sodat
NLV: R. Sê toe vir hom: “Gaan slaap by my slavin Bilha. Dalk sal sy namens my
- Gen 24:51⁸⁵
Glos: *hinneh* Rebekah before you take and go and let she be a wife for the son
OV: Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy 'n vrou kan wees
NV: Rebekka is hier by jou. Vat haar saam en gaan terug. Sy moet die vrou word
NLV: Hier is Rebekka. Neem haar en gaan. Ja, laat sy die vrou word van jou meester
- Gen 17:4
Glos: as for me *hinneh* my covenant with you and you shall be as ancestor of a multiple
OV: Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte
NV: “Dit is my verbond met jou:/ jy sal die vader wees/ van 'n menigte nasies;
NLV: “Dit is my verbond wat Ek met jou sluit: Jy sal die voorvader wees van baie

In twee van die vier gevalle in my korpus (Gen 30:3 en Gen 24:51) gebruik die OV “daar” in plaas van “hier” vir die presentatief. Dit is waarskynlik 'n poging om verskille in ruimtelike nabyheid aan te dui: “hier” (Gen 22:7, vir voorwerpe) is ruimtelik nader as “daar” (Gen 30:3 en Gen 24:51, vir persone). In Gen 17:4 word “kyk” gebruik. Die NV vertaal Gen 24:51 met “Rebekka is hier by jou” waar die NLV “Hier is Rebekka” (waarskynlik die verstek-opsie) gebruik. In Gen 17:4, 'n gebeurtenis, oordeel al die vertalers dat “hier is x” nie gepas sal wees nie, en beide die NV en NLV gebruik “dit is x”. Behalwe Gen 17:4 gebruik die NV egter konsekwent “hier” vir hierdie presentatief. In Gen 30:3 is daar in die NLV geen spoor van *hinneh*

⁸⁵ Die verstek-orde van voorbeelde is die orde waarin dit in die Bybel voorkom. Uitsonderings op dié reël poog om die logiese vloei van die bespreking te vergemaklik, asook die status van meer na minder prototipiese gevalle aan te dui.

nie, maar in Gen 24:51 word “hier is x” gebruik. Die gebruik van “nou wel” in Gen 22:7 (NLV) is moontlik ’n poging om uitdrukking aan *hinneh* te gee. Al die vertalings verdiskonteer dus in al vier voorbeelde vir *hinneh*, behalwe die NLV wat in Gen 30:3 oordeel dat die presentatief onnodig is vir hierdie funksie.

Voorbeeld (iii) ’n Spreker(s) bied hulleself of ’n entiteit aan as beskikbaar om aan ’n gebeurtenis deel te neem of ’n rol te vervul.

- Gen 37:13
Glos: he said to him *hinneh*
OV: En hy antwoord hom: Hier is ek!
NV: Josef het geantwoord: “Goed, Pa!”
NLV: “Goed, Pa,” sê Josef.
- Jes 6:8
Glos: and I said *hinneh* send me
OV: Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.
NV: Ek het geantwoord: “Hier is ek! Stuur my!”
NLV: Ek het geantwoord:/ “Here, ek sal gaan!/ Stuur my!”
- Jes 52:6
Glos: therefore in the day the that that I am he the one who speaks *hinneh*
OV: daarom *sal hulle weet* op dié dag dat dit Ek is wat spreek: Hier is Ek!
NV: my volk my Naam bely:/ dat Ek die Here is,/ dat dit Ek is wat sê: Hier is Ek!
NLV: Daarom sal hulle weet/ wanneer die dag kom,/ dat dit Ek is wat sê:/ ‘Hier is Ek!’
- Gen 44:16
Glos: *hinneh* slaves for my lord also we also the one who it was found the cup
OV: Kyk, ons is my heer se slawe, ons sowel as hy by wie die beker gevind is.
NV: Hier is ons, ons is Meneer se slawe: ons almal, saam met hom by wie die beker
NLV: Meneer, ons het almal terugekom om u slawe te wees, ons én ons broer in wie

- Gen 50:18
 Glos: also his brothers and they fell before him and they said *hinneh* for you as servants
 OV: ook self gegaan en voor hom neergeval en gesê: Kyk, ons is u slawe.
 NV: en voor hom op hulle knieë geval en gesê: “Hier is ons voor u. Ons is u slawe.”
 NLV: Sy broers kom toe en val voor hom neer. “Ons sal u slawe wees,” het hulle gesê.
- Jes 8:18
 Glos: *hinneh* I and the children whom he as given to me Yahweh as signs and
 OV: Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het—tot tekens en sinnebeelde
 NV: Hier is ek en die kinders wat die Here vir my gegee het. Ons is in Israel lewende
 NLV: Ek en die kinders wat die HERE my gegee het, het name⁸⁶ wat die planne

In die OV word hierdie presentatief uitgedruk deur “hier is e/Ek”, behalwe in Gen 44:16 en 50:18, waar “kyk, ons ...” gebruik word. Dit is moontlik dat “hier is ek” (eerstepersoon, enkelvoud) in die OV as gevolg van die konkordansie-vereiste as ’n formule gesien word, maar nie in die meervoud nie. Die uitroepteken [!] kan ook dalk deel van die formule uitmaak, alhoewel nie in Jes 6:8 (OV) nie.

In die NV word “Hier is ek/ons” deurgaans gebruik behalwe in Gen 37:13, waar die bereidwilligheid vir ’n taak met “[g]oed, Pa” aangedui is. In Gen 50:18 (NV) word “voor u” (“Hier is ons voor u”) waarskynlik gebruik om die presentatief te beklemtoon.

Die NLV verdiskonteer die funksie van bereidwilligheid van *hinneh* deur die gebruik van “Here, ek sal gaan” in Jes 6:8. “Meneer, ons het almal teruggekom om u slawe te wees” (Gen 44:16) en “Ons sal u slawe wees” (Gen 50:18) is waarskynlik ook pogings om dié funksie van *hinneh* te verdiskonteer. Die NLV gebruik “Hier is Ek!” slegs in Jes 52:6. Hierdie verskillende vertaalopsies van die NLV is wel in ooreenstemming met die vereistes van dinamiese ekwivalensie, en in elke geval kan aangedui word dat die presentatief geïmpliseer word (al word “hier is x” nie gebruik nie), behalwe in Jes 8:18 waar hierdie funksie van *hinneh* geïgnoreer word.

⁸⁶ Hierdie voorbeeld in die NLV bevat ’n voetnoot. Aangesien dit egter geen verband toon met die fokus van hierdie studie nie, word dit nie bespreek nie.

Voorbeeld (iv) 'n Spreker bied hom/haar aan ná 'n oproep deur 'n ander spreker.

- Gen 22:7
Glos: to Abraham his father and he said my father and he said *hinneh* my son
OV: met sy vader Abraham en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun!
NV: so saamloop, sê Isak vir sy pa: “Pa?” en Abraham antwoord: “Ja, my seun?”
NLV: Terwyl die twee so saamloop, sê Isak: “Pa?” “Ja, my seun?” antwoord Abraham.
- Gen 46:2
Glos: God to Israel in visions of the night and he said Jacob Jacob and he said *hinneh*
OV: gesprek in naggesigte en gesê: Jakob, Jakob! En hy antwoord: Hier is ek!
NV: gepraat in 'n visioen en geroep: “Jakob, Jakob!” Hy het geantwoord: “Hier is ek!”
NLV: met hom gepraat. “Jakob! Jakob! het Hy geroep. “Ek luister,” antwoord Jakob.
- Jes 58:9
Glos: call and Yahweh he will answer you shall cry for help and he will say *hinneh*
OV: roep, en die HERE sal antwoord; jy sal skreeu om hulp, en Hy sal sê: Hier is Ek!
NV: roep,/ en die Here sal antwoord,/ jy sal om hulp roep,/ en Hy sal sê: Hier is Ek!
NLV: sal die Here antwoord./ Jy sal roep om hulp/ en Hy sal sê: Hier is Ek!
- Gen 27:18
Glos: went to his father and he said my father and he said *hinneh* who are you my son
OV: by sy vader en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek! Wie is jy, my seun?
NV: toe na sy pa toe ingegaan en gesê: “Pa!” Toe sê hy: “Ja, watter seun is jy?”
NLV: geneem en gesê: “Pa!” “Ja, my seun,” antwoord hy. “Wie is dit, Esau of Jakob?”
- Gen 27:1
Glos: Esau his son the older and he said to him my son and he said to him *hinneh*
OV: Esau geroep en vir hom gesê: My seun! En hy het hom geantwoord: Hier is ek!
NV: Esau, geroep en vir hom gesê: “My seun!” en Esau het geantwoord: “Hier is ek!”
NLV: roep hy Esau, die oudste seun, en sê: “My seun.” “Hier is ek,” antwoord Esau.

- Jes 65:1

Glos: asked I let myself be found by those who not they sought me I said *hinneh hinneh*

OV: 'n nasie wat na my naam nie genoem is nie, het Ek gesê: Hier is Ek, hier is Ek!

NV: Vir 'n nasie wat My nie/ aangeroop het nie,/ het Ek gesê: Hier is Ek! Hier is Ek!

NLV: Vir 'n nasie wat nie na My/ geroep het nie,/ het Ek gesê: 'Hier is ek,/ hier is Ek!'

	Hier is e/Ek!	Ja	Ek luister	?
OV	7	0	0	0
NV	5	2	0	2
NLV	3	3	2	1

Tabel 4:1 *hinneh* as antwoord op roep

Voorafgaande tabel (4:1) as opsomming van die 7 gevalle in my korpus dui onder andere aan in watter mate vertalers van die OV meer konsekwent in hulle vertaalkeuses opgetree het (al sewe keer “Hier is e/Ek”), teenoor dié van die NV en NLV wat verskillende vertaalkeuses uitgeoefen het om hierdie funksie te verdiskonteer. In die geval van die OV was die konkordante aard van die vertaling 'n dryfveer vir konsekwente keuses, en in die geval van die NV en NLV het die vertalers waarskynlik geoordeel dat die beginsel van lesersvriendelikheid (een van die eienskappe van 'n dinamies-ekwivalente vertaling) vereis dat aangesprokenes antwoord op 'n roep soos hedendaags gebruiklik is (“Ja, my seun?” Gen 22:7 NV, en ‘Ja, ek luister!’ Gen 33:11 NLV). Hierdie keuses is egter nie konsekwent uitgevoer nie (sien veral Gen 27:18 NV “Ja, watter seun is jy?”), alhoewel die NV (5 uit die 7 keer) en die NLV (3 uit die 7 keer) “Hier is ek” vir hierdie funksie gebruik het. Die gebruik van “Ja”, “[e]k luister” en die [?] (om 'n daaropvolgende reaksie te antisipeer), kom op inkonsekwente wyse in die NV en die NLV voor, maar slegs in Genesis. Vir hierdie funksie het geen vertaling egter vir *hinneh* geïgnoreer nie.

Voorbeeld (v) 'n Spreker dui aan dat die aangesprokene aandag moet skenk aan 'n spesifieke entiteit.

- Gen 31:51
 Glos: and he said Laban to Jacob *hinneh* the pile of rocks the this *wehinneh* the stone
 OV: Verder sê Laban vir Jakob: Daar is dié hoop klippe, en daar is die gedenksteen wat
 NV: Verder het Laban vir Jakob gesê: “Kyk na hierdie kliphoop en kyk na die
 NLV: my en jou. Kyk na hierdie hoop klippe en hierdie klippilaar wat ek opgerig het.

- Gen 20:15
 Glos: and he said Abimelech *hinneh* my land to the face of you in the good in your eyes
 OV: En Abiméleg sê: Daar lê my land voor jou oop; woon waar dit goed is in jou oë.
 NV: Toe sê Abimelek vir hom: “My land lê oop voor jou. Bly net waar jy wil.”
 NLV: en sê: “Gaan deur my koninkryk en kies vir jou ’n plek waar jy graag wil woon.”

- Ps 87:4
 Glos: who know me *hinneh* Philistia and Tyre with Cush this one he was born there
 OV: wat My ken; kyk, Filistéa en Tirus saam met Kus—hierdie een is daar gebore.
 NV: Egipte en Babel,/ selfs dié van Filistea, Tirus en Kus./ Hulle het almal kinders van
 NLV: ook Filistea en Tirus en ook Kus —/ almal het kinders van Sion geword!

- Ps 92:10
 Glos: for *hinneh* your enemies o Yahweh for *hinneh* your enemies they shall perish
 OV: Want kyk, u vyande, o HERE, want kyk, u vyande sal vergaan; al die werkers
 NV: en dit staan vas:/ u vyande sal uitgedelg word, Here,/ almal wat onreg doen,/ sal
 NLV: Maar u vyande, HERE,/ u vyande sal sekerlik vergaan. Alle boosdoeners/ sal

- Jes 41:27
 Glos: first to Zion *hinneh hinneh* and to Jerusalem abringer of good tidings I give
 OV: As die Eerste sê Ek aan Sion: Hier, hier is dit! En aan Jerusalem gee Ek
 NV: gesê het:/ Kyk, jou mense kom terug!/Ek laat Jerusalem ’n goeie tyding hoor.
 NLV: gesê het:/ ‘Kyk, hier kom hulp vir jou!’/ Ek het ’n boodskapper/ met goeie nuus/

	Kyk, (ook as ww.)	[Ø]	Daar	Hier	[!]
OV	2	0	2	1	1 [—] Ps 87:4
NV	2	2	0	0	1
NLV	2	2	0	0	2

Tabel 4:2 Skenk aandag aan spesifieke entiteit

Dit is moeilik om veralgemenings oor die vyf gevalle in hierdie subkategorie te maak aangesien die entiteite onder bespreking van meer konkreet na abstrak varieer en dit nie moontlik is om “Hier is x” of enige ander opsie vir al die voorbeelde te gebruik nie. Die OV het soms “Daar x” gebruik (Gen 31:51 en Gen 20:5, vir die narratiewe), soms “kyk,” (Ps 87:4 saam met die m-koppel [—], en Ps 92:10, vir die profetiese genre) en soms “hier” (Jes 41:27). Die OV hanteer die verdubbeling van *hinneh* in die bronteks met ’n verdubbeling in die doelteks (“kyk, ... kyk” in Ps 92:10 en “Hier, hier is dit!” in Jes 41:27). Beide die NV en NLV het “kyk” soms as werkwoord (Gen 31:15) en soms as deiktiese merker met ’n [!] (Jes 41:27) gebruik, maar ook soms (Gen 20:15 NV, en Ps 92:10 NLV) dié funksie van *hinneh* geïgnoreer. In Ps 92:10 (NV) is die deiktiese funksie van *hinneh* egter vertaal met “en dit staan vas” om die inligting wat daarop volg te beklemtoon. Hierdie keuse is waarskynlik die gevolg van die verdubbeling van *hinneh* in die bronteks. In Ps 87:4 het die NV *hinneh* as “selfs” en die NLV dit as “ook ...!” verdiskonteer.

4.3.1.1.2 *hinneh* (+NS) + (Deelwoord) VS (voorsetselstuk)

- Gen 18:9
 Glos: and they said to him where Sarah your wife and he said *hinneh* in the tent
 OV: Toe sê hulle vir hom: Waar is Sara, u vrou? En hy antwoord: Daar in die tent.
 NV: Toe vra hulle hom: “Waar is jou vrou Sara?” en hy antwoord: “Hier in die tent.”
 NLV: “Waar is Sara, jou vrou?” vra hulle hom. “In die tent,” antwoord Abraham.

- Gen 16:14
 Glos: he called to the well Beer la hai roi *hinneh* between Kadesh and between Bered
 OV: Daarom noem hulle die put: Put van Lagai-Roï. Dit lê daar tussen Kades en Bered.
 NV: die fontein genoem Lagai-Roï-fontein⁸⁷. Die fontein is tussen Kades en Bered.
 NLV: hierdie put Lagai-Roï-fontein genoem. Dit is nog steeds tussen Kades en Bered.
- Gen 47:1
 Glos: they have come from the land of Canaan *wehinneh* in the land of Goshen
 OV: het gekom uit die land Kanaän , en daar is hulle nou in die land Gosen.
 NV: hier aangekom uit Kanaän. Hulle is nou in die Gosenstreek.
 NLV: en ander besittings gekom en is nou in die Gosenstreek.
- Gen 32:19
 Glos: a gift it sent to my lord to Esau *wehinneh* also he is behind us
 OV: ’n geskenk wat hy aan my heer Esau stuur; en kyk, hy self kom ook agter ons aan.
 NV: Dit word as geskenk aan Meneer gestuur, en hy kom self ook agter ons aan.
 NLV: Dit is ’n geskenk vir sy meester Esau! Hy kom net hier agter ons aan.

Dit is slegs in enkele gevalle in Afrikaans moontlik om die voorsetselstuk sonder ’n onderwerp te gebruik, byvoorbeeld as antwoord op ’n vraag (Gen 18:9, NLV). In die OV is “daar” gebruik om die presentatief aan te dui, behalwe in Gen 32:19 waar daar nie spesifieke plekaanduiding, soos in die ander gevalle, ter sprake is nie. Die NV het slegs in die geval van Gen 18:9 geoordeel dat “hier” gepas is, en die kommunikasieleidraad *hinneh* soms geïgnoreer (Gen 16:14 en 32:19) en soms, soos die NLV, die partikel as temporele nabyheid aangedui (“nou” in Gen 47:1 en “nog steeds” Gen 16:14 NLV). “[N]et hier” in Gen 32:19 (NLV) is waarskynlik ook ’n poging om ruimtelike nabyheid aan te dui.

4.3.1.2 *hinneh* + handeling of gebeurtenis in temporele nabyheid

Vir hierdie kategorie word die kommunikasieleidraad *hinneh* dikwels gebruik om aandag te vestig op imminente of pas afgelope gebeure.

⁸⁷ Die NV en NLV het die betekenis van “Lagai-Roï” in ’n voetnoot vervat.

4.3.1.2.1 *hinneh + klous wat imminente of gelyktydige handeling, gebeurtenis of stand van sake aandui*⁸⁸

- Jes 24:1
Glos: *hinneh* Yahweh is about to lay waste the earth and about to devastate it and he
OV: Kyk, die Here maak die aarde leeg en verwoes dit, en Hy keer sy oppervlakte om
NV: Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig,/ sy voorkoms verander/
NLV: Kyk, die Here is op die punt/ om die aarde te verwoes/ en dit ‘n groot puinhoop
- Gen 6:13
Glos: because of their presence *wehinneh* I am going to destroy them with the earth
OV: deur hulle gevul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.
NV: is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.
NLV: dat die aarde vol geweld is. Ek gaan hulle almal verseker tot niet maak.
- Jes 10:33
Glos: *hinneh* the lord of Yahweh hosts is about to lop off the branches with terrifying
OV: *Maar* kyk, die Here HERE van die leërskaare slaan met skrikwekkende geweld
NV: Maar dan sal die Here ons God, die Almagtige, die takke van die bos, Assirië,
NLV: Maar kyk! Die HERE die Almagtige sal elke groot boom afkap! Hy vernietig
- Gen 27:42
Glos: she said to him *hinneh* Esau your brother consoling himself with regards to you
OV: en sê vir hom: Kyk, jou broer Esau sal hom op jou wreek deur jou dood te maak.
NV: seun Jakob laat roep en vir hom gesê: “Pas op! Jou broer Esau is op wraak uit.
NLV: Sy het vir Jakob laat roep en gesê: “Esau dreig om jou dood te maak.
- Gen 50:5
Glos: my father he made swear me saying *hinneh* I about to die in my grave which I
OV: Kyk, ek gaan sterwe; in my graf wat ek vir my in die land Kanaän uitgekap het,
NV: dat ek hom, wanneer hy eendag sterf, sal gaan begrawe in die graf wat hy vir hom
NLV: Hy het gesê: ‘Ek is op die punt om te sterf. Neem my liggaam terug na die land

⁸⁸ Die ander voorbeelde van hierdie kategorie kom voor in Gen 9:9; Gen 16:11; Gen 37:19; Gen 38:24; Gen 41:29; Gen 42:22; Gen 48:4; 21; Jes 3:1; Jes 8:7; Jes 13:17; Jes 19:1; Jes 24:1; Jes 26:21; Jes 28:16; Jes 29:14; Jes 30:27; Jes 37:7; Jes 38:5, 8; Jes 39:6; Jes 40:10; Jes 43:19; en Jes 54:11.

Die vertaalkeuse “op die punt om” (Gen 48:21 NLV) of “binnekort” (Gen 48:21 NV) word deur die deelwoord in Bybelse Hebreeus aangedui en is nie primêr ’n poging om (*we*)*hinneh* te verdiskonteer nie. Verder word die bywoord “verseker” (Gen 6:13 NLV) soms gebruik om die beslissende aard van God se optrede te beklemtoon, maar dit is ook nie noodwendig primêr ’n poging om (*we*)*hinneh* te vertaal nie. Die volgende tabel (Tabel 4:3) dui die vertaling van (*we*)*hinneh* vir die 28 voorbeelde in hierdie kategorie aan.⁸⁹

	Kyk, ⁹⁰ of Kyk! ⁹¹	∅	Tyds- aanduiding (dan, nou)	Presentatiewe plekaanduiding (daar, hier)	Pas op!	Daar- om	Luister nou	[!]
OV	26	1	0	Gen 37:19 Gen 41:29	0	0	0	Gen 37:19 Gen 38:24
NV	5	17	2	Gen 37:19 Gen 41:29 Jes 39:61	1	Gen 27:42	0	0
NLV	7	16	Gen 16:11	Gen 37:19	0	Omdat Gen 42:22	Jes 37:72	Gen 37:19 Jes 38:8 Jes 43:19

Tabel 4:3 Die vertaling van *hinneh* Kategorie 4.3.1.2.1

Soos uit voorafgaande tabel gesien kan word, is 26 uit die 28 voorbeelde in die OV met “kyk,” vertaal. Die NV (17 keer) en die NLV (16 keer) het hierdie funksie geïgnoreer. Temporele nabyheid word nie spesifiek gemerk indien die gewone toekomstige tyd gebruik word nie, en hierdie kommunikasieleidraad word dan dus

⁸⁹ Die rede waarom getalle nie tot op 28 klop nie, is die gebruik van meer as een opsie per vertaalvoorbeeld.

⁹⁰ Die vertaalopsie “kyk” kom in die volgende voorbeelde voor: **NV**: Gen 9:9; Gen 16:1; Gen 37:19; Jes 13:17; Jes 43:19; **NLV**: Jes 10:33 (2x); Jes 19:1; Jes 24:1; Jes 26:21; Jes 28:16; Jes 30:27.

⁹¹ Let op dat die tabelle van vertaalopsies gaandeweg meer ingewikkeld raak. Hierdie feit illustreer die ontwikkeling van die funksie van *hinneh* vanaf ruimtelike tot temporele tot diskoersfunksie, ens.

misgeloop. Die 5 keer in die NV en die 6 keer in die NLV wat “kyk” gebruik word, is waarskynlik pogings om die aandag te vestig op optrede in temporele nabyheid. Die NV het in een geval (Gen 27:42) temporele nabyheid as bedreigend ervaar en dit daarom met “Pas op!” vertaal. Die 6 keer wat die NLV hierdie funksie met “kyk” vertaal het, kom al 6 keer in Jesaja voor.

4.3.1.2.2 *hinneh* + *klous* wat pas afgelope of huidige gebeurtenisse aandui

- Gen 22:20
 Glos: the these and it was told to Abraham saying *hinneh* she has given birth Milcah
 OV: hulle aan Abraham berig gebring en gesê: Kyk, Milka het ook vir jou broer Nahor
 NV: is aan Abraham vertel dat Milka, sy broer Nahor se vrou, kinders vir sy broer
 NLV: hoor Abraham dat Milka, sy broer Nahor se vrou, vir Nahor agt seuns

- Gen 48:2
 Glos: and it was told to Jacob and it was said *hinneh* your son Joseph he had come
 OV: En hulle het aan Jakob berig gebring en gesê: Kyk, u seun Josef kom na u toe.
 NV: Daar is aan Jakob gesê: “U seun Josef het na u toe gekom.”
 NLV: Toe Jakob hoor dat Josef aangekom het, gebruik hy al sy kragte om regop

- Gen 38:13
 Glos: and it was told to Tamar saying *hinneh* your father-in-law going up Timnah
 OV: en gesê: Kyk, jou skoonvader gaan op na Timna om sy kleinvee te skeer.
 NV: Daar is aan Tamar vertel dat haar skoonpa na Timna toe gaan om sy kleinvee
 NLV: Iemand het vir Tamar gesê: “Jou skoonpa is op pad Timna toe om sy skape te

- Jes 6:7
 Glos: and he touched on my mouth and he said *hinneh* it touched this on your lips
 OV: en my mond *daarmee* aangeraak en gesê: Kyk, dit het jou lippe aangeraak
 NV: met die kool en gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het,
 NLV: my lippe aangeraak en gesê: “Kyk, hierdie kool het jou lippe aangeraak.

Vir hierdie funksie word *hinneh* aan die begin van die direkte rede aangetref en wys die aangesprokene op inligting wat vir hom/haar nuuswaardig is. Waar die OV konsekwent vir hierdie funksie “kyk” gebruik, is die ander twee vertalings minder

konsekwent. Die historiese presens in Gen 48:2 (“kom na u toe” OV) is waarskynlik ’n poging om die narratief te verlewendig. Beide die NV (Gen 38:13 en Gen 48:2) en die NLV (Gen 22:20 en Gen 48:2) gebruik in twee uit die vier gevalle die indirekte rede. Die effek van hierdie keuse is om die narratief minder lewendig te maak. In Jes 6:7 gebruik die NV die voegwoord “[n]oudat” terwyl die NLV “[k]yk,” vir hierdie funksie van *hinneh* gebruik. Die NV ignoreer dié kommunikasieleidraad in Gen 48:2 (soos die NLV in Gen 38:13).

4.3.1.2.3 *hinneh* + *klous* wat *performatiewe aksie aandui*

- Gen 1:29
 Glos: and he said God *hinneh* I am giving to you all of vegetation bearing seed
 OV: Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat
 NV: Verder het God gesê: “Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee
 NLV: Verder sê God: “Let op! Ek het aan julle al die plante wat saad dra, gegee en

- Gen 20:16
 Glos: he said *hinneh* I have given a thousand pieces of silver to your brother *hinneh*
 OV: Hier gee ek aan jou broer duisend *sikkels* silwer. Kyk, dit is vir jou ’n bedekking
 NV: “Ek gee aan jou broer duisend stukke silwer. Dit is om almal wat by jou is, te laat
 NLV: “Kyk,” sê hy vir Sara, “ek gee aan jou ‘broer’ 1 000 stukke silwer⁹² om

- Gen 19:21
 Glos: and he said to him *hinneh* I am granting you this favour also concerning
 OV: En Hy sê vir hom: Kyk, Ek neem jou ook in hierdie saak in guns aan, sodat Ek
 NV: Toe sê die engel vir hom: “Ook wat dit betref, staan ek jou versoek toe. Ek sal nie
 NLV: “Goed,” sê die engel, “ek sal aan jou versoek voldoen. Ek sal die klein dorpie

- Jes 51:22
 Glos: *hinneh* I have taken from your hand the cup of the staggering the cup of the cup
 OV: Kyk, Ek neem die beker van bedwelming uit jou hand, die kelk van my
 NV: Ek gaan die beker wat jou laat steier het,/ uit jou hand wegvat,/ die beker van my
 NLV: “Kyk, Ek vat uit jou hand/ die beker wat jou laat steier./ Uit die beker van my

⁹² ’n Voetnoot kom in die NLV voor.

Die vier gevalle van die performatiewe funksie van *hinneh* in my korpus word deur die OV op drie maniere, die NV op twee maniere en die NLV op vier maniere uitgedruk. Die OV gebruik “nou” in Gen 1:29; “[h]ier” in Gen 20:16 en “[k]yk” in Gen 19:21 en Jes 51:22. Die NV ignoreer dié funksie in drie gevalle en gebruik “[l]et op!” vir Gen 1:29. Die NLV gebruik “[l]et op!” in Gen 1:29, “[k]yk in Gen 20:16 en Jes 51:22 en “[g]oed” in Gen 19:21. Die NLV interpreteer egter die tydsvorm as verlede tyd (Gen 1:29) en toekomstige tyd (Gen 19:21).⁹³

4.3.1.3 *hinneh* + inligting in kognitiewe nabyheid⁹⁴

Indien *hinneh* in die Bybels-Hebreeuse brontekste hierdie funksie as kommunikasieleidraad vervul, vestig dit die aangesprokene se aandag op sekere inligting wat in gedagte gehou moet word, soms met die oog op ’n opdrag wat daarop volg.

- Ps 11:2
 Glos: for *hinneh* the wicked bend the bow they have put in place their arrow
 OV: Want kyk, die goddelose span die boog; hulle het hul pyl op die snaar reggesit
 NV: Kyk, die goddeloses span hulle boë,/ en hulle lê aan met die pyl op die snaar;/
 NLV: Die goddeloses span hulle boë./ Hulle sit hulle pyle/ op die snaar.

- Gen 42:2
 Glos: and he said *hinneh* I have heard that there is grain in Egypt go down there
 OV: En hy sê: Kyk, ek het gehoor dat daar koring in Egipte is; trek daarheen af,
 NV: Hy het verder vir hulle gesê: “Ek het gehoor daar is graan in Egipte. Gaan soontoe
 NLV: Ek het gehoor daar is graan in Egipte. Gaan soontoe en koop vir ons daarvan

⁹³ In die glos word die skakel met die hede (noodsaaklik vir die performatiewe funksie) deur die “Present Continuous Tense” (“am giving” Gen 1:29; “am granting” Gen 19:21) en die “Present Perfect Tense” (“have given” Gen 20:16) aangedui.

⁹⁴ Die ander voorbeelde van hierdie kategorie kan gevind word in Gen 18:31; Gen 19:2, 20; Gen 24:13, 43; Gen 27:2, 39; Gen 32:19; Gen 34:21; Gen 38:23; Gen 48:1; Ps 7:15; Ps 33:18; Ps 39:6; Ps 54:6; Ps 59:4; Ps 119:40; Ps 123:2; Ps 127:3; Ps 132:6; Jes 5:26; Jes 20:6; Jes 25:9; Jes 35:4; Jes 36:6; Jes 37:11; Jes 38:17; Jes 41:15; Jes 42:9; Jes 47:14; Jes 48:7; Jes 65:6.

- Gen 19:8
 Glos: *hinneh* please for me two of daughters who not they have not had intercourse
 OV: Kyk tog, ek het twee dogters wat geen man beken het nie; laat ek dié na julle
 NV: Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap met 'n man gehad nie. Ek sal
 NLV: Kyk, ek het twee dogters, albei nog maagde. Doen met hulle wat julle wil, maar

- Ps 40:10
 Glos: *hinneh* my lips not I have restrained Yahweh you know
 OV: kyk, my lippe bedwing ek nie. Here, U weet dit.
 NV: Ek het nie stil gebly nie, Here, U weet dit!
 NLV: Ek was nie bang om reguit te praat nie. HERE, U weet dit tog.

- Gen 27:6
 Glos: she said to Jacob her son saying *hinneh* I heard your father speaking to Esau
 OV: seun Jakob gesprek: Kyk, ek het jou vader met jou broer Esau hoor spreek en sê:
 NV: gepraat en vir hom gesê: “Luister, ek het gehoor jou pa praat met jou broer Esau.
 NLV: sê sy vir haar seun Jakob: “Ek het gehoor jou pa vra vir Esau om

- Gen 12:11
 Glos: to enter Egypt and he said to Sarai his wife *hinneh* please I know that a woman
 OV: hy met sy vrou Sarai gesprek: Kyk, ek weet dat jy 'n vrou is mooi van aansien..
 NV: om Egipte binne te gaan, sê hy vir sy vrou Sarai: “Ek weet jy is 'n mooi vrou.
 NLV: grens van Egipte sê Abram vir Sarai: “Luister, my vrou, jy is 'n baie mooi vrou.

- Gen 16:6
 Glos: and he said Abram to Sarai *hinneh* your female slave is in you hand do to her
 OV: En Abram antwoord Sarai: Daar is jou slavin in jou hand—doen met haar soos dit
 NV: Maar Abram sê vir Sarai: “Jou slavin staan onder jou. Doen met haar soos jy
 NLV: Abram het geantwoord: “Aangesien sy jou slavin is, maak met haar soos jy wil.”

- Gen 18:27
 Glos: and answered Abraham and he said *hinneh* please I was bold to speak to the Lord
 OV: En Abraham antwoord en sê: Kyk tog, ek het dit gewaag om met die Here
 NV: Abraham het gesê: “Ek is maar net stof en as, en tog het ek gewaag om met
 NLV: Abraham het weer gepraat: “Aangesien ek gewaag het om te praat al is ek maar

- Jes 20:6

Glos: this in the day the that *hinneh* this our hope whom we fled there for help

OV: sal in dié dag sê: Kyk, só gaan dit met ons toeverlaat waarheen ons gevlug het

NV: van die kuslande sê: “Kyk wat het gebeur met die mense op wie ons vertrou het,

NLV: Hulle sal sê: ‘As dit met Egipte kon gebeur, watter kans het ons?’

	Kyk ⁹⁵ (...!)	∅	Presentatiewe merkers (hier, daar)	Modale merkers (gerus, mos)	Deiktiese merkers ⁹⁶ (Luister, gewis, ja, [!])	Voegwoorde	Bywoorde van tyd (nou, reeds, toe, al)
OV	36	0	3	mos 3 (bv. Gen 34:21)3	Gewis (Ps 119:40)	0	0
NV	4	21	Jes 35:4	mos (Jes 37:11)	[!] (Jes 35:4) Luister, (Gen 27:6)	Maar (Ps 54:6; Jes 47:14)	al (Gen 27:2; Jes 48:7)
NLV	3	13	3	gerus (Gen 19:2 ⁹⁷) net hier (Gen 32:18) mos (Jes 37:11)	[!] (Jes 35:4) Ja (Jes 38:17)	Aangesien (Gen 16:6; Gen 18:27) Terwyl (Gen 18:31) Want (Gen 34:21, Jes 35:4) Maar (Ps 33:18; Ps 54:6; Jes 47:14) As (Jes 36:6)	reeds (Gen 27:2) nou (Gen 24:43) al (Jes 48:7)

Tabel 4:4 *hinneh* as merker van kognitiewe nabyheid Kategorie 4.3.1.3

⁹⁵ Die vertaalopsie “kyk” kom in die volgende voorbeelde voor: **NV:** Gen 27:2; Ps 39:6; Jes 20:6; Jes 25:9; **NLV:** Ps 39:6; Ps 59:4; Jes 41:15.

⁹⁶ Ek gebruik die term “deiktiese merker” hier om ’n woord aan te dui wat met ’n komma van die res van die sin geskei word en die funksie het om aandag te vestig op daaropvolgende inligting. Die [!] het dieselfde funksie vir voorafgaande inligting.

⁹⁷ Ter wille van die herhaalbaarheid en kontroleerbaarheid van hierdie studie word sommige keuses in meer besonderhede aangedui.

Alhoewel die OV weereens relatief konsekwent in sy gebruik van “kyk (tog)” is (in 36 uit die 43 gevalle), is hierdie funksie van *hinneh* ook op 6 ander maniere aangedui (onder andere deur die presentatiewe “daar” Gen 16:6). Die OV het egter nooit hierdie funksie van *hinneh* geïgnoreer nie.

Dit was vir hierdie navorser onmoontlik om te onderskei waarom die NV (21 gevalle) en die NLV (13 gevalle) soms geoordeel het dat dié funksie van *hinneh* geïgnoreer kon word (vergelyk Ps 11:2 “kyk” in die NV, [Ø] in die NLV; met Gen 19:8, “kyk” in die NLV, en [Ø] in die NV). Die vertaalopdrag van hierdie vertalings maak egter voorsiening vir die uitlaat van kommunikasieleidrade, maar nie vir die inkonsekwente verdiskontering daarvan nie. In die NV word klem-aanduidings soos die uitroepteken [!] (bv. in Ps 40:10) soms gebruik om kognitiewe nabyheid aan te dui. Verder is die gebruik van deiktiese merkers soos “luister” (vergelyk Gen 27:6 NV en Gen 12:11 NLV hierbo) vir geen voorbeeld konsekwent deur al drie vertalings as opsie gekies nie.

In Ps 40:10 (NLV) kan die gebruik van “tog” waarskynlik beskou word as ’n poging om hierdie funksie van *hinneh* te verreken, alhoewel die glos in ander gevalle “please” gebruik vir die Bybels-Hebreeuse kommunikasieleidraad wat ons gewoonlik met “tog” vertaal (byvoorbeeld in “[k]yk tog”, Gen 18:27). Die voegwoorde in die NLV (6 gevalle, byvoorbeeld “[a]angesien” in Gen 16:6 en Gen 18:27 NLV) kan waarskynlik gesien word as interpretasies van die funksie van *hinneh*, wat gebruik word om die doelleser te help om die teks te verstaan. In ander gevalle word belangrike leidrade in die bronteks egter geïgnoreer (“for” in die glos Ps 11:2 NLV).

4.3.1.4 *hinneh* + inligting wat ander diskoersaktiewe inligting kwalifiseer

In die volgende kategorie vervul *hinneh* ’n bepaalde diskoersfunksie⁹⁸ wat meestal met behulp van bywoorde, voegwoorde of deiktiese merkers aangedui kan word. Die funksie van *hinneh* kan byvoorbeeld wees om: (i) die aandag te vestig op nuwe inligting vir die aangesprokene⁹⁹ (sien voorbeeld Gen 15:4; 12 uit die 34 gevalle); (ii)

⁹⁸ Al die diskoersfunksies wat Van der Merwe en Naudé onderskei (sien § 3.3.1.4) word nie in my korpus aangetref nie.

⁹⁹ Ander voorbeelde sluit in: Gen 27:36; Gen 42:13; Gen 45:12; Ps 40:10; Ps 48:5; Jes 7:14; Jes 13:9; Jes 34:5; Jes 48:10; Jes 49:12, 22; Jes 66:15.

om diskoersaktiewe inligting te bevestig¹⁰⁰ (Jes 12:2 en Gen 26:9; 10 uit die 34 gevalle); (iii) om die aandag te vestig op die feit dat inligting anders as die verwagting is¹⁰¹ (Jes 5:7 en Gen 48:11; 8 uit die 34 gevalle); of (iv) om aan te dui dat sekere inligting die gevolg is van 'n reeds genoemde oorsaak¹⁰² (Gen 42:22; 4 uit die 34 gevalle).

- Gen 15:4
 Glos: *wehinneh* the word of Yahweh to him saying not he shall be heir to you this one
 OV: **Toe** kom die woord van die Here tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie
 NV: **Maar** die woord van die Here het tot Abram gekom: “Daardie een sal nie jou
 NLV: **Toe** sê die Here vir hom: “Nee, hy sal nie jou erfgenaam word nie.

- Jes 12:2
 Glos: *hinneh* God is my salvation I wil (sic) trust and not I will be startled for
 OV: **Ja**, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die HERE HERE is
 NV: God is my redder;/ Ek vertrou op Hom,/ ek is nie meer bang nie./ Die Here
 NLV: God het my kom red./ Ek vertrou op Hom./ Ek is nie meer bang nie./ Die Here

- Gen 26:9
 Glos: and called Abimelech to Isaac and he said surely *hinneh* your wife is she and why
 OV: En Abiméleg het Isak geroep en gesê: **Kyk**, sy is **dan** tog jou vrou! Hoe kon jy
 NV: Abimelek het hom laat kom en vir hom gesê: “**Maar** sy is **dan** jou vrou! Hoekom
 NLV: Abimelek het Isak laat roep en sê vir hom: “Sy is **dan** jou vrou! Hoekom het jy

- Gen 48:11
 Glos: to see your face not I expected *wehinneh* he had shown me God even
 OV: om jou aangesig te sien nie, en **kyk**, God het my ook jou nageslag laat sien.
 NV: dat ek jou weer sal sien nie, en **hier** laat God my **nou** ook nog jou kinders sien.”
 NLV: weer sien nie, maar **nou** het God toegelaat dat ek jou kinders ook kan sien.”

¹⁰⁰ Ander voorbeelde sluit in: Ps 55:8; Ps 73:12, 27; Ps 92:10; Ps 121:4; Ps 128:4, Jes 28:2.

¹⁰¹ Ander voorbeelde sluit in: Gen 18:10; Jes 17:14; Jes 22:13; Jes 59:9.

¹⁰² Ander voorbeelde sluit in: Ps 73:15; Jes 65:13, 14.

- Jes 5:7
 Glos: he waited for justice *wehinneh* bloodshed for righteousness *wehinneh* a cry
 OV: gewag op reg, maar **kyk, dit was** bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, ...!
 NV: verwag/ dat daar reg sou wees,/ maar **daar was net** onreg,/ dat daar geregtigheid
 NLV: gesoek na 'n oes van geregtigheid,/ maar **net** bloedvergieting **gekry**;/ gesoek na

- Gen 42:22
 Glos: on the boy and not you listened and moreover his blood *hinneh* it is been sought
 OV: Maar julle het nie geluister nie. Kyk, so word dan ook sy bloed geëis.
 NV: Maar julle wou nie luister nie, en daarom word sy dood nou op ons gewreek.
 NLV: julle wou nie luister nie. Nou gaan ons almal sterf omdat ons hom vermoor het.

Alhoewel die beperkte omvang van hierdie studie dit onmoontlik maak om die voorafgaande konteks van *hinneh* in al hierdie gevalle in besonderhede te bespreek, is dit tog noodsaaklik om te ondersoek of die drie vertalings die semantiese verhoudings tussen diskoersaktiewe inligting dieselfde verstaan het. Op hierdie manier sou dalk verklaar kon word waarom sekere funksies met uitroeptekens (sien Gen 26:9 hierbo) en ander met bywoorde (hier, nou, nog, net, sekerlik, dan) vertaal is. Soos uit die volgende tabel gesien kan word, is dit egter moeilik om enige tendense aan te dui.

	(i) ¹⁰³	(ii) ¹⁰⁴	(iii) ¹⁰⁵	(iv)
	Nuwe inligting vir aangesprokene	Bevestiging	Anders as verwagting	Oorsaak en gevolg
OV	Kyk (x 11) Daar (Gen 27:36) [!] (Gen 27:36) Toe (Gen 15:4)	Kyk (x 8) [!] (x 3) Ja (Jes 12:2) so (Ps 73:12)	(Maar) kyk (x 4) [—] (x 2)	Kyk, (so ... dan) (Gen 42:22, Jes 65:13, 14) —dan (Ps 73:15)
NV	[∅] (x 8) [!] (x 2) Maar (Gen 15:4) nou (Jes 13:9)	[∅] (x 4) [!] (x 2) Kyk (Ps 128:4) maar en dit staan vas (Ps 92:10) waarlik (Ps 121:4)	Hier ... nou (Gen 48:11) maar net/nou (x 2) dan (Gen 18:10) nog (Jes 17:14) maar dit bly	[∅] (Ps 73:15; Jes 65:13, 14) daarom ... nou (Gen 42:22)
NLV	[∅] (x 6) Kyk (dan mooi) (x 3) nou (Gen 45:12) tog (Ps 40:10) toe (Gen 15:4) daar (Gen 42:13)	[∅] (x 5) Kyk (Ps 73:12) sekerlik (Ps 92:10) want (Jes 28:2) [!] (Gen 26:9) so (Ps 73:12)	maar net/nou (x 2) dan (Gen 18:10) nog (Jes 17:14) maar in plaas daarvan (Jes 22:13) maar alles bly	[∅] (Jes 65:13, 14) Nou ... omdat (Gen 42:22)

Tabel 4:5 Die vertaling van *hinneh* as diskoersfunksie Kategorie 4.3.1.4

¹⁰³ “**Kyk**” as vertaalopsie: **OV**: Gen 42:13; Gen 45:13; Ps 40:10; Ps 48:5; Jes 7:14; Jes 13:9; Kes 34:5; Jes 48:10; Jes 49:12, 22; Jes 66:15; **NLV**: Jes 13:9; Jes 34:5; Jes 66:15; **[∅]** as vertaalopsie: **NV**: Gen 27:36; Gen 42:13; Ps 48:5; Jes 7:14; Jes 34:5; Jes 48:10; Jes 49:22; Jes 66:15; **NLV**: Gen 27:36; Ps 48:5; Jes 7:14; Jes 48:10; Jes 49:12, 22; **[!]** as vertaalopsie: **NV**: Ps 40:10; Jes 49:12).

¹⁰⁴ “**Kyk**” as vertaalopsie: **OV**: Gen 26:9; Ps 55:8; Ps 73:12, 27; Ps 92:10; Ps 121:4; Ps 128:4; Jes 28:2; **[∅]** as vertaalopsie: **NV**: Ps 55:8; Ps 73:27; Jes 12:2; Jes 28:2; **NLV**: Ps 55:8; Ps 73:27; Ps 121:4; Ps 128:4; Jes 12:2; **[!]** as vertaalopsie: **OV**: Gen 26:9; Ps 55:8; Ps 73:12; **NV**: Gen 26:9; Ps 73:12; **NLV**: Gen 26:9; “**maar**” as vertaalopsie: **NV**: .Gen 26:9.

¹⁰⁵ “**Kyk**” as vertaalopsie: **OV**: Gen 48:11; Jes 5:7; Jes 22:13; Jes 59:9; “**Maar net/maar nou**” as vertaalopsie: **NV**: Jes 5:7; Jes 22:13; **NLV**: Gen 48:11; Jes 22:13; **NLV**: Gen 48: 11; Jes 5:7; “**maar dit/alles bly**” as vertaalopsie: **NV**: Jes 59:9; **NLV**: Jes 59:9; **[—]** as vertaalopsie: **OV**: .Gen 18:10; Jes 17:14.

Die konkordansie-vereiste van die OV het weereens gesorg vir relatief konsekwente vertaling van *hinneh* met “[K]yk”. Dié funksie van *hinneh* is ook nooit in die OV geïgnoreer nie. Verder is diskoersfunksies wel soms uitgedruk deur “[M]aar kyk” (Anders as verwagting); “[K]yk, so” (Oorsaak en gevolg); en “[K]yk, daar ...!” (Nuwe inligting). Dit beteken dat die vertalers van die OV wel die verskillende diskoersfunksies van *hinneh* probeer verdiskonteer het, maar dat die gebrekkige beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika waarskynlik veroorsaak het dit inkonsekwent geskied het. Die m-koppelteken [—] word ook soms in die OV gebruik om inligting wat verbasend vir die spreker was te merk. In die tabel word die verstekopsie van die NV en die NLV as [ø] aangegee behalwe in die Anders as die Verwagting-subkategorie waar hierdie funksie van *hinneh* elke keer vertaal is. “Kyk” as vertaalopsie is ook deur die NV en NLV vir Bevestiging, en deur die NLV vir Nuwe inligting gebruik. Bywoorde (soos sekerlik, dan, hier) is deur al drie vertalings gebruik om diskoersfunksies van *hinneh* uit te druk. Die voegwoord “[m]aar” is problematies vir hierdie kategorie aangesien dit nie in Bybelse Hebreeus eksplisiet geleksikalisier word nie.

4.3.1.5 *hinneh* + Ekspressiewe funksie

- Ps 134:1
 Glos: *hinneh* bless Yahweh all of the servants of Yahweh the standing in the house
 OV: Kom, loof die Here, o alle knegte van die HERE wat snags in die huis ...!
 NV: Kom, prys die Here,/ julle almal wat hom dien,/ julle wat in die nag/ in die ...!
 NLV: Prys die HERE,/ alle dienaars van die HERE./ Julle wat snags diens doen/ in die

- Ps 133:1
 Glos: *hinneh* how good and how pleasant is the dwelling of brothers also together
 OV: Kyk, hoe goed en hoe lieflik is dit dat broers ook saamwoon!
 NV: Hoe goed, hoe mooi is dit/ as broers eensgesind saam woon!
 NLV: Hoe goed, hoe mooi is dit/ as broers eensgesind/ saamwoon!

Die ekspressiewe funksie van *hinneh* kom slegs in vyf gevalle voor, waarvan bogenoemde twee in my afbakening. Ongeveer al die vertalers in hierdie twee voorbeelde het geoordeel dat hierdie funksie nie met behulp van die deiktiese merker

“[k]yk” vertaal kan word nie. Slegs die OV het dit in Ps 133:1 met “[k]yk” vertaal. In Ps 134:1 gebruik die OV “[k]om” om hierdie funksie te verdiskonteer, so ook die NV. Die vertalers het egter die uitroepeteken [!] in al die gevalle hierbo gebruik, behalwe die NLV wat dié funksie in die geval van Ps 134:1 geïgnoreer het.

4.3.2 Waarneming + wehinneh hoofsaaklik in narratief + gebeurtenis of stand van sake wat op hande is

Hierdie funksie van die kommunikasieleidraad *wehinneh* word miratiwiteit genoem (sien ook § 3.3). *wehinneh* merk in so ’n geval ’n spreker se reaksie op sy of haar waarneming (dikwels verrassing). Indien hierdie funksie geïgnoreer word, loop die doelleser van ’n direkte vertaling belangrike leidrade mis in die verstaan van die teks.

4.3.2.(i) (Noukeurige) waarneming of ondersoek deur spreker + wehinneh + kognitiewe gevolg van die waarneming of ondersoek

- Jes 5:30
 Glos: one looks to the land *wehinneh* darkness and distress and the light it grows dark
 OV: As iemand die aarde aanskou, kyk, daar is angsvolle duisternis; en die lig
 NV: As ’n mens na die land kyk,/ sal daar benouende duisternis wees,/ die lig sal
 NLV: ’n Wolk van donkerte/ en hartseer/ sal oor Israel hang./ Die lig sal verduister/

- Jes 8:22
 Glos: and to the earth they will look *wehinneh* trouble and darkness the gloom
 OV: ook die aarde aanskou, en kyk, daar sal benoudheid en duisternis wees!
 NV: en ondertoe kyk, maar hy sal niks anders sien as benoudheid en donkerte nie,
 NLV: Waar hulle ook al kyk, sal daar net moeilikheid, ang en wanhoop wees. Mense

- Gen 38:24
 Glos: Tamar your daughter-in-law and moreover *hinneh* she conceived
 OV: Tamar, jou skoondogter, het gehoereer, en sy is ook swanger deur hoerery!
 NV: “Jou skoondogter Tamar het haar soos ’n prostituut gedra en is swanger.”
 NLV: hoor Juda dat Tamar, sy skoondogter, swanger is as gevolg van prostitusie.

- Gen 1:31
 Glos: saw God everything that he had made *wehinneh* good very and it was evening
 OV: Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en—dit was baie goed. En dit was aand
 NV: Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand
 NLV: God het na sy handewerk gekyk en dit was goed in elke opsig. Dit alles het God
- Gen 6:12
 Glos: and he saw God the earth *wehinneh* it was corrupt for he corrupted all of flesh
 OV: Toe sien God die aarde aan, en—dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel
 NV: Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot.
 NLV: God het al hierdie korrupsie in die wêreld gesien. Oral waar Hy gekyk het, was
- Gen 8:13
 Glos: he looked around *wehinneh* they were drying up the face of the ground
 OV: die deksel van die ark weggeneem en uitgekyk, en die aarde was droog—
 NV: Noag het die luik van die ark oopgemaak en uitgekyk. Die hele aarde was droog.
 NLV: van die boot oopgemaak en gesien dat die aarde besig was om droog te word.
- Gen 22:13
 Glos: and Abraham looked up and he saw *wehinneh* a ram he was caught in the thicket
 OV: En toe Abraham sy oë opslaan, sien hy meteens 'n ram wat agter in die bos
 NV: Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings
 NLV: Abraham kyk op en sien 'n ram wat met sy horings in 'n bos vassit.
- Gen 29:2
 Glos: and he looked *wehinneh* a well in the field *wehinneh* there were three flocks
 OV: En meteens sien hy 'n put in die veld en drie troppe kleinvee wat daarby lê,
 NV: Hy het onverwags uitgekóm by 'n put in die veld waar drie troppe kleinvee lê.
 NLV: Op 'n afstand sien hy skielik 'n put in die veld en tot sy verbasing sien hy ook ...!
- Gen 31:2
 Glos: and saw Jacob the face of Laban *wehinneh* he was not with him like before
 OV: Jakob het ook meteens aan die aangesig van Laban gesien dat hy nie meer
 NV: Jakob het ook aan Laban gemerk dat hy nie meer soos voorheen oor hom voel nie.
 NLV: Jakob het ook opgemerk dat Laban se gesindheid teenoor hom verander het.

- Gen 33:1
 Glos: and Jacob looked up and saw *wehinneh* Esau coming and with him four hundred
 OV: En Jakob het sy oë opgeslaan, en toe hy meteens Esau sien aankom en vierhonderd
 NV: Toe Jakob deur die spruit was, het hy vir Esau in die verte sien aankom met vier
 NLV: Toe Jakob opkyk, sien hy vir Esau en sy 400 man aankom.

- Gen 19:28
 Glos: he saw *wehinneh* it went up the smoke of the land like the smoke of the smelting
 OV: sien hy dat die rook van die land optrek soos die rook van 'n smeltoond.
 NV: kyk, sien hy oor die hele wêreld trek rook op asof dit 'n steenoond is.
 NLV: Daar sien hy net rookkolomme optrek oor die hele gebied, soos rook uit

- Gen 26:8
 Glos: through the window and he saw *wehinneh* Isaac was fondling Rebekah his wife
 OV: deur die venster uit en sien hoe Isak speel met Rebekka, sy vrou.
 NV: op 'n keer deur die venster gesien hoe Isak sy vrou Rebekka liefkoos.
 NLV: eendag deur 'n venster en sien hoe Isak vir Rebekka liefkoos.

- Gen 40:6
 Glos: to them Joseph in the morning and he saw them *wehinneh* they looking poor
 OV: En Josef het die volgende môre by hulle gekom en gesien dat hulle ontstemd was.
 NV: Josef het die volgende môre by hulle gekom en opgemerk dat hulle bedruk was.
 NLV: Die volgende oggend sien Josef dat die twee baie neerslagtig lyk.

	Kyk	[∅]	[!]	[—]	Interpretasie d.m.v. bv. bywoorde
OV	Jes 5:30 Jes 8:22	Gen 19:28 Gen 26:8 Gen 40:6	Gen 38:24 Jes 8:22	Gen 1:31 Gen 6:12 Gen 8:13	meteens (Gen 22:13; Gen 29:2; Gen 31:2; Gen 33:1)
NV	0	Gen 1:31 Gen 6:12 Gen 8:13 Gen 26:8 Gen 38:24 Gen 40:6 Jes 5:30	0	0	Onverwags (Gen 29:2) in die verte (Gen 33:1) niks anders (Jes 8:22)
NLV	0	Gen 1:31 Gen 22:13 Gen 26:8 Gen 33:1 Gen 38:24 Gen 40:6 Jes 5:30	Gen 29:2	0	al (Gen 6:12) net (Gen 19:28) skielik ... tot sy verbasing (Gen 29:2) waar ... ook al (Jes 8:22)

Tabel 4:6 *wehinneh* + gevolg van waarneming

Soos die voorbeelde opgesom in Tabel 4:7 aandui, word die volgende vertaalopsies vir hierdie funksie van *wehinneh* in die OV aangetref:

- “Kyk” (2 uit die 13 gevalle, albei in Jesaja);
- [!] (2 uit die 13, een saam met “kyk”);
- [—] (die m-koppel, 3 uit die 13, aan die begin van Genesis);
- “meteens” (4 uit die 13);
- [∅] (3 uit die 13 gevalle).

Die NV en die NLV het dié funksie 7 uit die 13 keer geïgnoreer. Indien soortgelyke voorbeelde in die vertalings vergelyk word (Gen 1:31 en Gen 6:12), kan gesien word dat die NV byvoorbeeld soms ’n [∅] gebruik (Gen 1:31) en soms [∅] (Gen 6:12), terwyl die NLV vir dieselfde twee voorbeelde [∅] en “al” gebruik. Dit is selfs

moontlik dat “al” nie ’n poging is om *wehinneh* te verdiskonteer nie. Die NLV verdiskonteer ook soms dié funksie van *wehinneh* deur interpretasie; in Jes 5:30 (“’n Wolk van donkerte/ en hartseer/ sal oor Israel hang”) word die kognitiewe gevolg van die waarneming byvoorbeeld uitgespel (die glos sê “*wehinneh* darkness”); so ook in Jes 8:22. In die vier gevalle waar die OV *wehinneh* met “meteens” vertaal, gebruik die NV “onverwags” (Gen 29:2); [Ø] (Gen 31:2); “in die verte” (Gen 33:1) en “[t]oe A. weer kyk, sien hy agter hom ’n skaapram” (Gen 22:13). Die funksie van gevolg van kognitiewe waarneming word slegs deur “onverwags” verdiskonteer. Die NLV weer vertaal dieselfde vier gevalle met [Ø] (Gen 22:13, Gen 31:12 en Gen 33:1). Vir die dubbele gebruik van *wehinneh* in Gen 29:2 word drie vertaalopsies uitgeoefen: “Op ’n afstand sien hy skielik ...tot sy verbasing ...!” In Gen 38:24 het die vertalers van die NLV geoordeel dat die indirekte rede gebruik kan word, in kombinasie met die weglating van die kommunikasieleidraad *wehinneh*. (Vergelyk hierdie vertaalopsie met dié van die OV waar die gebruik van die direkte rede en die [!] die narratief verlewendig.)

4.3.2.(ii) Veronderstelde waarneming by spreker na beweging wat ’n veranderde toneel tot gevolg gehad het naby die spreker wat waarneem wat gebeur + *wehinneh* + kognitiewe gevolge van waarneming (dikwels verrassing)¹⁰⁶

- Gen 18:2
 Glos: and he lifted his eyes and he saw *wehinneh* three men standing near him and he
 OV: Toe hy sy oë opslaen en kyk, staan daar drie manne voor hom.
 NV: kyk hy op en sien drie mans daar naby staan.
 NLV: sien hy skielik drie mans daar naby staan.

¹⁰⁶ Ander voorbeelde van hierdie funksie word aangetref in Gen 8:11; Gen 18:10; Gen 24:15, 30, 45; Gen 25:24; Gen 29:6, 25; Gen 37:15, 25, 29; Gen 38:27, 29; Gen 42:27, 28, 35; Ps 37:36; Jes 5:26; Jes 17:1; Jes 21:9.

- Gen 43:21
 Glos: and we opened our sacks *wehinneh* the money of each in the mouth of his sack
 OV: en ons sakke oopmaak, was elkeen se geld bo in sy sak—ons geld volgens
 NV: die aand ons graansakke oopmaak, lê elkeen se geld bo in sy sak.
 NLV: Toe ons ons sakke oopmaak, kry ons daar die presiese bedrag geld wat ons

- Ps 139:8
 Glos: if I ascend to heavens there you and if I make my bed in Sheol *hinneh*
 OV: op na die hemel, U is daar; en maak ek die doderyk my bed, kyk, U is daar!
 NV: Klim ek op na die hemel, is U daar,/ gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.
 NLV: op na die hemel toe,/ is U daar;/ gaan lê ek in die doderyk,/ dan is U ook daar!

- Jes 37:36
 Glos: *wehinneh* all of them corpses dead
 OV: En toe hulle die môre vroeg hul klaarmaak—was dit almal dooie liggame.
 NV: Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar.
 NLV: Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, het hulle oral lyke gekry.

Anders as die NV en NLV, het die OV nooit hierdie funksie van *hinneh* geïgnoreer nie, alhoewel dit daar ook op verskillende maniere vertaal is. Die volgende tabel som die verskillende vertaalopsies wat gebruik is op.

	Kyk	∅	[—]	[!]	Daar/hier	Bywoorde, voegwoorde, interpretasies
OV	7	0	5	8	11	Meteens Terwyl
NV	0	8	0	1	6	Skielik geblyk toe hulle weer sien nog(al) dan al die tyd meer
NLV ¹⁰⁷	3	4	0	5	7	dan (Gen 18:10) nog (Gen 24:30) sien hy met skok ...! (Gen 29:25) in die verte (Gen 37:25) nou net (Gen 29:6) nou uiteindelik (Jes 21:9) Maar toe ek weer kyk (Ps 37:36) Terwyl (Gen 37:15)

Tabel 4:7 (we)hinneh na beweging + gevolg van waarneming

Vir hierdie funksie van (we)hinneh het die OV soms kombinasies van die vertaalopsies gebruik.¹⁰⁸ Die meer konkordante aard van die OV (7 verskillende opsies) kan gesien word in teenstelling met die ander twee vertalings wat altesaam 13 (NV) en 11 opsies (NLV) uitgeoefen het. Die vertalers van die OV het in 11 uit die 28 gevalle geoordeel dat die presentatiewe “daar” of “hier” genoegsame verdiskontering van hierdie funksie van wehinneh bied (byvoorbeeld in Gen 18:2), en die miratiewe funksie daarom eintlik ook verswak. Spesifieke verdiskontering van hierdie funksie kan gevind word in “skielik” (Gen 18:2 NV) en “sien hy met skok” (NLV). Anders as

¹⁰⁷ Verspreiding van vertaalopsies in die NLV is soos volg: “**kyk**” Gen 29:6; Gen 42:35; Jes 17:1; [∅] Gen 25:24; Gen 38:27, 29; Jes 5:26; [!] Gen 42:28, 35 (x2); Ps 37:36; Jes 17:1; “**Daar/hier**” Gen 8:11; Gen 24:15; Gen 24:30; Gen 29:6; Gen 37:15, 29; Gen 42:28.

¹⁰⁸ Dit is ook die rede waarom daar meer as 28 vertaalopsies op die tabel aangedui is.

die NV, het die NLV (in 9 uit die 28 gevalle) van die voorkeuropsies van die OV (“[k]yk” 3 keer, en [!] 6 keer) gebruik.

4.3.3 Vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste¹⁰⁹

Die noodsaaklikheid daarvan om ’n aparte kategorie vir vaste uitdrukkings en spesifieke kontekste (byvoorbeeld droomverslae) te onderskei, word soos volg deur Van der Merwe gemotiveer: Die gebruik van (*we*)*hinneh* in droomverslae¹¹⁰ is nie veel anders as in ander narratiewe nie, behalwe dat feitlik alles tydens ’n droom deur *wehinneh* voorafgegaan word, met ander woorde die frekwensie van *wehinneh* is meer as in ander narratiewe. In die volgende voorbeelde kom dit voor by:

- die aankondiging van ’n droom (Gen 28:12);
 - die waarneming tydens ’n droom (Gen 15:12, Jes 29:8, Gen 28:12);
 - die besef dat die waarneming ’n droom was¹¹¹ (Gen 41:7).
-
- Gen 28:12
Glos: *wehinneh* a stairway resting earth and his top touching the heaven *wehinneh*
OV: En hy het gedroom—daar is ’n leer op die aarde opgerig waarvan die spits
NV: Hy het gedroom: ’n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan
NLV: Dié nag droom hy dat hy ’n leer sien wat op die aarde staan met die punt

 - Gen 41:7
Glos: ears of grain the healthy and the full and he woke up Pharaoh *wehinneh* a dream
OV: Toe het Faraó wakker geword, en kyk, dit was ’n droom!
NV: Daarná het die faraó wakker geskrik, en hy het besef hy het gedroom.
NLV: Die faraó het weer wakker geskrik en besef dit was ’n droom.

¹⁰⁹ In my afbakening kom slegs droomverslae in hierdie kategorie voor.

¹¹⁰ Ander voorbeelde van droomverslae kan aangetref word in Gen 15:17; Gen 28:13, 15; Gen 31:10; Gen 37:7; Gen 40:9, 16; Gen 41:1, 2, 3, 5, 6, 17, 18, 19, 22, 23.

¹¹¹ Die rede waarom hierdie kategorie nie met ’n tabel opgesom kan word nie het te make met die verskillende funksies wat *wehinneh* in hierdie voorbeelde vervul.

- Jes 29:8
 Glos: it shall be as that he dreams the hungry *wehinneh* he is eating and he wakes up
 OV: En soos 'n hongerige droom dat hy eet, maar hy word wakker en—sy siel is leeg;
 NV: soos iemand wat honger is/ en droom hy eet, nog honger is/ as hy wakker word;
 NLV: Honger mense droom van kos,/ maar bly honger.

- Gen 15:12
 Glos: a deep sleep it fell upon Abram *wehinneh* a terrifying darkness great falling
 OV: val daar 'n diepe slaap op Abram, en kyk, skrik *en* groot duisternis
 NV: het 'n diep slaap Abram oorval; ang, 'n groot donkerte het hom oorweldig.
 NLV: oorval 'n diep slaap Abram en hy sien 'n skrikwekkende visioen van duisternis

Vir die 21 gevalle van droomverslae in my afbakening het die OV 12 maal “kyk” en die ander vertalings glad nie “kyk” gebruik nie. Die m-koppelteken [—] is ook in 3 gevalle deur die OV gebruik. Verder is die presentatiewe funksie van *wehinneh* 6 maal (OV), 7 maal (NV) en 6 maal (NLV) met “daar” vertaal. Die NV het in 7 uit die 21 gevalle, en die NLV in 10 gevalle dié funksie van *wehinneh* geïgnoreer. Die NV het in Gen 28:12 die droomverslag met 'n [:] voorafgegaan, wat ook gesien kan word as 'n poging om dié funksie van *wehinneh* te verdiskonteer.

4.4 Opsomming van empiriese studie

Die vertaling van *(we)hinneh* in my afbakening in drie Afrikaanse Bybelvertalings kan soos volg opgesom word:

Vertaalopsies	Kyk¹¹² (tog), ook ww.	∅	Presentatiewe Hier/daar	Diskoersfunksie m.b.v. voegwoord/ sinskonstruksie	Let op/ Waarlik/ Goed/Ja/ Luister	Bywoorde van bevestiging, manier¹¹³	[!] of —
<i>Ou Vertaling</i>	133	14	34	7	3	6	16
<i>Nuwe Vertaling</i>	18	107	26	46	7	4	5
<i>Nuwe Lewende Vertaling</i>	28	82	13	60	14	6	10

Tabel 4:8 Die vertaling van *(we)hinneh* in Genesis, Psalms en Jesaja

Van die 213 gevalle van *(we)hinneh* in die afbakening kan die volgende algemene afleidings uit die tabel (Tabel 4:9) gemaak word:

- Die *Ou Vertaling* het *(we)hinneh* meestal met “kyk” vertaal (133 uit die 213 gevalle). Hierdie vertaalbesluit was ’n direkte gevolg van die konkordansie-vereiste. Vir die kategorieë van ruimtelike nabyheid, temporele nabyheid en kognitiewe nabyheid het vertalers van die OV dus geoordeel dat “[k]yk” hierdie deiktiese funksie meestal kan vervul. Pogings om dié kommunikasieleidraad te kategorieer in geval “[k]yk” nie as gepas gesien is nie het gelei tot relatief konsekwente gebruik van [!] of [—] vir ander

¹¹² Die deiktiese merker “kyk” word onderskei van die werkwoord “kyk” aangesien dit deur middel van ’n komma van ander diskoersaktiewe inligting geskei word, en nie primêr met die visuele te doen het nie. Wanneer iets sigbaars wel ter sprake is, word “kyk” soms as werkwoord gebruik om die deiktiese funksie van *hinneh* te vervul.

¹¹³ Voorbeelde in sin geïnkorporeer (anders as vorige kategorie): verseker, sekerlik, beslis, skielik, meteens, onverwags.

deiktiese funksies (16 gevalle) en “hier” of “daar” vir presentatiewe funksies (34 gevalle). Verskille tussen hierdie opsies is meestal deurdag en nie lukraak nie.

- Die *Nuwe Vertaling* het dié partikel in 107 gevalle geïgnoreer. Hierdie vertaalbesluite kan gesien word as ’n gevolg van die dinamies-ekwivalente benadering waarvolgens oënskynlik “nie-funksionele” inligting wat inmeng met die lesersvriendelikheid van die teks, eerder uitgelaat word. Hierdie studie kon egter nie aantoon watter semantiese of sintaktiese eienskappe in die brontekste die weglating van *(we)hinneh* veroorsaak het nie. My hipotese dat die onvoldoende beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika ’n oorsaak is van inkonsekwente vertaling is slegs gedeeltelik bewys, aangesien deurslaggewende tendense wat kategorieë betref nie aangedui kon word nie.
- Alhoewel die *Nuwe Lewende Vertaling* *(we)hinneh* 28 keer uit die 213 gevalle geïgnoreer het, is die keuse om die bronteks te interpreteer deur diskoersfunksies aan *(we)hinneh* toe te ken, verantwoordelik vir 60 gevalle. Die deiktiese funksie is 28 keer deur middel van “kyk” verdiskonteer en 14 keer deur middel van ander deiktiese merkers (“Let op!”, ens.). Die vertaalopdrag van dié vertaling het meer interpretasie toegelaat alhoewel dit volgens ’n resensent (Van der Merwe 2007a) soms inkonsekwent gedoen is om lesers te help en in ander soortgelyke gevalle nie. My gevolgtrekking is egter dat pogings om dié partikel te verdiskonteer in die *Nuwe Lewende Vertaling* meer weldeurdag en konsekwent uitgeoefen is as in die geval van die *Nuwe Vertaling*. Soos Van der Merwe in sy resensie opgemerk het, bevestig my studie egter dat dié vertaling steeds inkonsekwente keuses uitgeoefen het. ’n Voorbeeld van hierdie inkonsekwente vertaling is die 11 vertaalopsies wat die NLV vir die miratoriese funksie gebruik (Kategorie 4.2.2.2, byvoorbeeld “kyk” Gen 29:6, en “sien hy met skok ...!” Gen 29:25, terwyl dié funksie in 7 ander gevalle in Genesis geïgnoreer word).

4.5 Voorstelle vir die vertaling van *(we)hinneh* in die toekoms¹¹⁴

Soos in hoofstuk 2 aangetoon, vereis 'n direkte vertaling van die Bybel die verdiskontering van soveel kommunikasieleidrade moontlik, alhoewel partikels volgens die funksionalistiese benadering maklik weggelaat kan word indien die funksie daarvan in die bronteks moeilik is om aan te dui. 'n Partikel soos *hinneh* kan volgens die funksioneel-ekwivalente benadering van Nida slegs weggelaat word indien dit ook in die bronteks opsioneel was, en dus nie in die doelteks funksioneel sal wees nie. Soos reeds aangedui, neem hierdie studie as uitgangspunt dat alle kommunikasieleidrade die doellesers kan help tot optimale begrip van die ingewikkelde teks. Uit my ondersoek van vorige vertalings kan afgelei word dat 'n vertaler met 'n partikel soos *hinneh* vir 'n direkte vertaling die volgende opsies het¹¹⁵:

- die gebruik van leestekens (byvoorbeeld 'n uitroepteken om verbasing aan te dui)
Voorbeeld: Gen 43:21.
Toe ons die aand ons sakke oopmaak, was elkeen se geld bo-in sy sak!
- die gebruik van bywoorde (byvoorbeeld skielik, sekerlik, inderdaad)
Voorbeeld: Gen 6:12.
God het na die aarde gekyk, en dit was inderdaad korrup.
- die gebruik van diskoersmerkers om ander diskoersaktiewe inligting te kwalifiseer (byvoorbeeld voegwoorde soos dus, daarom, maar)
Voorbeeld: Gen 15:3.
Een van my slawe sal dus alles erf wat ek besit.
- die gebruik van deiktiese merkers (byvoorbeeld kyk, ja, goed)
Voorbeeld: Jes 12:2.
Ja, God het my kom red; ek vertrou op Hom.
- die gebruik van voetnote om die doelleser te help om die teks reg te interpreteer

¹¹⁴ Alhoewel veral prototipiese voorbeelde voordeel kan trek uit sulke voorstelle, moet individuele gevalle as sodanig hanteer word. Vertaling is hoogs gespesialiseerd en sluit telkens noukeurige nadenke oor verskillende vertaalopsies en hulle motivering in.

¹¹⁵ [Ø] is dus 'n opsie wat slegs geld indien dit onmoontlik is om die funksie van *(we)hinneh* uit die brontekste af te lei.

Voorbeeld: Hierdie inligting is in die brontekste as verrassend aangedui (Gen 8:13); of Die gewaarwording dat 'n ervaring 'n droom is, word as sodanig gemerk in die brontekste (Gen 41:7).

Vervolgens motiveer ek vertaalopsies vir elk van Van der Merwe en Naudé se kategorieë. Soos blyk uit die empiriese ondersoek is dit onmoontlik om slegs vyf vertaalopsies vir vyf subkategorieë aan te dui. Die taak van die vertaler is ook nie programmaties nie, en individuele taalvoorkeure is ter sprake. Nogtans geld die norm van konsekwenheid binne verskillende subkategorieë waar moontlik, onder andere ter wille van gehaltebeheer.

4.5.1. hinnieh en soms wehinnieh in (meestal) gesproke taal

4.5.1.1 Ruimtelike nabyheid

In hierdie subkategorie word die aandag van die aangesprokene gevestig op 'n entiteit in die ruimtelike nabyheid van die spreker. Om konsekwenheid aan te moedig, sou ek hierdie presentatief so dikwels moontlik met “Hier is x” vertaal. Daar is egter voorbeelde van subkategorieë, soos later aangetoon, waar hierdie vorm argaïes (byvoorbeeld as antwoord op 'n roep) of onvanpas is (op vraag waar iemand of iets is). Die OV se geneigdheid om selfs vir hierdie subkategorie “[k]yk” te gebruik, sou ek slegs as werkwoord (“Kyk na hierdie hoop klippe.”) aanbeveel. Die presentatief word soms in die NLV geïgnoreer aangesien die *skopos* van dié vertaling die interpretasie van sommige kommunikasieleidrade insluit om die doelleser te help. Soos reeds gemotiveer, sou ek egter die presentatief sover moontlik behou.

hinnieh + NP > Hier is x

- (i) Die gebruik van die OV om hierdie presentatief soms met “daar” in plaas van “hier” te vertaal is na my mening 'n poging om ruimtelike nabyheid as relatief aan te dui. Die persoon wat aangebied word (anders as die objek) is met ander woorde nie digby die spreker nie. Ek sou egter steeds “hier” vir hierdie kategorie gebruik.

- Voorbeeld: Jes 40:9¹¹⁶
Hier is julle God!

- (ii) Soos hierbo genoem, beskou die NLV soms die presentatief hier as opsioneel en vertaal slegs die opdrag wat daarop volg (Gen 30:3, Gaan slaap by my slavin Bilha). Ek sou die presentatief egter behou as reaksie op die vereiste van 'n direkte vertaling wat alle kommunikasieleidrade in die antieke teks probeer behou.

- Voorbeeld: Gen 30:3
Ragel sê toe vir hom: “Hier is my slavin Bilha. Neem haar ...

- (iii) **Gewilligheid vir 'n taak** > Om slegs instemming tot gewilligheid te betuig, kan die volgende geld:
 - Voorbeeld: Gen 37:13
“Goed, Pa!” sê Josef.

 - Soos met die ander voorbeelde in hierdie kategorie, sou ek egter die presentatief behou indien gepas.

 - Voorbeeld: Gen 44:16
Hier is ons. Ons het teruggekom om u slawe te wees.

 - Jes 6:8
Toe antwoord ek: Hier is ek, stuur my.

- (iv) **Antwoord op roep** > Die vertaalopsie Ja, [Aangesprokene]? kan gebruik word.
 - Voorbeeld: Gen 22:7
Ja, my seun?

¹¹⁶ My vertaalopsies dui ook in ander aspekte as die vertaling van (*we*)*hinneh* my voorkeure aan, maar dit val buite die bestek van hierdie studie. Byvoorbeeld, die NLV se vertaling “jou God” is na my mening nie gepas nie.

Die vertaalopsie “Hier is ek!” of selfs “Ek luister,” is na my mening argaïes vir hierdie subkategorie. Ek sou egter ’n uitsondering maak indien iemand na God roep in profetiese literatuur.

- Voorbeeld: Jes 58:9

Jy sal roep om hulp, en Hy sal antwoord: Hier is Ek!

(v) **Gee aandag aan spesifieke entiteit** > “kyk” as werkwoord.

- Voorbeeld: Gen 31:51

Kyk na hierdie hoop klippe en die klippilaar wat ek tussen ons opgerig het.

Meer abstrakte begrippe kan as die onderwerp van ’n sin dien (My land/My verbond ... gevolg deur die res van die teksvers, soos in Engels “Consider ...”). Die verdiskontering van die funksie van *hinneh* sal egter ’n deiktiese merker soos “[k]yk” moet insluit.

- Voorbeeld: Gen 20:15

Kyk, my land lê oop voor jou.

En: Gen 17:4

Kyk, dit is my verbond met jou: Jy sal die vader van ’n menigte nasies word.

hinneh (+ NS) + (Deelwoord) VS

Die voorsetselstuk in Afrikaans word nie dikwels alleen gebruik nie, behalwe as antwoord op ’n vraag (Waar is Sara?). Om die presentatiewe funksie van *hinneh* te verdiskonteer, sou ek egter “daar” gebruik (so ook vir die volgende voorbeeld).

- Voorbeeld: Gen 18:9

“Daar in die tent,” antwoord Abraham.

Vir sommige plekaanduidings is ’n voornaamwoord noodsaaklik:

- Gen 16:14 [die fontein]

Dit is daar tussen Kades en Bered.

Die gebruik van “dit is nog steeds ...” in die NLV is na my mening ’n waninterpretasie van *hinneh*.

4.5.1.2 *hinneh* + handeling of gebeurtenis in temporele nabyheid.

Vir hierdie kategorie word die kommunikasieleidraad *hinneh* dikwels in vorige Afrikaanse vertaling geïgnoreer sodat dit voorkom asof die gewone toekomstige (of verlede) tyd 'n genoegsame leidraad is om imminente of pas afgelope gebeure aan te dui.

(i) *hinneh* + imminente of gelyktydige handeling

Indien die kommunikasieleidraad *hinneh* in die bronteks hierdie funksie aandui, kan die woorde “op die punt om ...” of “binnekort” verkieslik nie uitgelaat word nie, veral nie indien die deelwoord (sien § 4.3.1.2.1) ook as sodanig aangedui is nie. Die funksie van *hinneh* om aangesprokenes se aandag te vestig daarop dat God gereed is vir aksie, val soms saam met beslissende optrede (“sekerlik” in Jes 10:33, hieronder). “Let op!” kan verder gebruik word om dié funksie te beklemtoon.

- Voorbeelde: Jes 24:1

Let op! Die Here is op die punt om die aarde te verwoes; Hy sal sy oppervlak omkeer en sy inwoners verstrooi.

- Gen 6:13 (as “op die punt om” nie gepas is nie)

Let op! Ek gaan hulle saam met die aarde vernietig.

Voorbeeld: Jes 10:33

Let op! Die Here, die Almagtige, sal sekerlik met geweld die takke afslaan. Hy sal die hoë bome afkap, die grotes sal val.

(ii) *hinneh* + gebeurtenisse wat aan die gebeur is of pas afgeloop het

Selfs saam met 'n bywoordelike frase van tyd sal ek eerder die direkte rede vir narratiewe gebruik. 'n Deiktiese merker moet steeds gebruik word om *hinneh* te verdiskonteer.

- Voorbeeld: Gen 22:20

Kort hierna is daar aan Abraham vertel: “Luister, Milka het vir jou broer Nahor ag seuns in die lewe gebring.”

(iii) **hinneh + performatiewe handeling:** Ek sou nie, soos soms in die NV en NLV “Let op!” vir hierdie funksie gebruik nie, maar “hiermee” gee ’n nuanse van die performatief weer. “[N]ou” kan ook vir dieselfde funksie gebruik word, maar ek sou nie albei gebruik nie.

- Voorbeeld: Gen 1:29
Verder het God gesê: Ek gee hiermee aan julle al die saadplante en die bome wat vrugte dra op die aarde.
Of: Ek gee nou aan julle ...

4.5.1.3 *hinneh* + inligting in kognitiewe nabyheid

Indien sekere inligting in gedagte gehou moet word, kan “Let op[!]” as toepaslike vertaalopsie geld.

- Voorbeeld: Ps 11:2
Want let op,/ die goddeloses span hulle boë/ en stel hulle pyle./ Vanuit die skaduwees/ skiet hulle na die opregtes van hart.

Opdragte of versoeke kan ook dikwels deur “Luister” voorafgegaan word.

- Voorbeelde: Gen 42:2; Gen 19:8
En hy sê: “Luister, ek het gehoor daar is graan in Egipte. Gaan soontoe en koop vir ons daarvan, dat ons nie van honger doodgaan nie.
Luister, ek het twee dogters, albei nog maagde.

Indien God aangespreek word, kan bevestiging op ander wyses geskied (soos met ’n [!] in Ps 40:10). Die enigste verskil tussen hierdie voorbeeld en die volgende kategorie (4.5.1.4), is dat Ps 40:10 dialoog is.

- Voorbeeld: Ps 40:10
Vol blydskap het ek in die gemeente vertel dat U my gered het.
Ek het nie stilgebly nie,
Here, U weet dit tog!

4.5.1.4 *hinneh* + inligting wat ander diskoersaktiewe inligting kwalifiseer.

In hierdie geval vervul (*we*)*hinneh* met ander woorde 'n bepaalde diskoersfunksie. Vertaalopsies vir hierdie kategorie sal individueel beoordeel word op grond van verskillende diskoersfunksies. Bywoorde soos dan, sekerlik, tog en voegwoorde soos terwyl, omdat en toe kan as diskoersmerkers gebruik word afhangende van die konteks. Die woorde wat (*we*)*hinneh* se funksie in die doelteks vervul, word hieronder in vetdruk aangedui.

Vir bevestiging:

- Voorbeeld Jes 12:2
Ja, God is my redder,
Ek vertrou op Hom;
Ek is nie meer bang nie.

Anders as die verwagting:

- Voorbeeld Gen 26:9
“Maar sy is **dan** jou vrou!
- Gen 48:11:
Toe sê Israel vir Josef: “Ek het nooit gedink ek sou jou weer sien nie, en hier laat God my **nou ook nog** jou nageslag sien!
- Jes 5:7:
Want die wingerd van die Here die Almagtige,
is die volk van Israel,
Hy wou Hom in die manne van Juda verlustig.
Hy het gesoek na reg, maar daar was **net** geweld;
na geregtigheid, maar daar was net 'n kreet om hulp.

Nuwe inligting vir die aangesprokene:

- Voorbeeld Gen 15:4
Toe sê die Here vir hom: “Hierdie een sal nie jou erfgenaam wees nie, maar jou eie seun wat uit jou liggaam sal voortkom.”

Oorsaak en gevolg: Hierdie voorbeeld is ingewikkeld in die Hebreeus. Daarom sal ek in ’n voetnoot aandui dat die Bybels-Hebreeuse teks slegs sê: Wat meer is, sy bloed, kyk, dit word gesoek.

- Voorbeeld Gen 42:22
Maar julle wou nie luister nie. Nou word sy bloed van ons geëis!

4.5.1.5 *hinneh* + Ekspressiewe funksie

In die geval van Psalms (die voorbeelde in my afbakening), is daar ook ander maniere in Bybelse Hebreeus om ’n oproep uit te druk. Ek sou egter hierdie vers met “[k]om” eerder as “[k]yk” vertaal en ook ’n [!] gebruik om die ekspressiewe funksie uit te druk.

- Voorbeeld: Ps 134:1
Kom, prys die Here,
julle almal wat Hom dien,
wat snags in die huis
van die Here staan!

Ek sou nie die uitroep “O!” gebruik vir die ekspressiewe funksie nie; wel soms herhaling.

- Voorbeeld: Ps 133:1
Hoe goed, hoe mooi is dit
as broers eensgesind saamwoon!

4.5.2 Waarneming + wehinneh in hoofsaaklik narratiewe + naby gebeurtenis of stand van sake

Die funksie waar (*we*)*hinneh* verrassende inligting aandui, kan nie in die doelteks uitgelaat word nie, aangesien belangrike kommunikasieleidrade dan deur doellesers misgeloop word. Die vertaler moet daarom verseker dat 'n kommunikasieleidraad gebruik word wat die doelleser attent maak op die verbasende aard van die inligting. Soms sal die frase “tot sy/haar [x se] verbasing” ’n sterker rol speel as ’n uitroepteken. Gen 31:10 (Jakob word bevoordeel toe slegs bont vee lammers kry in Laban se trop.) is een voorbeeld waar daar in die verlede in Afrikaanse vertalings geen verbasing aangedui was nie, en sommige doellesers dus die teks nie reg kon interpreteer nie.

4.5.2.(i) (Noukeurige) waarneming of ondersoek + wehinneh + kognitiewe gevolge van waarneming

Die kommunikasieleidraad *wehinneh* dui in hierdie geval dikwels op sigbare inligting wat vir die spreker nuut is en waarop hy die aandag van die aangesprokene wil vestig.

- Voorbeeld: Gen 8:11
Teen die aand het die duif na hom toe teruggekom, en tot sy verbasing was daar ’n groen olyfblaar in sy bek.

Indien die frase “tot x se verbasing” nie gepas is nie, kan ’n uitroepteken hierdie funksie vervul.

- Voorbeeld: Jes 8:22
Waar hulle ook al kyk, sal daar benoudheid en duisternis wees!

4.5.2.(ii) Veronderstelde waarneming ná beweging naby die spreker + wehinneh + gevolge van waarneming (byna altyd verrassing)

Die baie algemene formule “hef x sy oë op en sien” is omstrede in Bybelse Hebreeus. Soms beteken dit gewoon opkyk (Gen 18:2) en soms waarskynlik noukeurig kyk. Die

gebruik van die historiese presens maak meestal die narratief lewendiger en meer onmiddellik, en ek sou in die meeste gevalle ten minste 'n [!] gebruik om verbasing uit te druk. Die bywoord “waarlik” in die volgende voorbeeld beklemtoon die miratoriese aspek. Hierdie twee voorbeelde maak dit duidelik waarom die uitlaat van hierdie funksie van *wehinneh* 'n ernstige verskraling van betekenis verteenwoordig.

- Voorbeeld: Gen 43:21
Toe ons ons sakke oopmaak, kry ons waarlik die presiese bedrag bo in elkeen se sak!

En: Jes 37:36
Toe hulle die volgende oggend vroeg opstaan, het daar 185 000 lyke gelê!

4.5.3 Vaste uitdrukings en spesifieke kontekste

Alhoewel die ander aspekte van die konteks (byvoorbeeld die werkwoorde “droom” of “wakker word”; of die presentatief) die funksie van (*we*)*hinneh* in hierdie kategorie vervul, vereis 'n direkte vertaling die verdiskontering van alle kommunikasieleidrade en om dié rede kan droomverslae en ander vaste uitdrukings met voetnote as sodanig aangedui word.

Voorbeelde van droomverslae:

- Gen 28:12 Dié nag droom hy¹¹⁷ dat hy 'n leer sien wat op die aarde staan met sy bopunt in die hemel. Die engele van God klim daarteen op en af.
- Gen 41:7 Toe die farao wakker word, het hy besef hy het gedroom.

4.6 Gevolgtrekking van die hoofstuk

In hierdie hoofstuk het ek eerstens die vertaalopdragte van Afrikaanse vertalings bespreek om in my empiriese ondersoek die mate waarin eksplisiete of veronderstelde opdragte teoreties uitgespel is te vergelyk met die praktiese uitvoering daarvan. Die

¹¹⁷ In die brontekste word droomverslae spesiaal gemerk as nuuswaardig.

rede hiervoor is die teoretiese vereiste van die funksionalisme dat doeltekste aan hul funksie in die doelkultuur moet voldoen om as suksesvolle vertalings te geld. Om bloot ekwivalensie aan brontekste te ondersoek, sou die ontwikkeling van vertaalteorie die afgelope eeu negeer. Hierdie studie het onder andere aangetoon dat die teoretiese begronding van vertaalopdragte in die verlede nie eksplisiet genoeg uitgewerk was om konsekwente verdiskontering van kommunikasieleidrade soos *hinneh* tot gevolg te hê nie.

Ná my ondersoek van die vertaalopdragte, het ek die Afrikaanse vertalings van (*we*)*hinneh* in Genesis, Psalms en Jesaja vergelyk om daarmee my hipotese dat vorige vertalings dikwels inkonsekwent was in hul verrekening van hierdie ingewikkelde kommunikasieleidraad te ondersoek.

In my vergelykende studie het ek bevind dat die OV meestal konsekwent in sy vertaling van *hinneh* met “[k]yk” was. Indien geoordeel is dat “[k]yk” nie gepas sou wees nie, is ander opsies relatief konsekwent gebruik. Soos reeds genoem (in § 4.2.1), is die konkordansie-vereiste egter in elk geval nie gepas vir ’n partikel wat sulke uiteenlopende funksies in die doelteks moet vervul nie. Die NV het op inkonsekwente wyse die verskillende funksies van *hinneh* probeer verdiskonteer, maar dit dikwels geïgnoreer as gevolg van gebrekkige grammatikale verstaan van brontekste. Verder was die verdiskontering van al die leidrade in die brontekste nie deel van die *skopos* van die NV wat eerder ’n lesersvriendelike doelteks sonder “onnodige” probleme wou daarstel nie. Alhoewel die NLV meer konsekwent was in hul pogings om uitdrukking te gee aan *hinneh* was die interpretasies van funksies nie altyd ewe geslaagd nie. Dit was soms in die kol (byvoorbeeld Gen 29:25 “sien hy met skok dis Lea!”), soms na my mening minder gepas vertaal (Gen 42:28 “Haai! Kom kyk hier!”), soms verkeerd geïnterpreteer (Ps 37:36 Maar toe ek weer kyk,/ was dit weg!) en soms inkonsekwent in gevalle waar dieselfde funksie van *hinneh* aan die orde is (Gen 22:1 – “Hier is ek”; Gen 22:7 – “Ja, my seun?”; Gen 22:11 – “Ek luister” vir drie antwoorde op ’n roep).

Alhoewel voetnote nie spesifiek in die NLV gebruik is om die funksies van (*we*)*hinneh* te verduidelik nie, is voetnote volgens ’n resensent van dié vertaling (Van der Merwe 2007a) ontoereikend gebruik as Gutt se vereistes volgens die inferensiemodel van kommunikasie in ag geneem word. Na my mening moes die

NLV dus ook konsekwent voetnote gebruik om sy aanspraak op die gebruik van die “jongste Bybelvertalingstegnieke” te verdiskonteer. *(we)hinneh* skep ’n gulde geleentheid om die doelleser op dié manier te help. (Voorbeeld: vir ingewikkelde tekste soos Jes 8:22 — “Waar hulle ook al kyk, sal daar net ...” — kan doellesers deur middel van ’n voetnoot bewus gemaak word dat die bronteks slegs sê: en kyk, moeilikheid en donkerte, die wanhoop van benoudheid.)

My voorstelle vir meer konsekwente vertaalopsies vir toekomstige Afrikaanse Bybelvertalings sal nie die taak van die vertaler outomaties maak nie. Daarvoor is die antieke teks temporeel en kultureel te ver verwyderd van die huidige konteks. Die kategorisering van *(we)hinneh* volgens sy funksies in Bybelse Hebreeus maak dit egter makliker om ’n funksie te identifiseer en daarvolgens besluite te neem. Verder sal dit ook verhoed dat belangrike funksies soos die miratoriese geïgnoreer word en noodsaaklike kommunikasieleidrade daarmee verlore gaan.

Hoofstuk 5:

Samevatting en toekomsvisie

Met hierdie studie het ek probeer om 'n teoreties begronde oplossing te vind vir die probleem dat kommunikasieleidrade in brontale soms in die verlede in Bybelvertaling geïgnoreer of inkonsekwent vertaal is. Om hierdie hipotese te ondersoek het ek twee moontlike redes geformuleer: Eerstens, dat gebrekkige vertaalteoretiese begroning, en tweedens, dat onvoldoende beskrywing van Bybels-Hebreeuse grammatika soms tot inkonsekwente vertaalkeuses in Afrikaanse Bybelvertalings gelei het. Hierdie twee redes word in hoofstuk 2 en 3 onderskeidelik ondersoek.

In hoofstuk 2 het ek begin met my betoog deur te redeneer dat die gesag van Bybelvertalings in die verlede meestal afgehang het van die ekwivalensie-verhouding tussen die bron- en die doelt tekste. Die ontwikkeling van die konsep “funksionalisme” deur vertaalteoretici soos Vermeer, Nord en Gutt het egter mettertyd veroorsaak dat daar op aspekte soos die funksie van die doelt tekste, die vertaalopdrag en die lojaliteit van die vertaler gefokus is, eerder as op die moeilik definieerbare term “ekwivalensie”.

Nord het byvoorbeeld aangedui (en deur haar voorbeeld gedemonstreer) dat Bybelvertalers en brontaalgrammatici moet saamwerk in hul pogings om die funksionalistiese benadering tot Bybelvertaling in die praktyk uit te werk. Hierdie studie is ook 'n voorbeeld van dié soort samewerking.

Gutt het bevind dat direkte en indirekte vertalings van die Bybel vir verskillende doellesergroepe die funksionalistiese vereiste van lesergerigtheid en lojaliteit aan die brontekste bevredig. Volgens hom vereis 'n direkte vertaling, soos wat nou vir Afrikaans geproduseer word, die oordra van alle kommunikasieleidrade uit die brontale.

In hoofstuk 3 het ek vorige studies oor die partikel *hinneh* ondersoek, om tot die gevolgtrekking te kom dat Gutt se term “kommunikasieleidraad” in die behoefte aan 'n sambreelterm vir sodanige partikels voorsien. Vorige studies oor *hinneh* het

dikwels in definiëring en kategorisering vasgeval, en problematiese kenmerke van hierdie kategorie partikels het soms veroorsaak dat *hinneh* inkonsekwent in Afrikaans vertaal en selfs geïgnoreer is. Vorige pogings tot beskrywing en kategorisering van sodanige partikels deur Bybels-Hebreeuse grammatici het dus nie altyd in die verlede vertalers in die praktyk gehelp om gepaste vertaalkeuses te maak nie.

Van der Merwe en Naudé se klassifisering van *hinneh* in drie hoofkategorieë en hulle onderskeiding van polisemiese verhoudings tussen hulle het aan die einde van hoofstuk 3 onder die loep gekom. Hierdie kategorieë was in hoofstuk 4 die uitgangspunt van my empiriese, vergelykende studie van die hantering van *(we)hinneh* in 'n verteenwoordigende korpus van drie Afrikaanse Bybelvertalings.

Aan die begin van hoofstuk 4 het ek in 'n bespreking van die vertaalopdragte van vorige Afrikaanse Bybelvertalings probeer aantoon dat daar soms in die verlede geen teoretiese begronding vir die vertaalpraktyk eksplisiet uitgespel was nie. As rede kan aangevoer word dat die vertaalteorie nog nie genoegsaam ontwikkel was nie. Daarom was dit moontlik om partikels soos *hinneh* te ignoreer sonder om die vertaalopdrag geweld aan te doen. Verder was sommige vertalings ook op doellesers gerig wat behoefte gehad het aan 'n godsdienstige teks wat inspanning in die verstaan van die ingewikkelde teks tot 'n minimum beperk het. Op die oomblik is daar egter weer 'n behoefte aan 'n meer bronteksgerigte vertaling in Afrikaans vir tweedegerasiesesers wat die kulturele en temporele gaping tussen die bron- en doeltekste waardeer en self interpretasies oor die antieke, kultuurvreemde dokument wil maak.

My empiriese vergelyking het die vertaling van *(we)hinneh* in Genesis, Psalms en Jesaja ondersoek en tot die volgende gevolgtrekkings gekom (sien § 4.3): In die *Ou Vertaling* is “kyk” meestal as vertaalopsie uitgeoefen. Aangesien “kyk” egter na my mening nie meer konkordant in Afrikaans as deiktiese merker gebruik kan word nie, is die effek daarvan op hedendaagse lesers die gewaarwording dat die Bybel argaïese leksikale items bevat wat nie op vandag se lewe van toepassing is nie. Ek het verder bevind dat *hinneh* as kommunikasieleidraad dikwels in die *Nuwe Vertaling* geïgnoreer is. Alhoewel Nida se funksionele ekwivalensie (die teoretiese uitgangspunt van dié vertaling) vir hierdie verskynsel voorsiening maak, is sommige tweedegerasiesesers nie tevrede met 'n interpretasie en verinheemsing van die religieuse teks nie, maar

verkie om self interpretasies te maak met behulp van kommunikasieleidrade wat die vertaler voorsien. Soos aangetoon, vereis 'n direkte vertaling dat soveel kommunikasieleidrade moontlik oorgedra word uit die bronteks. Die *Nuwe Lewende Vertaling* kon ten spyte van sy aansprake op onlangse vertaalteoretiese insigte nie die konsekwente toepassing van grammatikale funksies bewerkstellig nie. My empiriese studie het my hipoteses deels bevestig, en my samewerking met 'n Bybels-Hebreeuse grammatikus het gelei tot voorstelle vir toekomstige direkte vertalings van die Bybel in Afrikaans.

Alhoewel geen vertaling op 'n preskriptiewe, programmatiese manier aangepak kan word nie – en veral nie antieke, religieuse tekste wat temporeel en kultureel ver van die doelkultuur verwyder is nie – glo ek dat hierdie studie inderdaad 'n bydrae maak tot toekomstige direkte vertalings van die Bybel in Afrikaans. My verwagting dat die vergelykende studie wenke sou verskaf oor vertaalopsies is bevredig. Alhoewel argaïese keuses (soos die m-koppelteken in die *Ou Vertaling*) vandag nie meer kan geld nie, kan aangetoon word modale woorde of diskoersmerkers inderdaad suksesvol aangewend kan word om sommige funksies van *wehinneh* te verdiskonteer.

Verdere pogings om die beskrywing van die Bybelse brontale te verfyn, asook vertaalteoretiese ontwikkeling wat fokus op die funksionele vertaling van antieke, religieuse tekste as andersoortig, behoort inderdaad te lei tot getroue, verstaanbare tekste wat hul doel in die doelkulture optimaal vervul.

Bronnelys

- Andersen, F. 2003. Lo and Behold! Taxonomy and translation of Biblical Hebrew [hinneh]. In Baasten, M. & Van Peursen, W. (reds.). *Hamlet on a hill: Semitic and Greek Studies presented to Professor T. Muraoko on the occasion of his sixty-fifth birthday*. Leuven: Peeters. 57-71.
- Barnwell, K. 1992. *Bible translation. An introductory course in translation principles*. Dallas: Summer Institute of Linguistics. 23.
- Bascom, R. 1991. Recognising the otherness of the text: avoiding accommodation in translation. *The Bible Translator*, 42(3): 314-325.
- Basson, C. 2002. 'n FunkSIONalistiese benadering tot Bybelvertaling. Ongepubliseerde MPhil-tesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Bazzanella, C. 2006. Discourse markers in Italian: towards a “compositional” meaning. In Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*. Amsterdam: Elsevier. 449-464.
- Berger, K. & Nord, C. [S.a.]. *Verstandene Fremdheit. Ein neuer Skopos für alle Texte*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.fachkommunikation.ha-magdeburg.de/dozenten/nord71.html> [2008, 10 September].
- Blakemore, D. 2002. *Relevance and linguistic meaning: the semantics and pragmatics of discourse markers*. Cambridge: University Press.
- Blass, R. 1990. *Relevance relations in discourse*. Cambridge: University Press.
- Brink, T. 2006. 'n Beknopte oorsig van die geskiedenis van Bybelvertaling: Die Targums. Septuagint en Vulgaat. Ongepubliseerde werkstuk vir MPhil in Vertaling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Brown, F., Driver, S. & Briggs, C. 1907/1951. *A Hebrew and English Lexicon of the Old Testament*. Oxford: Clarendon Press.
- Bühler, K. 1934. *Sprachtheorie: die Darstellungsfunktion der Sprache*. Jena: Gustav Fischer.
- Carson, D. 1993. New Bible translations: an assessment. In Kee, H. (red.). *The Bible in the 21st century*. New York: American Bible Society. 37-75.
- Cook, V. & Newson, M. 1996. Tweede uitgawe. *Chomsky's universal grammar. An introduction*. Cambridge, Mass.: Blackwell.

- Das neue Testament und frühchristliche Schriften*. Vertaling and voorwoord Berger, K. & Nord, C. 1999. Frankfurt am Main & Leipzig: Insel.
- De Blois, K. 1997. Functional equivalence in the nineties: Tendencies in the application of functional equivalence principles in different parts of the world. *Current Trends in Scripture Translation. Bulletin United Bible Societies*, 182/183: 21-29.
- De Blois, K. & Mewe, T. 2002. Functional equivalence and the new Dutch Translation Project. *Current Trends in Scripture Translation. Bulletin United Bible Societies*,. 198/199: 19-30.
- De Crom. 2008. *The Letter of Aristeas and the Authority of the Septuagint*. 141-160.
- De Vries, L. 2007. Introduction: Methodology of Bible translation. In Noss, P. (red.). *A History of Bible Translation*. Rome: Edizioni di Storia e Letteratura. 267-277.
- De Waard, J. & Nida, E. 1986. *From one language to another: functional equivalence in Bible translating*. Nashville: Thomas Nelson.
- Deist, F. 1993. Presuppositions and contextual Bible translation. *Journal of Northwest Semitic Languages*, XIX:13-23.
- Delisle, J. & Woodsworth, J. (reds.). 1995. *Translators through history*. Amsterdam: John Benjamins.
- Die Boodskap*. 1999. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Bybel*. 1933. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.
- Die Bybel in Afrikaans*. 1953. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel. Nuwe vertaling*. 1983. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Die Bybel. Nuwe Lewende Vertaling*. 2006. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Die Lewende Bybel*. 1982. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- Ellingworth, P. 2007. Translation Techniques in Modern Bible Translations. In Noss, P. (red.). *A History of Bible Translation*. Rome: Edizioni di Storia e Letteratura. 123-124, 308-334.
- Feitegids. 'n Kernensiklopedie*. 2007. Kaapstad: Pharos.
- Fensham, F. 1974. Afrikaans en die kerk. In De Kock, B. et al. (reds.). *Afrikaans: Ons pêrel van groot waarde*. Johannesburg: Perskor. 56-65.

- Fischer, K. 2006. Towards an understanding of the spectrum of approaches to discourse particles: Introduction. In Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*. Amsterdam: Elsevier. 1-20.
- Follingstad, C. 1995. *Hinnēh* and focus function with application to Tyap. *JOTT*, 7:1-24.
- Gentzler, E. 1993. *Contemporary translation theories*. Londen: Routledge.
- Good News Bible*. 1976. Glasgow: William Collins.
- Goodrick, E. & Kohlenberger, J. 1990. *The NIV exhaustive concordance*. Grand Rapids: Zondervan Bible Publishers.
- Groenewald, E. 1984. Die Afrikaanse Bybel (1933-1983) in perspektief beskou. *Nederduits Gereformeerde teologiese tydskrif*, 25(1): 8-17.
- Gutt, E-A. 1990. A theoretical account of translation – without a translation theory. *Target*, 2.(2): 135-164.
- Gutt, E-A. 1991. *Translation and relevance. Cognition and context*. Oxford: Blackwell.
- Gutt, E-A. 2000. *Translation and relevance. Cognition and context*. Tweede uitgawe. Manchester: St. Jerome.
- Halliday, M. 1978. *Language as a social semiotic: The social interpretation of language and meaning*. Londen: Edward Arnold.
- Hatim, B. & Mason, I. 1990. *Discourse and the translator*. Londen: Longman.
- Hermanson, E. 2002. A brief overview of Bible translation in South Africa. In Naudé, J. & Van der Merwe, C. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum*, 2: 6-18.
- Holz-Mänttari, J. 1984. *Translatorische Handeln: Theorie und Methode*. Helsinki: Finse Akademie vir Wetenskap.
- Hope, E. 1997. Redefining a functional theory of translation. *Current trends in Scripture translation. Bulletin United Bible Societies*, 182/183: 7-19.
- Jakobson, R. 1960. Closing statement: Linguistics and Poetics. In Sebeok, T. *Style in language*. Massachusetts, ens.: Technology Press. 350-377.
- Jordaan, G. 2002. Problems in the theoretical foundation of the functional-equivalent approach. In Naudé, J. & Van der Merwe, C. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum*, 2: 20-22.

- Joubert, S. 2002. No culture shock? Addressing the Achilles heel of modern Bible translations. In Naudé, J. & van der Merwe, C. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum*, 2: 30-41.
- Kittel, H. & Polderman, A. 1998. In Baker, M. (red.). *Routledge encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 418-428.
- Kogut, S. 1986. On the meaning and syntactic status of [*hinneh*] in Biblical Hebrew. In Japhet, S. (red.). *Studies in Bible*. Jerusalem: Magnes Press. 133-154.
- Larson, M. 1984. *Meaning-based translation: A guide to cross-language equivalence*. Lanham, Maryland: University Press of America.
- Long, L. 2005. Introduction. In Long, L. (red.). *Translation and religion. Holy untranslatable?* Clevedon, VK.: Multilingual Matters.
- Mojola, A. & Wendland, E. 2003. Scripture translation in the era of Translation Studies. In Wilt T. (red.). *Bible Translation. Frames of reference*. Manchester, VK, en Northampton, Mass.: St. Jerome. 1-26.
- Muntingh, L. 1998. 'n Ondersoek na die plek en inhoud van ekwivalensie binne die moderne vertaalwetenskap met besondere verwysing na die Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling. *Old Testament Essays* (New Series), 11(3): 499-521.
- Naudé, J. 2002. An overview of recent developments in Translation Studies with special reference to the implications for Bible translation. Naudé, J. & Van der Merwe, C. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum*, 2: 44-69.
- Naudé, J. & Van der Merwe, C.H.J. 2002. Introduction: Contemporary Translation Studies and Bible translation. In Naudé, J. & Van der Merwe, C. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum*, 2: 1-5.
- Neufeld, D. 2008. Introduction. In Neufeld, D. (red.). *The social sciences and biblical translation* (Symposium Series 41). Atlanta: Society of Biblical Literature. 1-9.
- Newmark, P. 1988. *A textbook of translation*. Londen en New York: Prentice Hall.
- Nichols, A. 1986. Dynamic equivalence Bible translations. *Colloquium*, 19(1): 43.
- Nida, E. 1992. Theories of translation. In Freedman, D. (red.). *Anchor Bible dictionary*. Vol 6. Londen: Doubleday. 512-515.

- Nida, E. 1998. Bible translation. In Baker, M. (red.). *Routledge encyclopedia of Translation Studies*. Londen: Routledge. 22-28.
- Nida, E. & Taber, C. 1969. *The theory and practice of translation*. Leiden: United Bible Societies.
- Nienaber, P. & Heyl, J. [s.a.]. *Die Afrikaanse Bybelvertaling*. Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery.
- Nord, C. 1997a. *Translating as a purposeful activity. Functionalist approaches explained*. Manchester, VK en Northampton, Mass.: St. Jerome.
- Nord, C. 1997b. A functional typology of translation. In Trosborg, A. (red.). *Text typology and translation*. Amsterdam en Philadelphia: John Benjamin. 43-66.
- Noss, P. 2007. Introduction. In Noss, P. (red.). *A history of Bible translation*. Rome: Edizioni di Storia e Letteratura. 1-14.
- Orlinsky, H. & Blatcher, R. 1991. *A history of Bible translation and the North American contribution*. Atlanta: Scholars.
- Pattemore, S. 2007. Framing Nida: The relevance of Translation Theory in the United Bible Societies. In Noss, P. (red.). *A history of Bible translation*. Rome: Edizioni di Storia e Letteratura. 217-263.
- Ponelis, F. 2002. The language ecology of a new Afrikaans Bible. In Naudé, J. & Van der Merwe, C. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum, 2*: 280-290.
- Pons Borderia, S. 2006. A functional approach to the study of discourse markers. In Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*. 2006. Oxford en Amsterdam: Elsevier.
- Porter, S. 2005. The Contemporary English Version and the ideology of translation. In Porter, S. & Hess, R. (reds.). *Translating the Bible: problems and prospects*. Sheffield: Sheffield Academic Press.
- Proefvertaling Afrikaanse Bybelvertalingsprojek*. 2008. Tygervallei: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- Pym, A. 2007. On the historical epistemologies of Bible translating. In Noss, P. (red.). *A history of Bible translation*. Rome: Edizioni di Storia e Letteratura. 195-215.
- Redeker, G. 2006. Discourse markers as attentional cues at discourse transitions. In Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*. Amsterdam: Elsevier. 339-358.

- Reiss, K. & Vermeer, H. 1984. *Grundlegung einer allgemeinen Translationstheorie*. Tübingen: Niemeyer.
- Robinson, D. 2000. Sacred Texts. In France, P. (red.). *The Oxford Guide to Literature in English Translation*. Oxford: University Press. 103-107.
- Schäffner, C. 2001. *Annotated texts for translation: English-German. Functionalist approaches illustrated*. Clevedon: Multilingual Matters.
- Schiffrin, D. 1987. *Discourse markers* [Studies in Interactional Sociolinguistics 5]. Cambridge: University Press.
- Sim, R. 2008. The Hebrew particle *gam* as procedural marker. Ongepubliseerde referaat gelewer by die SBL internasionale vergadering. 6-11 Julie. Auckland.
- Slager, D. 1989. The use of *Behold* in the Old Testament. *Occasional papers in translation and textlinguistics*, 3: 50-79.
- Smalley, W. 1991. *Translation as mission. Bible translation in the modern missionary movement*. Georgia: Mercer University Press.
- Smith, K. 2000. Bible translation and relevance theory: the translation of Titus. Ongepubliseerde doktorske proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch. 9-99.
- Smith, K. 2002. Translation as secondary communication: The relevance theory perspective of Ernst-August Gutt. In Naudé, J. & Van der Merwe, C.H.J. (reds.). *Contemporary Translation Studies and Bible translation: a South African perspective. Acta Theologica Supplementum*, 2: 107-117.
- Sperber, D. & Wilson, D. 1995. Tweede uitgawe. *Relevance: communication and cognition*. Oxford: Blackwell.
- Statham, N. 1997. E. Gertzler's critique of Nida: a response. *Current trends in Scripture translation. Bulletin United Bible Societies*, 182/183: 31-38.
- Stine, P. 2004. *Let the words be written. The lasting influence of Eugene A. Nida*. Leiden: American Bible Society.
- Taylor, J. 2004. *Linguistic categorization: Prototypes in linguistic theory*. Derde uitgawe. Oxford: University Press/Clarendon.
- Tymoczko, M. 2007. *Enlarging translation, empowering translators*. Manchester: St. Jerome.
- United Bible Societies* [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.biblesociety.org>. [2008, 11 September].

- Van der Merwe, C.H.J. 1999. 'n Konkordante vertaling van die Bybel in Afrikaans. Is dit hoegenaamd verantwoordbaar, en hoe sal dit lyk? *Nederduits Gereformeerde Teologiese Tydskrif*, 40(3&4), September & Desember: 293-306.
- Van der Merwe, C.H.J. 2001. Is dit tyd vir 'n nuwe vertaling van die Bybel in Afrikaans? Ongepubliseerde referaat gelewer ten tyde van Fensham-gedenklesing. 9 Oktober. Universiteit Stellenbosch.
- Van der Merwe, C.H.J. 2007a. *Die Burger*, 22 Januarie.
- Van der Merwe, C.H.J. 2007b. A cognitive linguistic perspective on [*hinneh*] in the Pentateuch, Joshua, Judges, and Ruth. *A journal devoted to Hebrew language and literature*, XLVIII: 101-140.
- Van der Merwe, C.H.J. 2008. *Hinne* ("Behold") in a new Bible in Afrikaans. Ongepubliseerde referaat gelewer by die vergadering van die Nida Institute for Bible Scholarship. Misano, Italië.
- Van der Merwe, C.H.J. & Naudé, J. (Werksdokument). *A Biblical Hebrew reference grammar*. Bygewerkte en uitgebreide weergawe.
- Van der Merwe, C.H.J. & Naudé, J. (reds.). *Lexham Hebrew-English interlinear Bible*. Logos research system. Hersiene uitgawe, nog nie uitgebring. [CD-ROM].
- Van Zyl, A. & Swanepoel, F. 1972. *Waarom 'n nuwe Bybelvertaling?* Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- Venuti, L. 1995. *The translator's invisibility: a history of translation*. Londen en New York: Routledge.
- Vermeer, H. 2000. Skopos and commission in translational action. In Venuti, L. (red.). *The translation studies reader*. Londen en New York: Routledge. 221-232.
- Vivien, L. 2006. A relevance-theoretic approach to discourse particles in Singapore English. In Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*. Amsterdam: Elsevier. 149-166.
- Weiss, P. 1990. *Feite en foute. Oor Bybeltekste en Bybelvertalings*. Kaapstad: Lux Verbi.
- Wendland, E. 1996. On the relevance of "Relevance Theory" for Bible translation. *The Bible Translator*, 47(1): 126-137.

- Wilt, T. 2003. Translation and Communication. In Wilt, T. (red.). *Bible Translation. Frames of reference*. Manchester, VK en Northampton, Mass.: St. Jerome.
- Yang, L. 2006. Integrating prosodic and contextual cues in the interpretation of discourse markers. In Fischer, K. (red.). *Approaches to discourse particles*. Amsterdam: Elsevier. 265-297.